'n Evaluering van onderwysvoorsienings en onderwysfasiliteite in die Karoo-distrikte Aberdeen, Graaff-Reinet, Jansenville-Klipplaat en Murraysburg vir die hoofbevolkingsgroepe BLANK, KLEURLING en BANTOE

deur

J.N. DREYER

Ter voltooiing van die graad MAGISTER EDUCATIONIS.

Rhodes-Universiteit,
Desember 1973.

INHOUDSOPGAWE.


BLADSY

HOOFSTUK 1:

1.1: Inleiding .................................. 1 - 2
1.2: Die agtergrond van die ondersoek ......... 2 - 3
1.3: Die doel van die ondersoek ............... 3
1.4: ŉ Tabel van skole met tersaaklike statistiek, vir Blanke, Kleurling- en Bantoeskole ................................ 3 - 6
1.5: Opmerkings ................................ 7 - 9

HOOFSTUK 2: Geskiedkundige agtergrond van die skoolwese in die gebied ..................
2.1: Blanke skole .............................. 10 - 21
2.2: Kleurlingskole ............................ 22 - 26
2.3: Bantoeskole ............................... 27 - 29
2.4: Samevattende opmerkings ................... 30 - 36

HOOFSTUK 3: Statistiese besonderhede oor Blanke skole van die streek ....................
3.1: Grafiese beeld van leerlingtalle vir ± 20 jaar ................................ 37 -
3.2: Opmerkings oor en beknopte analises van die grafiese voorstellings ............. 37 - 42
3.3: Dreineringsbeeld vir hoër- en laerskole in die gebied ........................... 43 - 47
3.4: Opmerkings ................................ 48 - 49
3.5: Beroepskeusebeeld vir sts. 8- en 10-leerlinge in die onderhawige skole gedurende vermelde jare ............... 50 - 58
3.6: Opmerkings ................................ 59 - 63
3.7: Beroepsbeoefening: plaaslik of elders, vir sts. 8- en 10-skoolverlaters gedurende die vermelde jare .................. 64 - 65
3.8: Opmerkings ................................ 66 - 67
3.9: Onderwyser-leerlingverhouding vir die onderhawige skole soos in 1971 ......... 68 -
3.10: Opmerkings ............................... 68 - 69

HOOFSTUK 4: Statistiese besonderhede oor Kleurlingskole van die streek ................

4.1: Grafiese beeld van leerlingtalle vir ± 20 jaar ................................ 70 - 73


2/.....

| | | BLADSY |
|---|---|---|
| 4.2: | Opmerkings oor en beknopte analises van die grafiese voorstellings ............ | 74 - 75 |
| 4.3: | Dreineringsbeeld vir hoër- en laerskole in die gebied ........................... | 76 - 78 |
| 4.4: | Opmerkings ................................ | 79 - |
| 4.5: | Beroepskeusebeeld vir sts. 6-, 8- en 10-leerlinge in die onderhawige skole gedurende vermelde jare ................ | 80 - 81 |
| 4.6: | Opmerkings ................................ | 81 - 85 |
| 4.7: | Beroepsbeoefening: plaaslik of elders, vir sts. 8- en 10-skoolverlaters gedurende die vermelde jare ............ | 86 - |
| 4.8: | Opmerkings ................................ | 87 - 88 |
| 4.9: | Onderwyser-leerlingverhouding vir die onderhawige skole soos in 1971 ......... | 88 - |
| 4.10: | Opmerkings ................................ | 89 - |
| HOOFSTUK 5: | Statistiese besonderhede oor Bantoeskole van die streek ............... | |
| 5.1: | Grafiese beeld van leerlingtalle vir ± 20 jaar ................................ | 90 - 92 |
| 5.2: | Opmerkings oor en beknopte analises van die grafiese voorstellings ............ | 92 - |
| 5.3: | Dreineringsbeeld vir hoër- en laerskole in die gebied ......................... | 93 - 95 |
| 5.4: | Opmerkings ................................ | 95 - |
| 5.5: | Beroepskeusebeeld vir sts. 6- en 8-leerlinge in die onderhawige skole gedurende die jare 1955 tot 1970 .............. | 95 - 96 |
| 5.6: | Opmerkings ................................ | 96 - 97 |
| 5.7: | Onderwyser-leerlingverhouding vir die onderhawige skole soos in 1971 ........ | 97 - |
| 5.8: | Opmerkings ................................ | 98 - |
| HOOFSTUK 6: | | |
| | Slotopmerkings ................................ | 99 - 115 |
| GRAFIEKE: | Leerlinginskrywings: Blankeskole: | 1 - 16 |
| | Kleurlingskole: | 1 - 12 |
| | Bantoeskole: | 1 - 9 |
| AANHANGSELS: | Vraelyste ...................... Nr. 1 | 1 - 14 |
| | Nr. 2 | 1 - 7 |
| BRONNELYS | ................................ | 1 - 2 |

HOOFSTUK 1.

## 1.1: Inleiding:

Die ondersoek handel oor onderwysaangeleenthede in die vier Karoo-distrikte Aberdeen, Graaff-Reinet, (wat Adendorp insluit), Jansenville-Klipplaat en Murraysburg.

Die ondersoek wil ten aanvang wys op ŉ verskynsel waaroor Morton hom soos volg uitlaat: "There is an inevitable time-lag between the evolution of an educational system and the society and the culture that it serves, and from which it stems". (MORTON, 1971, p. 1). M.A.W. onderwysvoorsienings is deurentyd besig om ŉ agterstand wat dit met betrekking tot die kulturele en ekonomiese posisie in ŉ gebied of landstreek het, in te haal - ŉ inhaalproses wat nooit ten volle gerealiseer kan word nie, aangesien gesonde kulturele en ekonomiese bedrywighede altyd maar behoeftes en leemtes na die oppervlakte stoot en gevolglik groei- en uitbreidingsrigtings aandui waarop ŉ gesonde en doeltreffende onderwysstelsel en -uitkyk gevoelig behoort te reageer. En vanselfsprekend - waar die ekonomiese posisie swak is of selfs geheel en al besig is om te kwyn, soos in ten minste drie van die vier onderhawige distrikte en dorpe, en die ekonomiese lewe derhalwe betreklik kwaai deurloop onder stagnasie, daar kan daar nie noemenswaardige ontwikkeling bestaan en ontstaan met betrekking tot selfs nie eers die bestaande onderwysvoorsienings nie. En sal daar uiteraard ook nie die inisiatief en ondernemingsgees van die gemeenskapsleiers uitgaan nie om toe te sien dat, veral in die beroeps-(tegniese) rigtings voorsien word. In die hele Kaapse Middelland en Karoostreek (wat die vier distrikte insluit), ontbreek dié tipe onderwys so te sê ten volle. Later word hierop breedvoeriger gewys.

Die gebrek aan beroepstegniese onderwys is natuurlik nie net ŉ streeksverskynsel nie, maar ŉ nasionale leemte, en afgesien daarvan, gaan hierdie streek so mank aan basiese tekortkomings wat, al sou dit nasionale beleid wees om soveel moontlik tegniesberoepskole oor die hele lank in te rig - ook dan in hierdie streek - so ŉ doelstelling ernstig in die wiele sou ry, en sulke skole, indien hulle sou bestaan het, sou waarskynlik aan dieselfde mate van kwyning of agteruitgang blootgestel gewees het, as waaraan die bestaande akademiese skole tans onderhewig is. Dié fundamentele tekortkomings vat Blumenfeld só saam: "That this area, long of great interest to historians, attracted relatively little attention from other social scientists cannot be ascribed to deliberate intent. But, as will be

shown time and again in this report, apart from its historical role, the Cape Midlands area lacks a clear ecological identity. Economically, agriculturally, socially, demographically and geographically, it is an area of transition. Its economic and cultural orientations are characterised by a dualism which at times leads to a conflict of interests. Politically and administratively, it has no independent identity. In short, in the context of contemporary South Africa, its situation could be said to represent the ecological counterpart of 'marginality' with all the concomitant disadvantages of that unhappy sociological state". (BLUMENFELD, 1973, Inleiding).

Teen so 'n agtergrond waaruit sulke basiese vraagstukke in die lig kom, kan daar weinig verwag word, in terme van die teoretisering oor en die praktiese toepassing van belangrike gedagtes wat Saunders só formuleer: "The changing economic situation and the technological revolution in farming are bound to exercise far-reaching influences on our future educational approach and policy, and significant adjustments will have to be made". (SAUNDERS, 1930, p. 7).

Gedagtig selfs aan Blumenfeld se probleemsiening, moet ons tog toegee dat daar in die Kaapse Middelland en die onderhawige Karoo-distrikte sekerlik al in 'n mate merkbare veranderinge was onder invloed van die sg.: "technological revolution in farming", dog daar het tot op datum weinig tereg gekom van dié betekenisvolle aanpassings met betrekking tot die onderwys, om van die groot persentasie adolessente wat nie in 'n akademiese matriek geïnteresseerd is nie, in ANDER skole en opleidingsinrigtings op te neem waar hulle op grond van hulle NATUURLIKE aanleg en talente, volkome tereg sal kom: differensiasie in sy wydste wese.

1.2: Agtergrond van die Ondersoek:

Met die stigting van die Karoo-Ontwikkelingsvereniging in 1966 is die Rhodes-Universiteit, om presies te wees, die Instituut vir Sosiale en Ekonomiese Navorsing van dié universiteit, versoek om o.a. ondersoekingswerk te onderneem met betrekking tot die stand van sake in onderwysvoorsienings vir die huidige sowel as met die oog op moontlike toekomstige uitbreidings in die onderhawige vier Karoo-distrikte, vir alle afdelings van die bevolking.

Uiteraard is die hieropvolgende uitslag van sodanige aktiwiteite sterk statisties-gekleurd, dog sieninge wat uitgespreek word, tensy anders vermeld, is die skrywer s'n en derhalwe ook volkome sý verantwoordelikheid.

1.3: Die doel van die ondersoek:

Die hoofdoel daarvan is enersyds om evaluerend te kyk na bestaande onderwysvoorsiening vir die drie hoofbevolkingsgroepe, nl. Blank, Kleurling en Bantoe. Andersyds om in terme van die bestaande geriewe, te kyk in watter mate daar vir noodsaaklike toekomstige ontwikkeling voorsien kan word. Uit sulke ontwikkelings sal miskien noodwendig teenvoeters ontstaan vir die dreinering van die plattelandse gebiede: doelbewuste rehabilitasiepogings vir plattelandse gebiede is 'n noodsaaklikheid as daar gekeer wil word dat die relatiewe dun bevolking nog DUNNER word.

1.4: Tabellariese voorstellings:

Soos reeds aangedui, handel die ondersoek oor bestaande skoolgeriewe, of die afwesigheid daarvan - ten dele of algeheel - in die vier Karoo-distrikte Graaff-Reinet, Murraysburg, Jansenville-Klipplaat en Aberdeen. In die vermelde distrikte is die onderstaande skole, hier tabellaries aangebied, in die ondersoek betrek en die statistiek is vir die jare 1971/'72.

Tabel 1: 4/..........

Tabel 1: Blanke skole:

| SKOOL | DISTRIK | Een Hoof net Laerskool | Een Hoof Hoër en Laer apart | Twee Hoofde Hoër en Laer apart | Getal Onderwysers | | Getal leerlinge | | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | H | L | H | L | |
| Hoërskool Aberdeen | Aberdeen | - | - | x | 9 | 11 | 104 | 218 | 322 |
| Hoërskool Jansenville | Jansen-ville | - | x | - | 7 | 6 | 84 | 138 | 222 |
| Middelbare Skool Klipplaat | Jansen-ville | - | x | - | 3 | 7 | 27 | 128 | 155 |
| Hoërskool Murraysburg | Murraysburg | - | x | - | 11 | 3 | 77 | 133 | 210 |
| Hoërskool Unie | Graaff-Reinet | - | - | x | 16 | 5 | 330 | 336 | 666 |
| Hoër Volkskool | Graaff-Reinet | - | - | x | 19 | 17 | 315 | 397 | 712 |
| Laerskool W.E. Pienaar | Graaff-Reinet | x | - | - | | 3 | | 44 | 44 |
| Waterford | Jansenville | x | - | - | | 2 | | 21 | 21 |
| Adendorp | Graaff-Reinet | x | - | - | | 2 | | 33 | 33 |
| Groottotaal: | | 3 | 3 | 3 | 65 | 66 | 937 | 1448 | 2385 |

Tabel 2: Kleurlingskole:

| SKOOL | DISTRIK | Een Hoof net Laerskool | Een Hoof net Hoërskool | Getal onder-wysers | | Getal leerlinge | | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | H | L | H | L | |
| Adendorp | Graaff-Reinet | x | - | | 6 | | 191 | 191 |
| Aberdeenweg | Aberdeen | x | - | | 3 | | 95 | 95 |
| De Rust | Aberdeen | x | - | | 2 | | 38 | 38 |
| Kamdebo | Aberdeen | x | - | | 31 | | 1050 | 1050 |
| Kroonvale | Graaff-Reinet | x | - | | 27 | | 942 | 942 |
| Lingcom | Graaff-Reinet | x | - | | 40 | | 1323 | 1323 |
| NGK. Skool | Jansenville | x | - | | 13 | | 428 | 428 |
| NGK. Skool | Murraysburg | x | - | | 14 | | 474 | 474 |
| NGK. Skool (Waterford) | Jansenville | x | - | | 2 | | 68 | 68 |
| Piet Retief Gedenk | Jansenville | x | - | | 12 | | 397 | 397 |
| Ryneveld | Graaff-Reinet | x | - | | 27 | | 936 | 936 |
| "UCC"-Skool | Murraysburg | x | - | | 10 | | 372 | 372 |
| Spandau | Graaff-Reinet | - | x | 29 | | 743 | | 743 |
| GROOTTOTAAL: | | 12 | 1 | 29 | 187 | 743 | 6314 | 7057 |

Tabel 3: Bantoeskole:

| SKOOL | DISTRIK | Een Hoof met Laerskool | Een Hoof met Hoërskool | Getal onderwysers | | Getal leerlinge | | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | H | L | H | L | |
| Adendorp Gemeenskapskool | Graaff-Reinet | x | - | | 2 | | 130 | 130 |
| Hobson Khanyisa Gemeenskapskool | Jansenville | x | - | | 8 | | 427 | 427 |
| Intsika Laer-Primêre Skool | Graaff-Reinet | x | - | | 6 | | 369 | 369 |
| Isibane Laer-Primêre Skool | Graaff-Reinet | x | - | | 6 | | 474 | 474 |
| Jansenville Gemeenskapskool | Jansenville | x | - | | 9 | | 538 | 538 |
| Luxolo Gemeenskapskool | Aberdeen | x | - | | 8 | | 402 | 402 |
| Murraysburg Gemeenskapskool | Murraysburg | x | - | | 3 | | 162 | 162 |
| Sekondêre Skool | Graaff-Reinet | - | x | 4 | | 178 | | 178 |
| Thembalesizwe Hoër-Primêre Skool | Graaff-Reinet | x | - | | 11 | | 454 | 454 |
| GROOT-TOTAAL: | | 8 | 1 | 4 | 53 | 178 | 2956 | 3134 |

1.5: Algemene Opmerkings:

'n Betekenisvolle verskynsel, dog nie onverwags nie, is dat die blanke leerlingtalle vir die 10 jaar vanaf 1962 tot 1971 met 253 of 'n persentasie van 9,9% afgeneem het. Hierby is al die hoër- en laerskole, nl. SES hoër en NEGE laer, in berekening gebring. Hierteenoor lyk dieselfde posisie só vir die Kleurling- en Bantoeskole onderskeidelik: 3097 toename in Kleurlingleerlinge of +78,2% vir die EEN hoër- en TWAALF laerskole, en 'n 649 toename in Bantoeleerlinggetalle of +26,2% vir EEN Sekondêre en AGT laerskole.

Teen so 'n groeiagtergrond gesien, wat die Kleurlinge betref, skyn dit 'n redelike afleiding te wees om te beweer dat EEN hoërskool vir die gebied nie voldoende sal wees nie, veral nie wanneer in die afsienbare toekoms die uitwerking van die verpligte skoolbywoningsregulasies begin deurwerk. Daar is op die oomblik (sien tabel 2) VIER laerskole, nl. Kamdebo in Aberdeen, Kroonvale, Lingcom en Ryneveld, aldrie in Graaff-Reinet, wat 'n gemiddelde inskrywingsgetal van 1043 leerlinge vir 1971/'72 gehad het. Afsonderlik geneem, lyk die getalle só: Kamdebo: 973; Kroonvale: 942; Lingcom: 1323 en Ryneveld: 936.

As die neiging van die vorige VYF jaar vanaf 1968 hom herhaal, en dit is heel waarskynlik die geval, dan beteken dit dat die inskrywingsgetalle vir 1973 heelwat hoër is as die van 1972.

Die fisiese voorsiening of groei kan bepaald nie tred hou met so 'n groeitempo (getallegewys) nie, en die onvermydelike "time-lag" waarvan Morton melding maak, manifesteer hom dan in hierdie omstandighede duidelik.

Aangesien verpligte skoolbywoning vir Bantoes nog nie van krag is nie, skep die groeiverskynsel in hulle geval, nie so 'n onmiddellike, of altans redelik onmiddellike vraagstuk vir die onderwysowerhede van dié betrokke bevolkingseksie nie. Die ondersoek is nie van mening dat daar onmiddellike noodsaak vir bv. nog 'n Sekondêre skool bestaan nie dog in die toekoms miskien wel: die meeste Bantoeleerlinge wat st. 5 slaag, is óf nie lus om verder te leer nie - en hulle voer dit min of meer 100% effektief uit onder die huidige nie-verpligte bywoningstelsel, en word daarin versterk deur die maklike verkryging van werk as pompjoggie, tuinarbeider, plaasarbeider, bouhandlanger, ens. - 'n inkomste wat in die meeste gevalle broodnodig blyk te wees -

òf word verplig om die karige sosio-ekonomiese opset van hul ouers te verlig.

Maar dit is seker binne alle redelikheid om te verwag en dit tewens aan te beveel dat daar 'n aksieprogram behoort te begin wat die opknapping en aanvulling - ook verbetering - van bestaande geriewe ten doel sal hê. Anders, hoe sal 'n mens regverdiging kan vind vir en rekenskap kan gee van 'n situasie wat daarop neerkom dat daar ALTYD 'n redelike konsentrasie Bantoes in die gebied sal wees, wat, ofskoon hulle nie burgerreg dáár sal hê nie, tog daar moet woon, werk en dus ook hulle kinders daar sal moet laat oplei. Tot tyd en wyl die Bantoe se ekonomiese posisie dermate verbeter het dat hy na diè so belangrike faset van sy bestaan selfstandig kan omsien, behoort 'n stelsel van subsidie vir verdienstelike gevalle nie uit die oog verloor te word nie. Daar kan egter alleenlik in terme van meriete gedink en geredeneer word as die owerheid toesien dat die skoolgeriewe vir Bantoes op die platteland kompeteerbaar/vergelykbaar is met die van die Kleurlinge en Blankes in die streek. Dit sou die posisie moes gewees het as ALLES in ag genome, gelyk en eenders was, maar die ondersoek is van mening dat hier met te drastiese ONGELYKHEDE - in terme van mensemateriaal en agtergrond - rekening gehou moet word, sodat die Bantoe se posisie in die betrokke opsig, nie vergelyk kan word met die Blanke s'n nie, selfs nie eers met die van die Kleurling nie.

Hierteenoor wys die voorafgaande statistiek van Blanke onderwys in die gebied, op 'n skrille kontras: indien die huidige tempo in leerlingafnames voortduur, en selfs toeneem - daar is genoeg faktore wat daarop dui - dan sal dit beteken dat sommige hoër skole in status verlaag sal moet word om hulle aan te pas by omstandighede; daar is alreeds op die oomblik twee hoërskole in die gebied, t.w. Jansenville en Murraysburg wat 'n leerlinginskrywing vir die hoërskoolafdeling van heelwat MINDER as 'n 100 het. 'n Derde hoërskool, die van Aberdeen, balanseer op die rand van 100 leerlinge in die hoërskoolafdeling, nl. 103 in 1972.

'n Verdere wesenlike implikasie wanneer daar oor Blanke leerlingtalle gepraat word, is die leegloop van koshuise: die plattelandse blanke skoolbevolking is oorwegend kosgangers, sommige koshuise redelik nuut en modern, en moes 'n lywige "belegging" aan kapitaal beloop het. Oor moontlike konstruktiewe maatreëls wat as teenvoeters vir hierdie neigings behoort te dien,

9/........

wil die verslag hom nie onder hierdie hoof uitlaat nie, maar wel in die slothoofstuk.

HOOFSTUK 2:

Geskiedkundige agtergrond van die skoolwese in die gebied.

2.1: Blanke Skole:

2.11: Aberdeen-distrik: Hoewel die eerste skoolraadsvergadering op Aberdeen eers in 1906 plaasgevind het, was daar alreeds so vroeg soos Januarie 1856, kort na die stigting van die dorp, sprake daarvan om 'n skoolmeester aan te stel. Dié pos is in die vermelde jaar aan ene mnr. Swarts teen 'n jaarlikse vergoeding van £50 aangebied.

Die weg was nou gebaan vir die stigting van die eerste openbare skole waarvoor 'n kommissie aangestel is om die uitvoerbaarheid daarvan te ondersoek.

Op 14 Maart 1864 het 'n kerkraadsvergadering van die N.G. Kerk o.a. te doen gehad met 'n versoek dat 'n gedeelte van die ou kerkgebou afgestaan moes word vir die gebruik van 'n publieke skool. Die kerkraad het dié versoek goedgekeur en die uitslag was inderdaad gunstig aangesien byna die hele kerkgebou vir skoolhou afgestaan is.

Van die voorwaardes verbonde aan die vergunning was dat die "kontrak" drie jaar moes duur en dat 'n komitee aangestel sou word wat toesig oor die gedrag van die leerlinge moes hou. Daar word gemeen dat die eerste onderwyser in hierdie nuutgestigte openbare skool ene mnr. Schalk van der Merwe was.

Volgens notule was daar in Augustus 1906, 31 leerlinge wat skoolgaande ouderdom was,maar nie skoolgegaan het nie. In 1922 is hoërskoolstatus aan die skool gegee en mnr. P.J. Hugo is aangestel as die eerste hoof van die Hoërskool Aberdeen.

Intussen is 'n nuwe hoërskoolgebou opgerig en dié is in 1926 voltooi. In 1934 het die Kaapse Onderwysdepartement, op aandrang van plaaslike owerhede, besluit om die Hoërskool in 'n hoër- en laerskool te verdeel, en so het die Laerskool Aberdeen in Januarie 1934 tot stand gekom; in die daaropvolgende jaar het dit verhuis na die gebou wat dit tans nog gebruik.

Al sedert die jaar 1934 openbaar die skool fluktuerende neigings met betrekking tot sy leerlingtal. Op een stadium was die leerlingtal tog wel 530 wat 'n rekordgetal verteenwoordig! Dit kontrasteer skerp met die huidige leerlingtal van 322 wat 'n verlies van 39,2% beteken. 'n Interessante voorbeeld word aangehaal in die Eeufeesuitgawe van Aberdeen: in 1923/'24 was daar 81 seuns en 79 meisies gehuisves in die Goeie Hoop-losieshuise.

11/......

Ongeveer 23 jaar later in 1946 was daar slegs 24 seuns en net 16 meisies in losieshuise, wat nie beteken dat die leerlinge losieshuisinwoning prysgegee het vir private inwoning elders in die dorp nie, maar HOOFSAAKLIK dui op leerlingafnames as gevolg van verhuisings na stede, soos die Port Elizabeth-, Uitenhage-, Despatch-komplekse.

2.12: Graaff-Reinet-distrik: In 1901 het die hoeksteenlegging van die destydse Jongenshoërskool plaasgevind. Hierdie skool het in die onderwysbehoeftes van sowel die Engelse as die Afrikaanse seksies van die inwoners voorsien, en was van Sub A tot st. 10.

Voor die bestaan van die skool het daar legio privaatskole in die dorp en distrik bestaan, bv. dié van ene Godbold, Brink en ander.

Die toonaangewende meisieskool in hierdie tyd was die onder die hoofskap van mej. H. Murray en het onderrig gegee vanaf Sub A tot st. 10. Hierdie skool was op die terrein waar die huidige Laer Volkskool is en het voor 1901 al bestaan.

Vermelde twee skole het voortbestaan tot Junie 1922. Intussen het die Graaff-Reinetse Opleidingskollege vir onderwysers ook in 1917 tot stand gekom met as eerste hoof die oorbekende Dr. S.F.N. Gie. Die sg. "pupil teachers" is voor die bestaan van die Kollege deur Mej. Murray opgelei, waarskynlik lank vóór 1901 al.

Die besluit om die Hoërskool Unie tot stand te bring is in 1919 op 'n openbare vergadering van ouers en goedgesindes geneem. Daar was toe al lank reeds 'n begeerte by die Engelssprekende mense om 'n Engelsmediumskool te stig, maar die provinsiale owerheid was van mening dat die bestaande fasiliteite in Graaff-Reinet, nl. dié by die Jongenshoërskool en private skole, nie die bestaan van nog 'n skool regverdig nie. Gevolglik het die gekose komitee op die saak ingegaan om dit as 'n private onderneming te probeer verwesenlik. 'n Oproep tot ondersteuning het op die stigting van 'n waarborgfonds uitgeloop: veertig lede van die Engelse gemeenskap het £1000 jaarliks vir 5 jaar gewaarborg.

'n Privaatskool in St. James-saal het in Februarie 1920 tot stand gekom met 'n aanvangsleerlingtal van 68. Dié onderneming het klaarblyklik so goed en flink gedreef dat die St. James-saal spoedig hoogs ontoereikend was, en Dr. W.J. Viljoen

besoek Graaff-Reinet namens die Onderwysdepartement om eerstehandse kennis in te win oor die aangeleentheid. Na Dr. Viljoen se besoek is aanbeveel dat 'n skool met Engels as voertaal tot stand moet kom onder die Onderwysdepartement. 'n Direkte gevolg hiervan was dat die leerlinge na die ou Graaff-Reinetse Opleidingskollege-gebou verskuif is waar onderrig vir 'n jaar gegee is. Die eerste hoofonderwyser was ene mnr. Puttick en die verskuiwingstap het gevolg op o.a. die offisiële skeiding van die Engelse en Afrikaanse seksies van die Jongenshoërskool.

Die Jongenshoërskool en die meisieskool, wat as eerste hoof Mej. Murray gehad het, het ook in hierdie tyd saamgesmelt, maar die skool het steeds twee hoofde gehad: Dr. G.W. Eybers, hoof van eersgenoemde en Mej. Mac Millian, hoof van die meisie-afdeling.

Teen 1924 was die onderwysleiers van die Engelse gemeenskap in Graaff-Reinet van mening dat dit hoog tyd was om met 'n vasbeslote poging vorendag te kom om te verseker dat toereikende geboue en grond gewaarborg word vir die voorgestelde nuwe skool - 'n voorneme wat Dr. Viljoen ten volle gesteun het.

Die sg. "Glebe Lands" is ná 1921 aan die Hoërskool Unie gegee, op aanbeveling van Dr. Viljoen, nadat dit voorheen aan die toe bestaande Opleidingskollege behoort het.

Nadat finale planne en spesifikasies opgestel is, het die bouwerk aan die nuwe en huidige Hoërskool Unie, in Maart 1926 begin en is in 1928 voltooi.

<u>Hoër Volkskool</u>: Die afstigting van die Engelse en Afrikaanse skoolseksies in 1921 het meegebring dat dié skool in 1922 tot stand gekom het. Maar daar het in hierdie saak veel meer gesit as bloot die stigting van 'n skool: 'n ideaal is verwesenlik waaraan oor die jare verskeie belangrike argitekte soos Ds. J.F. Naude gewerk het: onvermoeide ywer vir moedertaalonderrig vir die Afrikaanse kind, sodat dié skool die oudste Afrikaansmediumskool in Kaapland is. Die eerste hoof van die skool onder die nuwe bedeling was Dr. G.W. Eybers wat later aan die einde van 1921 deur Adv. U.J. Cronje opgevolg is.

Onder leiding van sulke bekwame hoofde soos die twee vermeldes, het die skool fenomenaal gegroei en 'n naam en tradisie verwerf wat in die hele Kaapland bekend is.

In hierdie skool wat 'n gemengde skool vir Afrikaanse

leerlinge was, is die Voortrekkerbeweging gebore toe Dr. J. Heese in die vroeë dertigerjare daarmee begin het.

Op 8 Mei 1949 is 'n groot deel van die skool tesame met waardevolle historiese dokumente en artikels deur 'n brand verwoes. Die skool het nou 'n periode van aanpassing, gepaard met byna onoorkombare organisasie-, fasiliteite-, en behuisingsvraagstukke binnegegaan, maar dié omstandighede is mettertyd die hoof gebied, sodat die aansienlike nuwe hoërskoolgebou met 'n nuwe, ruim koshuis, Huis Oranje, in 1954 in gebruik geneem kon word.

Die "Sacred Heart" - Klooster: Dié klooster, baanbreker-Engelsmediumskool in die streek, is op 16 Junie 1894 begin. Die hoofrede vir die stigting daarvan was om godsdiensonderrig aan die Graaff-Reinetse Katolieke te verskaf. Dis 'n susterstak van die Dominikaanse Kloosterorde "the sacred heart", op King William's Town.

Met die aanvangsjaar van die skool was die leerlingtal 48 en daarna het dit jaarliks met ongeveer 50 leerlinge toegeneem. Teen 1950 was daar 170 leerlinge in die primêre afdeling, 41 in die hoër, en 15 leerlinge in die handelsafdeling van die skool.

Vanaf die vroeë sestigerjare het leerlingtalle by die skool opmerklik begin afneem sodat die skool in 1966 finaal gesluit is - juis omdat die skool toe nie meer lonend ondersteun is nie.

Dié inrigting was een van die weinige skole wat dit kon boekstaaf dat die Meteorologiese Afdeling van die W.N.N.R. so 'n sentrum by die skool ingerig gehad het.

2.13: Jansenville-distrik:

Die Hoërskool Jansenville: Die eerste amptelike aanduidinge van onderwys in Jansenville staan opgeteken in die notule van die N.G. Kerk gedateer 11 Augustus 1856. Dit lui só: "Een brief van den heer J.F. Heydenrych te Port Elizabeth werd ook ter tafel gebracht in welken hij zichselve aanbiedt als schoolmeester voor het dorp als de kerkraad hom verzekering sal kunnen geven dat hij een inkomste van £100 per jaar zal hebben".

Vordering met betrekking tot hierdie aangeleentheid word só beskryf in die kerkraadnotule van 4 Mei 1857: "Een brief van de S.G.O. werd ter tafel gebracht in welken hij van de vergadering wil weeten dat indien het Governement een som van £50

per annum voor eenen rondgaanden onderwyser in dien gemeente zal geven de gemeente een gelijke som dan ook zal toedoen". Die kerkraad was egter nie bereid om die vermelde bedrag te voorsien nie.

Hieropvolgend is die onderwyskwessie met tussenposes bespreek tot 1878 toe ene mev. Nicol toestemming verkry het om in die kerkkonsistorie onderwys te gee. Hieroor is daar soos volg genotuleer: "Brief van Mrs. vragende om gebruik van die Consistorie kamer voor een school. Toegestaan kosteloos onder opzicht van den broeder Fourie".

Intussen het bouwerk aan 'n nuwe kerk in Julie 1885 voltooiing genader waarna 'n gedeelte van die ou kerkgebou opgeknap is vir 'n skool wat deur 'n komitee beheer is.

Die Staat het die komitee in Junie 1893 genader omdat dit die bestaande skoolgebou wou uitbrei, maar alleenlik as die kerk bereid sou wees om oordrag van die eiendom aan die Staat te laat plaasvind - 'n versoek wat die kerkraad natuurlik geweier het.

Toe is 'n driekamergebou in 1897 deur die Staat opgerig wat bekend gestaan het as die "Public School". Hierdie gebou is in 1911 vergroot.

In 1903 moes daar 'n nuwe hoof aangestel asook 'n skoolkomiteelid verkies word. Die keuse het uiteindelik op die toe pas aangestelde Anglikaanse predikant, eerwaarde T. Jones, geval, en hy het, volgens die notule, sy klerikale invloed gebruik om ene mnr. Downes, 'n boesemvriend, in die hoofskap te kry. Maar laasgenoemde was slegs Engels magtig - 'n toedrag van sake waarmee die Hollandssprekende lede van die gemeenskap allesbehalwe gediend was, en hulle stig vervolgens 'n ander skool om die "public school" te opponeer.

Die kerknotule van 6 Junie 1904 vertel dié gebeurtenis só: "... is dit duidelik gebleken dat de Publieke School veel te wensen overlaat... Die discussie loopt op de volgende besluit uit op voorstel b.b. J.A. van Eeden ...... c.c. Scheepers. Het wordt besloten om over te gaan tot die stichting van eene kerk school in deze gemeente".

Die N.G. Kerk-predikant het aan die hoof gestaan van 'n komitee wat so 'n skool gestig het. 'n Teologiese student C.J. Grobler, word as die eerste hoofonderwyser aangestel. Maar in dieselfde jaar besoek Dr. Muir, die S.G.O. van toe, Jansenville vir onderhandelings om die twee skole te amalgameer.

15/..... .

Die amalgamasie word ŉ werklikheid in 1905 - ŉ stap wat geblyk het ŉ vrugbare onderneming te wees, want daarna het die skool geleidelik gegroei en in die vyftigerjare het dit onder die uiters bekwame hoofskap van mnr. J. le Roux, oor die 400 leerlinge gehad.

Hierdie skoolgebou is in 1965, na uiters moeisame en tydrowende onderhandelings tussen die Kaapse Onderwysdepartement en die skool, so te sê volledig gesloop, en in die plek van die bouvallige gebou, is ŉ ruim moderne kompleks met al die nodige geriewe opgerig en in Augustus 1966 in gebruik geneem.

2. 14: <u>Murraysburg-distrik:</u> Op die deel waar later die dorp Murraysburg sou ontstaan, was daar gedurende die tydperk 1 November 1849 tot 31 Oktober 1853 ŉ skool op die plaas "Toverwater" met eerwaarde John Bennie as onderwyser. Die skool het ŉ gemiddelde bywoning van 20 leerlinge vir die vermelde tydperk gehandhaaf.

Na die stigting van die dorp in 1854 het J.B. Wouda ŉ skool begin. Dié skool was egter nie van die gehalte wat die Murraysburgbewoners begeer het nie. J.A. Burger bevestig dit in ŉ skrywe aan die S.G.O. in 1859 en sê o.a. dat sedert die stigting van die dorp, verskeie persone hul uiterste bes probeer het om ŉ GOEIE skool vir hul kinders opgerig te kry, maar dat die pogings steeds misluk het. Nou moes hulle tevrede wees met Wouda se skool waaroor Burger hom só uitlaat: "Who instructed our children in Arithmetic as far as fractions and the rule of three, Biblical history, the rudiments of the Dutch language, Geography and general history, besides reading and writing - but no further. But we sadly felt the want of instruction in the English language and literature".

Wouda het ongeveer 30 leerlinge onderrig, maar kon nie aan elkeen behoorlike aandag gee nie. Hierdie netelige pedagogiese vraagstuk het Burger só opgesom: "all the children occupied different stages of development and partly arising from this, the habit of the parents to take their children home again before they had been any reasonable time at school".

Dié onbevredigende toedrag van sake het die vorming van ŉ komitee tot gevolg gehad; ŉ salaris van £200 plus ŉ goeie huis is vir ŉ bekwame onderwyser gewaarborg. Na baie moeite het die komitee die dienste van ŉ onderwyser met "uitstekende" sertifikate verkry - pas uit Holland en die skool sou in Mei 1859 begin.

Daar is om begryplike redes met groot verwagting na

mnr. Bier se koms uitgesien en boonop was die algemene vertolking van dié stap dat daar ŉ betekenisvolle deurbraak vir onderwys in Murraysburg gekom het: die komende geslagte sou nou die geleentheid hê om kennis op te doen wat die voorgeslagte moes ontbeer.

Soos soveel gevleuelde verwagtings het ook hierdie een ŉ frustrerende anti-klimaks opgelewer, want, skryf die ene Burger: "This school was never opened, the teacher arrived here but he turned out so much against our expectations and proved to be such an unpleasant and unmanageable companion that we were exceedingly glad to get rid of him again, not minding the loss of £75 that had been advanced to him".

Ontmoediging het die komitee laat besluit om pogings om dadelik ŉ tweede leerkrag te werf, te laat vaar, en om eerder te wag vir ŉ beplande openbare vergadering in Januarie 1860, om die gewensdheid al dan nie van ŉ skoolgebou te bespreek. Die veelvermelde mnr. Burger wou intussen ook die siening van die S.G.O. met betrekking tot die nuwe voorneme hê; hy sou ook ná die vergadering kon sê watter waarborg die inwoners vir die saak sou kon gee, en skryf aan die S.G.O.: "If you would be kind enough to render any assistance in procuring a superior teacher from England or Scotland".

Die S.G.O. se aanbeveling was ŉ distrikslaerskool wat later die "elementary division" van ŉ hoërskool kon word.

Die vermelde openbare vergadering het ŉ skoolkommissie as plaasvervanger vir die bestaande komitee gekies.

Die Kommissie kon £300 jaarliks vir 5 jaar waarborg vir die aanstelling van TWEE leerkragte en die oprigting van ŉ skoolgebou, maar heelwat meer geld was nodig, dus skryf die Sekretaris, ds. J.H. Hofmeyr, soos volg aan die S.G.O.: "I apply to you for such assistance as Government shall be able willing to render to this good cause". ŉ Skoolgebou is kort daarna opgerig, waarskynlik deur die dorpsraad, en die aanvanklike huurgeld van £80 per jaar is spoedig verlaag tot £50 per jaar "om onderwys te bevorder".

In Desember 1861 het Ds. Hofmeyr kennis gegee dat: "the Murraysburg School Committee have provided a very suitable building for their school, and selected Thomas Kyd and J.B. Wouda for their teachers". Skoolgeld vir senior en junior leerlinge was 10 sjielings en 6 sjielings per maand onderskeidelik, en die skool is op 5 November 1861 met ongeveer 50 leerlinge begin.

17/........

In 1862 word berig dat dit baie goed gaan met die skool: die hoofonderwyser was die regte man op die regte plek en "hy is onvermoeid besig om die belange van die skool te behartig". Hy ontsien geen moeite nie om "de opvoeding aan dit instituut zoo volledig en voortreffelijk mogelijk te maken".

In daardie dae is die idee van 'n skool waarin altwee geslagte gehuisves word, as onwenslik beskou. Gevolglik het daar gewoonlik 'n seuns- en meisieskool op die dieselfde dorp bestaan.

Reeds in 1865 het die skoolkommissie aan die S.G.O. geskryf dat planne vir geruime tyd al aan die gang was om 'n eersteklas meisieskool op Murraysburg op te rig. Dié ideaal is verwesenlik, maar dit was oënskynlik 'n mislukking.

'n Skielike insinking met betrekking tot die Murraysburg-skoolwese het omstreeks 1871 gekom sodat selfs die toekoms van die seunskool in die weegskaal was. Diè skool het dan ook in 1871 gesluit, maar teen die einde van dié jaar vind daar 'n publieke vergadering plaas om die "advisability of re-opening the public school" te bespreek. Dit moes onmiddellik ná die vergadering gebeur het, want daar word gepraat van 'n nuwe hoof, mnr. J.H. Meiring. In 1872 moes die meisieskool ook heropen het, aangesien gegewens daarop dui dat 'n mej. E. Clarence, die nuwe hoof van 'n "first class undenominational public school" was. Sy is egter spoedig vervang deur mev. Stapleton. Meiring moes egter vroeg in 1872 ook die "female department" in die skool behartig nadat dié mev. Stapleton om gesondheidsredes moes padgee.

In 1875 is aan die Ring van Murraysburg gerapporteer dat die dorp 'n openbaar-ondersteunde skool "van de tweede klas voor jongens en een eersteklas voor meisjes benewens een private voor meisjes heeft".

'n Nuwe eersteklas skool wat vir beide seuns en meisies onderrig gegee het, het in 1877 'n leerlingtal van 115 gehad sodat daar in terme van die aanbou van nog 'n klaskamer gedink is om sodoende die ruimte-tekort te verlig. Die eerste hoof was mnr. Fred Murray. Een van die invloedrykste hoofde van die skool in hierdie tyd, egter, was Prof. T. Kyd van Gill-Kollege, Somerset-Oos.

Die privaatskool-idee in die onderwysgeskiedenis van Murraysburg dateer nog voor 1880. In die tyd het daar reeds drie sulke skole in Murraysburg bestaan: Mej. Innes se skool

18/........

gestig in 1881 met 14 leerlinge waaroor daar soos volg geskryf is: "As elementêre skool was die inrigting goed, maar daar word geen Hollandsch onderwys gegeven", daar die onderwyseres "erin niet genoegzaam bedreven is". Die tweede so 'n skool was die van Mej. P. van der Merwe wat in 1882 begin is en was uitsluitlik Engelsmedium, "omdat de onderwijseres denkt dat zij niet genoegzaam Hollangsch verstaat om erin onderwijs te geven". Die derde skool, die van mej. S. Faure, was redelik vooruitstrewend, met 'n leerlingtal van 12. Die ringinspekteur sluit 'n verslag van hom só af: "Het spreekt zeker niet gunstig voor de tweede klas meisjeskool te Murraysburg dat er drie bloeiende private scholen op het dorp bestaat". Dié meisieskool het maar 'n sukkelbestaan gevoer en J.A. Burger skryf in dié verband dat die hoofonderwyseres, mej. Haupt moeilikheid ondervind "to devote such time to the more advanced girls as was required, without neglecting the smaller ones and vice versa". Die gramskap van die ouers is hierdeur gewek en dit veroorsaak verdere vertroebeling.

Dié fluktuerende toestand op die onderwyshorison het bekende onderwysleiers in hierdie tyd, soos Prof. Kyd, bekommer en daar is vanselfsprekend na groter stabiliteit en betekenisvoller vordering gesoek.

Prof. Kyd, by wie die amalgamasiegedagte ontstaan het, het enersyds daarin 'n gedeeltelike oplossing gesien, andersyds het hy suiwer in belang van die bestaande meisieskool gedink: die meer gevorderede dogters was vir hom 'n bron van bekommernis; hulle kon nou by homself en 'n sekere mnr. du Toit persoonlik onderrig ontvang. Na 2 maande van amalgamasie het 'n rapport só gelui: "the amalgamated system works admirably". En die meriete van die stelsel is bo twyfel onderstreep deur die eksamenuitslae van die eerste kwartaal.

Onder die amalgamasiebedeling is die skool soos volg geherorganiseer:

1. "The first and second classes which will be presented to the inspector in the 4th and 5th standard are under the charge of Prof. Kyd, who also holds a daily exam of the other classes".
2. "The third class who will try to pass in the third standard is under the charge of Mr. du Toit, who undertakes also the writing and Dutch of the first and second classes. The remainder first and second

standards are under Miss. Haupt".

Die gedagte aan ŉ "arme school" vir Murraysburg het alreeds aan die einde van die 19e eeu die aandag van onderwysleiers in die gemeenskap geniet. In 1900 word die ideaal verwesenlik met mev. S. van der Merwe as die eerste hoof van die "poor school". Enkele jare na Unie (1910) is die benaming afgeskaf want dit was heeltemal vreemd aan die etos van die Afrikaner, wat altyd, binne die perke van die blanke ras, demokraties gesind was; dit het natuurlik uitmuntend ingepas by die idees van diegene wat die onderwys in die jare voor Unie beheer het - oorsese manne - gewoond aan die skerp afgebakende verskil tussen die aristokrasie en die gewone volk. Vakke soos lees, skrywe, "cijferen tot regel van drie", koloniale geskiedenis en godsdiensonderwys het in die leerplan verskyn. Hollands was die medium van onderrig aangesien die leerlinge nie lank op skool sou bly nie.

Aan die einde van die 19e eeu het die land hom natuurlik voorberei op oorlog: algemene onrus het geheers en ontwrigting van ook die skoolsake was aan die orde van die dag - van die Kaap tot in die Transvaal, en dit moes uiteraard sy nasleep ook in Murraysburg hê: op 13 April 1901 is die skool gesluit; hiervoor is daar aanvanklik twee redes aangevoer: 1) die skoolkommissie kon nie die personeel se salaris langer as April - Junie waarborg nie, en 2) ŉ onrusbarende leerlingtalafname het ingetree - alles direkte uitvloeisels van die "disturbed state of the country". Maar in werklikheid was daar ook ŉ derde rede: die dienstydperk van die skoolkommissie het verstryk.

In 1901 het onderwysaktiwiteite in Murraysburg weer begin met ŉ leerlingtal van 130 en ene J.P. Botha was die hoofonderwyser bygestaan deur twee assistente.

Vir 45 jaar is onderwys in Murraysburg deur ŉ skoolkommissie behartig om vanaf 1905 deur ŉ skoolrade-wet beheer te word. Die eerste skoolraad onder dié wet is in die eerste helfte van 1906 benoem, en ene mnr. De Kock lei die nuwe bedeling in die skoolwese in Murraysburg in as die eerste hoofonderwyser van die skool.

Tot nou toe het die skoolkommissie die skoolgebou van die kerkraad gehuur, gevolglik moes daar nou besluit word of die gebou deur die Staat steeds gehuur moes word, en of dit gekoop moes word. Dit is aanvanklik teen £96 per jaar van die kerkraad gehuur, maar in 1913 is daar ŉ belangrike stap geneem

toe VIER morge grond deur die kerkraad aan die skoolraad geskenk is vir die oprigting van 'n splinternuwe skool. Met die oorname van onderwys deur die skoolraad het die kerk hom nie sonder meer van die onderwys onttrek nie, maar steeds groothartig bly optree, volgens die annale: die huurgeld vir die ou skoolgebou is net so teruggeploeg in die onderwys, deur bv. kinders in hul hoër opvoeding te steun.

Die skoolrade-bedeling was geensins 'n ongemengde seën nie, want vroeg in hulle bestaan reeds openbaar hulle die neiging om hulle te bemoei met die interne reëlings en organisasie van skole - iets wat besondere hoofbrekens vir skoolhoofde besorg het: "The abovementioned School Board (Murraysburg) about a year ago <u>ordered</u> (my beklemtoning) teachers to make use of Dutch as the medium of instruction in all classes up to and including standard 2. Miss Jordaan was the infant mistress in the Al School during 1908. She carried out the instructions of the School Board making use of an improved Cape Dutch as the medium of instruction, even in the teaching of Arithmetic. Miss Catherine van der Merwe was in charge of standards 2 and 3. She told me at the last inspection that she had not troubled herself very much about the regulation made by the School Board; in consequence, in the examination of her classes I used English as the chief medium. I was told that the School Board commented unfavourably about my action. Miss Rademeyer, lately teaching at Mafeking, took Miss Jordaan's place at the beginning of the current quarter. She is supposed to have said that she would not have accepted the situation had she known that Dutch was the medium of instruction in her class (Sub-standards and Standards 1 and 2). The School Board hearing this was of opinion that she ought to resign. But now that Miss Rademeyer finds that grammatical Dutch is not expected she considers herself able to follow out the School Board's language regulation", skryf inspekteur Hagen oor die inmenging.

Die nuwe skoolgebou is in Maart 1917 deur sir F. de Waal, Administrateur van Kaapland, geopen, maar reeds baie vroeg in die bestaan van dié onderwysinrigting het daar 'n behoefte aan huisvesting vir kosgangers ontstaan. Op die ou end is die huis van 'n sekere Dr. Roux vir die vermelde doel gekoop en vernoem na Ds. Hofmeyr. Leerlingtalle het vinnig gegroei terwyl die kosgangergetalle ewe vinnig toegeneem het: in 1924 was die koshuis totaal te klein en bykomende akkommodasie moes gevind word vir

21/........

seuns, wat ten einde raad, in die ou sendingpastorie gehuisves is. Hier was hulle egter soos die spreekwoordelike voëls op 'n tak, want hulle moes herwaarts en derwaarts trek totdat hulle ten lange laaste weer in die Hofmeyr-Tehuis tereggekom het! Die dogters se tuiste was Môreson en later Pienaarhuis.

Teen 1922 het die inskrywings op 273 gestaan nadat daar in 1903 met 130 begin is. In dieselfde jaar, nl. 1922 word verneem dat die skool 'n hoërskool is met 12 onderwysers. Maar die status van die skool het natuurlik, soos in alle gevalle, ten nouste verband gehou met die leerlingtal, en in 1937 het die afwesigheid van nog 'n koshuis dermate 'n vraagstuk geword dat die skoolraad 'n deputasie na die kerkraad gestuur het om te pleit vir die oprigting van 'n koshuis wat sal verseker dat die skool se hoërskoolstatus nie aangetas sou word nie. Die kerkraad het die erns en meriete van die saak ingesien en die aangeleentheid na die kerkraad se boukommissie verwys vir oorweging.

Op 22 Oktober 1938 is die nuwe koshuis se hoeksteen gelê en in 1947 was daar reeds 75 kosgangers daarin.

Die getalle van die skool het egter nog geleidelik gedaal sodat dit in 1957 op sy laagste was, maar dié verskynsel hou sonder twyfel verband met die feit dat Murraysburg se blanke bevolking gedurende die jare 1936 tot 1947 met 20% afgeneem het - 'n verskynsel wat algemeen is ten opsigte van die meeste plattelandse gebiede in die Republiek - en selfs oorsee. In dié verband is dit betekenisvol om daarop te let dat die onderhawige vier distrikte, vir die 10 jaar vanaf 1960 verliese aan blankes, soos volg gely het: Murraysburg: -22,01%, Aberdeen: -28,2%, Graaff-Reinet: -5,2% en Jansenville: -22,1%, wat 'n gemiddelde verlies van -19,375% vir die distrikte daarstel. Die relatief lae verlies van -5,2% vir Graaff-Reinet, moet tot groot hoogte toegeskryf word aan die teenwoordigheid van lewenskragtiger onderwysinrigtings - met veral die teenwoordigheid van 'n opleidingskollege vir onderwysers 'n sleutelbate - met 'n gepaardgaande lewendiger kulturele lewe. Dit op sigself geneem, is meer as voldoende rede.

2.2: Kleurlingskole.

2.21: Aberdeen-distrik: Kamdebo-laerskool.

Dié laerskool het in die jare 1894/'95 tot stand gekom en wel waar die huidige sg. "Court House" en poskantoor is. Dit was 'n biesiedakgebou wat toentertyd as kerk gebruik is. Volgens inligting was dit aanvanklik eerder 'n kleuterskool as die gewone dagskool. Die eerste hoofonderwyser, ene Methusela, was 'n Basoeto van afkoms, en hy moes die amp bedank weens swak gesondheid. Sy opvolger, eerwaarde Weis is geassisteer deur mej. Francis Muller, maar Weis het die skool weer in 1906 verlaat en is opgevolg deur J.L. September. Na September het die hoofskap net so dikwels verwissel.

Ook die skool, soos gebruiklik, was onder kerkbeheer. Toe, in 1903, het daar nog 'n skool bygekom wat in die lokasie opgerig is, maar ook primêr vir die doel van 'n kerk. Bantoe- en Kleurlingkinders het die skool saam bygewoon en die eerste hoof was mnr. Moleis. Hierdie skool was waarskynlik die voorloper van die huidige moderne laerskool wat diens lewer aan 'n vinnig groeiende Kleurlinggemeenskap op Aberdeen en die distrik.

Die skool is in 1964 in gebruik geneem, maar sedertdien het die ruimtetekort afmetings aangeneem wat die hoof en skoolkomitee daartoe beweeg het om die Administrasie van Kleurlingsake te vra om verdere uitbreidings. Hieroor word egter meer in die samevattende opmerkings gesê.

2.22: Graaff-Reinet-distrik:

Hoërskool Spandau: Op 1 Januarie 1950 is die Middelbare Kleurlingskool Spandau, 'n staatskool, op die dorp gestig, onder direkte beheer van die Graaff-Reinetse Skoolraad. Die skool het met 30 leerlinge - seuns en meisies - begin. Dié jaar was dit die skool se eerste st. 7-klas en mnr. W.J. Bergins, predikant van die Congregational-Kleurlingkerk, was die eerste hoofonderwyser. Aangesien die gebou, die enigste beskikbare, op die tentoonstellingsterrein was, was dit uiteraard ongeskik en ongerieflik: jaarliks in Maartmaand met skougeleenthede moes die kinders en personeel die gebou tydelik vir 'n week ontruim om plek te maak vir skou-aktiwiteite. Begryplik het sulke eksodusse allesbehalwe gesond ingewerk op die doel en wese van onderwysgee.

In Januarie 1951 was die skool se leerlingtal 62 sodat die akkommodasietekort aansienlik vererger is. Die leerlingtal

het egter steeds toegeneem om aan die begin van 1952 op 80 te staan - te midde van 'n ruimtetekort wat al knellender word!

Begin 1953 is die Junior Sekondêre Kursus ingevoer met o.a. dié konsekwensie dat al die laerskoolleerlinge van plaaslike skole wat die middelbare skoolstadium bereik het, na die Spandau-middelbare afdeling oorgeplaas moes word en inderdaad oorgeplaas is! Binne 'n baie kort bestek het dit die leerlingtal op 148 te staan gebring - 'n groeitempo van +79.7% vir die VIER jaar!

Na onderhandelings en reëlings met die Graaff-Reinetse Munisipaliteit is 'n tweede lokaal binne die skouterrein beskikbaar gestel, maar met natuurlik dieselfde ongunstige gevolge en uitwerking. Intussen het nog 'n vraagstuk kop uitgesteek: 34 kosgangers moes inwoningsgeriewe vind en dit kon òf net by private mense gedoen word, òf hulle moes hul verdere skoolopleiding laat vaar, en dus so 'n basiese voorreg en waardevolle bate ontbeer.

Aan die begin van 1955 met sy pas verworwe hoërskoolstatus het die skool SEWE opslaanvertrekke op die ou gholfbaan betrek. Dit het moontlik geword deurdat die Munisipaliteit die ou gholfhuis en die grond aan die skool verhuur het. Met die leerlingtal nou op 183 het die skool sy eerste st. 9-klas gevorm en die kosgangergetal styg tot 95.

Onontbeerlike geriewe soos sanitêre wegvoer, sportvelde, 'n ordentlik toegeruste laboratorium en biblioteek het aanvanklik ontbreek, wat vanselfsprekend verreikende nadele gehad het. Daarby was deeglik opgeleide Kleurlingonderwysers eerder die uitsondering as die reël. Dit op sigself, het opvallende vakkeusebeperkings tot gevolg gehad, en saam met vermelde ander leemtes, is die gehalte onderwys in sy diepste wese aangetas.

Maar dié kernleemtes het waarskynlik nie die leerlingaanwas noemenswaardig gestuit nie, want in 1962 was daar reeds 380 leerlinge waarvan 150 kosgangers was. Selfs leerlinge uit Suidwes-Afrika en Kaapstad het die Hoërskool Spandau bygewoon.

Die fenomenale groei in bykans alle fasette van die Kleurlinggemeenskap op Graaff-Reinet was daarvoor verantwoordelik dat bouwerk aan 'n splinternuwe skoolgebou en koshuis in 1962 in die Kleurlingwoonbuurt Kroonvale begin het. Met die oorname van Kleurlingonderwys deur die Departement Kleurlingsake aan die begin van 1964 is die ruim Administrasieskool plus koshuis in April 1964 in gebruik geneem.

24/.....

Die kompleks behels 15 gewone klaskamers, 3 ten volle toegeruste laboratoria, 'n biblioteek, huishoudkundekamer, 'n houtwerkkamer, 'n voorlesingkamer en ander geriewe. Daar word tans 180 leerlinge in die moderne koshuis gehuisves.

As opvoedkundige inrigting vir Kleurlinge laat die Hoër-skool Spandau sy invloed wyd geld: nie net in die onderwys-behoeftes van die groot groeiende plaaslike gemeenskap word voorsien nie, maar ander dele van die land en veral die om-liggende Karoo-dorpe trek direkte voordeel uit sy bestaan.

Adendorp-"U.C.C."-laerskool: Die skool word beheer deur die Congregational-Kerk en het in 1925 as 'n eenman-skool tot stand gekom om in die onderwysbehoeftes van die Kleurlinggemeenskap van Adendorp te voorsien. Teen 1931 het dit gegroei tot 'n tweemanskool. En namate die lokasie uitgebrei het, het die skool natuurlik ook gegroei sodat dit teen 1969 'n sesmanskool was wat dit tans nog is. Weens die ligging van die skool in blanke gebied word geen verdere uitbreidings in die vooruitsig gestel nie, dog volgens die skoolhoof sal die skool in die nabye toekoms ingelyf word by die nuwe laerskool vir Kleurlinge wat in die Kroonvale-woonbuurt opgerig word.

2.23: Jansenville-distrik:

Die N.G. Kerk-laerskool: Die skool het op 1 Junie 1923 tot stand gekom. Aanvanklik het die Kleurling- en Bantoe-kinders saam die skool bygewoon, terwyl ook onderwysers van al-twee rassegroepe in die skool onderrig gegee het.

Aanvanklik is skoolgehou in die Bantoe-Metodiste- en Anglikaanse kerke, maar na die totstandkoming van die Kleurling-sendingkerk het die Jansenville-skoolraad in 1930 aansoek gedoen by die kerkbestuur om die gebruik van die kerkgebou as SKOOL. Die Provinsiale Administrasie wou egter nie die huurgeld betaal nie, en die betrokke kerkraad het toe in September 1931 besluit om die konsistoriekamer van die kerk vir die Kleurlingonderwys beskikbaar te stel. Na oënskynlik onvermoeide ywer deur ds. J.H. Retief is die hele kerkgebou in 1936 vir skooldoel-eindes afgestaan.

Op 14 Augustus 1937 is 'n petisie deur Bantoes aan die Onderwysdepartement gestuur waarin beswaar gemaak is teen die weiring van die Departement om Bantoe-onderwysers in permanente betrekkings in die eerste skool (nl. die gemengde ene) aan te stel. Een van die hoofargumente was dat die geboue die Bantoe-

gemeenskap s'n was en boonop was die meerderheid kinders in dié skool Bantoes - dus, volgens die Bantoegemeenskap, voldoende regverdiging om die gebou vir die Kleurlingkinders te sluit en die twee seksies te skei.

Sedert Januarie 1939 is die Bantoes toe van die Kleurlingkinders geskei, wat sedertdien Departementele beleid geword het. Die Kleurlingskool in die Sendingkerkgebou het met twee onderwysers begin en in Julie 1939 is nog 'n leerkrag vir die skool aangestel.

Wisselvallige groei in leerlingtalle en gebrek aan voldoende klaskamerruimte het meegebring dat 'n 4e leerkrag eers in Januarie 1949 aangestel is. Gedurende die tydperk Januarie 1949 tot einde 1950 is twee nuwe klaskamers plus toiletgeriewe aangebou wat die klaskamertekort effens verlig het.

So het die inrigting geleidelik gegroei namate 'n bewustheid vir geletterdheid skerper vorm aangeneem het by die Kleurling, en in April 1955 is 'n vyfde onderwyser aangestel. In die daaropvolgende jare tot 1966 het die groeitempo volgehou sodat die ruimte- en fasiliteite-tekorte grootliks verlig is: VIER nuwe klaskamers is by die bestaande kompleks gevoeg en dit het 'n goedtoegeruste houtwerkkamer ingesluit sodat Houtwerk voortaan as vak aangebied is: 'n besliste bate vir die skool aangesien die Kleurling se aangebore bedrewenheid as o.a. skrynwerker welbekend is.

Die skool het teenswoordig 13 voltydse onderwysers terwyl daar in 1966 slegs 9 was.

2.24: <u>Murraysburg-distrik</u>:

"<u>U.C.C.</u>"<u>-laerskool</u>: Op die oomblik bestaan hierdie skool saam met 'n N.G. Kerk-sendingskool op Murraysburg. In die jare voor 1928 was dit net een skool, maar in dié jaar is daar afgestig en twee skole het tot stand gekom. Van toe af tot laat in die vyftigerjare het die twee skole betreklik nou saamgewerk. Elke skool het 3 leerkragte gehad, en daar het o.a. die onderlinge reëling bestaan dat, wanneer 'n sekere klaskamer by een van die skole dit aan ruimte ontbreek het, dié klas verskuif is na die ander skool. Hierdie manier van saamwerk is egter spoedig in die wiele gery deur tweedrag tussen die twee skole en "skeiding" is in 1961 bewerkstellig sodat hulle tans onafhanklik van mekaar bestaan as twee kerkskole.

Blanke onderwysers het dikwels in die verlede by die

skool onderrig gegee. Onder die leiding van ene mnr. A.J. Hoffman het die skool tot 'n vyfman-skool gegroei. Die skool het gebrek gegaan onder ernstige ruimtetekort en mnr. A. Pilcher, opvolger van eersgenoemde, het tevergeefs probeer om die skool te vergroot, sodat sy opvolger, mnr. W. van Niekerk ten einde raad 'n Metodiste-kerkie moes huur om addisionele ruimte te kry. Dit het meegebring dat die skool in status verhoog is tot 'n sesman-skool in 1962.

Mnr. A. Julies, die huidige hoofonderwyser, het in Januarie 1962 by die skool begin en sedertdien het hy hom ten volle daarvoor beywer om die gemeenskap bewus te maak van hulle plig en verantwoordelikheid teenoor hulle kinders se onderwys - het hy hulle doelbewus probeer aktiveer om aktief deel te neem aan 'n program wat daarop gemik was om beskikbare klaskamer-ruimte maksimaal uit te brei - en die resultaat, nie lank daarna nie, was die oprigting van VIER addisionele kamers plus die aanstelling van VIER ekstra onderwysers. Volgens die hoof het die skool voorlopig 'n versadigingspunt bereik met betrekking tot uitbreidings.

In 1965 is 'n perseel in die Kleurlingwoonbuurt vir 'n nuwe skoolgebou deur die Departement van Kleurlingsake toegeken met die doel om uiteindelik die bestaande twee laerskole in EEN Administrasieskool te amalgameer. Tot op datum is hierdie doelstelling nog nie verwesenlik nie: die twee skole bestaan nog HEELTEMAL onafhanklik van mekaar en die ondersoek het die indruk gekry dat die minimum samewerking hulle verbind.

Ondanks die bestaan van twee afsonderlike laerskole op die dorpie het die oorname van Kleurlingonderwys deur die Departement Kleurlingsake ook in Murraysburg, soos elders, betekenisvolle nuwe geleenthede geskep: vordering en vooruitgang was die gevolg: eintlik te vinnige vordering wat nadelige gevolge soos o.a. leerkragtekorte tot gevolg gehad het; ongekwalifiseerde onderwysers moes ook in Murraysburg aangestel word.

27/........

2.3: Bantoe-skoolwese.

Aangesien die ondersoek nie so suksesvol was met betrekking tot die opspoor van feitemateriaal oor die geskiedenis van die Bantoeskole in die onderhawige distrikte nie, word dié afdeling ietwat anders aangebied as in die geval van bv. die Blanke skoolwese.

In die meeste gevalle ontbreek betekenisvolle feite van geskiedkundige aard, en dit wat wel bymekaargebring is, is vaag, datums is onseker; kortom, konsultante kon die ondersoek nooit 'n tot-op-datum-beeld van die streek se onderwysontwikkeling/ geskiedenis gee nie, want die nodige rekords is, òf baie onvolledig, òf ontbreek heeltemal: jaarblaaie, brosjures oor skole en dies meer, wat, soos in die geval van die bv. die Blanke skole interessante feite oor o.a. die ontstaan, groei ens. van skole bevat, het nie bestaan nie. Derhalwe moes die ondersoek tevrede wees met 'n uiters beknopte geskiedenisbeeld - en des te beknopter en helaas niksseggender as dit vergelykenderwys beskou word met die blanke skoolwesegeskiedenis.

Die enigste skool wat iets kon aanbied met betrekking tot sy verlede was die Sekondêre Skool op Graaff-Reinet. Dié inrigting het sy ontstaan te danke aan die inisiatief van ene mnr. C. Thunzi, destyds - om presies te wees in April 1952 - verbonde aan die toe bestaande St. Philips Hoër Primêre skool. Die eerste leerlinge van die skool - die vorm 1's - is in die St. Philips-laerskool gehuisves. Lede van die blanke gemeenskap het hulp verleen deur bv. boeke, sportuitrusting ens. te skenk. Maar die grootste struikelblok was egter nie die gebrek aan geriewe nie, maar wel om die Bantoe-ouers daarvan te oortuig dat hoërskoolopleiding, net soos laerskoolopleiding, uiters noodsaaklik was. Namate die belangstelling onder die ouers toegeneem het, het die leerlingtalle gegroei.

Mnr. S.G. Magodla is in 1954 aangestel as die eerste ten volle opgeleide hoofonderwyser en aan die einde van daardie jaar het die skool se eerste Junior Sertifikaat-eksamenkandidate dié eksamen afgelê.

Hieropvolgend is vertoë tot die Kaapse Onderwysdepartement gerig om 'n skoolgebou in die hande te kry; in 1957 het die Departement die teenswoordige voorafvervaardigde kamers toegestaan.

Die eerste st. 8-leerlinge wat die Junior Sertifikaat-

eksamen onder die Departement van Bantoe-Onderwys geskryf het, het dit aan die einde van 1959 voltooi.

Teen 1967 het die skool dermate gegroei dat dit toe 'n leerlingtal van 200 gehad het wat gehuisves was in VIER klaskamers, met 'n onderwyserskorps wat tot 4 gestyg het.

Naas hierdie een Sekondêre Skool op Graaff-Reinet bestaan daar VIER laerskole: een Hoër Primêr en DRIE Laer Primêr. Dié benamings beteken onderskeidelik die volgende: Hoër Primêr huisves leerlinge van sts. 3 tot 4, terwyl Laer Primêr vir Sub A tot st. 2 onderrig gee. Die skole hierbo, t.w. Thembasizwe H.P., Isibane L.P., Intsika L.P. en Adendorp L.P. verteenwoordig egter kombinasies van die vermelde twee benamings.

Elke skool ervaar sy eie ontwikkelingsprobleme, wat by gebrek aan die vroeë geskiedenis van die skole, uit die meer onlangse geskiedenis dateer, en die onderstaande aanhalings uit uitlatings deur hoofde van dié skole lewer voldoende bewys daarvan. Die hoof van die Intsika-laerskool sien sy skool se posisie só: "Our main problem in this school is that there is no school building. We are using different church buildings as classrooms, so we are bound to pay monthly rent to all three church buildings as a result there is no progress as far as our school funds are concerned - we try and raise school funds in vain because we spend the same on our monthly rent".

Die Laer Primêre Skool in Adendorp het as 'n sondagskool begin en mettertyd ontwikkel in 'n private dagskool. Die hoofonderwyser vertel verder: "In the early forty's, notably 1942, it became a government aided school. Mr. L. Mankayi was the then principal. Some of the pupils proceeded to the Higher Mission School, and even Secondary schools and lastly became teachers. In the past the school was under a manager but now it falls under a local board. One building separated by means of a screen (cloth). There is definitely demand for at least two or three classrooms". Hierdie een gebou, of meer gepas, klaskamer, huisves 140 leerlinge en 2 onderwysers om hulle te hanteer - die hoof plus nogeen.

Die hoof van die laerskool op Aberdeen vertel: "The Bantu community has no place of its own set aside for shhool. The Municipal Council has hired an old Coloured Dutch Reform Church hall which is divided into two classrooms, one for Sub-standards and the other for sts. 1 and 2. Sts. 3 and 4 are

using a classromm attached to the hall which was used by the Coloureds as a library classroom". Hierdie sg. onafhandlikheids-wording het in 1967 plaasgevind. Voorheen het Bantoe-kinders na die Kleurlingskool gegaan, gevolglik stuur sommige Bantoe-ouers nog hulle kinders na die Kleurlinglaerskool.

Bostaande aanhalings weerspieël die juiste posisie en verteenwoordig die algemene toestand met betrekking tot Bantoe-onderwys in die distrikte. Die Bantoe-Sekondêre Skool op Graaff-Reinet bedien bv. die hele streek wat plus/minus 6 dorpe insluit, en het in 1967 leerlinge vanaf Port Elizabeth, Uitenhage en selfs so ver as Oudtshoorn gehad. Sedert 1968 is hierdie "ver" inskrywings iets van die verlede aangesien die Instroombeheermaatreëls Bantoes van, sê Port Elizabeth of Oudtshoorn, verbied om na 'n skool in Graaff-Reinet te kom.

-------------

2.4: <u>Samevattende Opmerkings:</u>

Samevattend oor hierdie afdeling wil die ondersoek ten aanvang konstateer dat die meer onlangse onderwysgeskiedenis van die Blankes in die onderhawige distrikte meer as voldoende bewys lewer dat die Blanke besonder gunstig daaraan toe is met betrekking tot skoolvoorsiening en fasiliteite.

So het die Hoërskool Jansenville in 1966 die dienste van 'n nuwe skoolgebou bekom, en het alreeds vir jare voor die tyd die gebruik gehad van 'n ruim moderne koshuis.

Die Hoërskool Aberdeen is herbou en vernuwe en beskik ook oor die gebruik van 'n gerieflike moderne koshuisgebou.

Uitbreidings- en vernuwingswerk is in 1971 by die Hoërskool Unie op Graaff-Reinet voltooi. Soortgelyke uitbreidings en vernuwings is ook in die vooruitsig vir die Hoërskool Murraysburg. 'n Sierlike nuwe skoolgebou tesame met ruim skoolgrond is in 1971 vir die Laerskool W.E. Pienaar op Graaff-Reinet daargestel.

Terwyl die nuwe gebouekomplekse en fasiliteite enersyds winste verteenwoordig vir die gemeenskappe van die onderskeie dorpe en distrikte, en andersyds die erns en opregte bedoelings van die Kaapse Onderwysdepartement met die plattelandse skoolgaande jeug in die algemeen, en dié van die streek in besonder, simboliseer, wek die ontvolking van die gebied, soos ook die res van die Karoo-platteland - en dan ook die "ontvolking" van skoolgaande en nie-skoolgaande jeug - kommer: gerieflike nuwe geboue wat 'n lywige belegging in kapitaal was, en vól behoort te wees, het in byna elke geval nog plek vir baie leerlinge - is eintlik besig om net in die behoeftes van ongeveer twee-derdes, en sommige neig na onder dié kerf, te voorsien, want die aanvraag na koshuisinwoning is swak, en daal steeds skerper. Maar die statistiek spreek miskien die oortuigendste: Die koshuis van die Hoërskool Jansenville kan 120 leerlinge huisves en aan die begin van 1973 was daar slegs 82 daarin; dieselfde inrigting van die Hoërskool Aberdeen kan 100 kosgangers huisves, dog aan die begin van 1973 was daar slegs 58 daar; die hoërskool op Murraysburg se koshuis kan 90 leerlinge huisves maar het tans net 78 leerlinge. En dié beeld is redelik eenvormig vir die hele Karoo-platteland, in besonder dan ook vir die streek, behalwe in die geval van Graaff-Reinet se twee hoërskole, nl. Unie hoër en Volkskool, waar die posisie in die betrokke

verband die absolute teendeel weerspieël van die in die voornoemde hoërskole: Unie Hoër se koshuise is tot die maksimum kapasiteit toe vol, nl. 424 leerlinge, en die aanvraag is nog groter; Volkskool se koshuis kan slegs 82 leerlinge huisves en is tans vol, maar die aanvraag oortref die aanbod so ver dat die skool se st. 6-kosgangers volgende jaar (1974) in die junior koshuis van die laerskool gehuisves sal word.

ʼn Redenasie wat uit die gegewens gekonstrueer kan word, geldig of nie, is dat die Kaapse Onderwysowerheid moderne ruim koshuise op die kleiner, redelik stagnante plattelandse dorpe oprig teen groot bedrae geld, terwyl hulle vir die meeste van die tyd halfbenut bly vanweë die reeds genoemde dreinering en die ruimtetekort in die koshuise van die nabygeleë Graaff-Reinet steeds knellender word. By implikasie dan: werklike BEHOEFTE word in ʼn mate oor die hoof gesien terwyl aan die diktasies van TRADISIE voldoen word.

In hierdie stadium lyk dit dus of dié plattelandse distrikte, met ʼn enkele uitsondering, ʼn versadigingspunt bereik het met betrekking tot skoolgeboue, koshuise en ander fasiliteite, aangesien die leerlingtalle in al die distrikte behalwe een, nl. Graaff-Reinet, steeds aan die afneem is, andersyds dat daar meer as voldoende voorsien is vir die eise van die tradisionele akademiese matriek wat die onderwysopset oral oorheers.

Die ontvolkingsfenomeen het natuurlik ʼn ander verreikende gevolg ook: by gebrek aan die nodige groeikragtigheid - dus leerlingtalle - lei dit noodwendig tot ʼn beperkte onderwyserskorps wat beteken dat die vakkeuses eweneens beperk is en bly en dit om die beurt het ʼn permenente stigmatiese uitwerking op die skool en wat by probeer lewer. So iets verleen stukrag aan die ontvolking, en laat die kernvraag ontstaan of sulke skole in staat is om met dié beperkte vakspektrum vanweë ʼn beperkte aantal onderwysers, doeltreffende onderwys te gee - om aan die standaarde van die adademiese matriek met sy ses vakke te voldoen. Dit is en bly ʼn ope vraag! Drie van die hoërskole in die vier distrikte, nl. die Hoërskool Jansenville, die Hoërskool Murraysburg en die Middelbare Skool op Klipplaat, het ruim minder as 100 leerlinge in sts. 6 tot 10, om presies te wees 84,76 en 27 onderskeidelik, terwyl Aberdeen se hoërskool op die rand balanseer met 104. ʼn Mens moet begin wonder of die status van die skole nie een of ander tyd in die toekoms in die

weegskaal sal wees nie?! Die ondersoek het gevind dat dit veral ook die laerskoolgetalle is wat kommer wek: behalwe die Graaff-Reinetse laerskole, is die laerskoolgetalle van die vermelde skole met minder as 100 leerlinge in die vyf hoërskoolstanderds, ook maar betreklik laag, en is daar nêrens 'n leerlingbolling wat die hoërskoolgetalle in die toekoms drasties kan laat toeneem nie; die laerskoolgetalle is laag en neem selfs af, daarom neem die hoërskoolgetalle so af.

Ekonomiese faktore is nie alleen te blameer vir die geleidelike agteruitgang op die platteland nie. Sosiologiese faktore speel ook 'n rol, en verleen in toenemende mate 'n impetus aan die ontvolkingsverskynsel. Die Kommissie van Ondersoek na die Landbou skryf in sy Tweede Verslag soos volg: "... die sosiologiese aanpassing op die platteland is 'n wesenlike probleem, wat in die toekoms steeds moeiliker sal word." Hierdie siening deel die ondersoek grootliks.

------------

Wat die plattelandse Kleurling betref, net die volgende: Kleurlinggroei in die algemeen, dus ook Kleurlingleerlingtalle in die besonder, openbaar so 'n kragtige toename dat die fisiese voorsiening met betrekking tot die onderwys totaal faal om tred te hou daarmee. 'n Kerngevolg daarvan is 'n algemene tekort aan klaskamerruimte, aan opgeleide personeel, biblioteekgeriewe, speel- en sportgronde. Ek haal enkele van die menings van skoolhoofde en skoolkomitees aan ter relevering van vermelde gevolgtrekkings: "- Toelating van leerlinge tot die skool - die skoolhoof het kennis gegee dat net leerlinge tot sts. 3, 4 en 5 verder tot die skool toegelaat kan word, aangesien die ander klasse vol is .....". So raporteer die skoolkomitee van die Laerskool Kamdebo in sy notule van 'n vergadering gehou op 7 Februarie 1969.

Mnr. D. Charles laat hom só uit oor die posisie van sý skool in die onderhawige verband: "Die toestand van die skool is baie swak en sover geriewe vir 'n biblioteek betref, is daar niks ordentlik op die oomblik nie. Daar word 'n nuwe gebou in die verdere toekoms in die Kleurlingbuurt Kroonvale verwag".

"Biblioteekgeriewe bestaan glad nie. Leesstof is nog beperk, maar word gereeld deur die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens aangevul. Klaskamerruimte is nie voldoende nie. Klaskamers is klein en beknop. Volgens Departementele vereistes is die leerkragte voldoende, maar sommige klasse het beslis verligting nodig, bv. TWEE leerkragte vir 80 leerlinge in Sub A", sê mnr. A. Julies met betrekking tot sy skool.

Mnr. A.J. Baatjies van die N.G. Kerk-laerskool op Jansenville wei soos volg uit oor genoemde aspekte van die skoolopset by hom: "'n Ruim te kort aan leerkragte. 'n Tekort aan gerieflike en genoegsame onderwyslokale, bv. 'n kuns-, wetenskap- en musiekkamer, skoolsaal. Die boeke word in een sluitkas opgeberg. Die betrokke kas is onvoldoende daar dit aan genoegsame rangskikkingsruimte ontbreek. Daar die leerlingtal hoog is, is 'n sentrale biblioteek uiters noodsaaklik".

'n Ander knelpunt sien die hoof só: "Sportterreine in die onmiddellike omgewing van die skoolgebou vir die beoefening van liggaamsopvoeding, atletiek en ander winter- sowel as somersportsoorte".

Hierdie sienings, sover die ondersoek kon vasstel, releveer die belangrikste leemtes in onderwysvoorsiening en

34/.....

weerspieël omstandighede wat algemeen voorkom.

Sedert die oorname van Kleurlingonderwys deur die Departement van Kleurlingsake in 1964, was daar, soos voorheen gemeld, betekenisvolle nuwe geleenthede vir Kleurlingonderwys geskep. En dié geleenthede word benut, met wat volg, moeilik hanteerbare vooruitgang en groei. "As far as the Coloured people were concerned, the transfer of education meant the termination of a system of divided control and its hampering effects for over 50 years. It was also the beginning of an integrated system of control to which the increased tempo of development of educational services since 1964 must largely be ascribed. From what follows it will be evident that this development consists largely in the continuation of the work done previously by the various Departments concerned, the maintenance at least, and improvement whenever possible, of the standard achieved, the gradual introduction of much needed co-ordination, the exploration of new educational avenues, and the provision of additional facilities to meet the requirements of this group". (MöHR, 1971, Inleiding, p.3).

Mnr. Andrew A. Julies, skoolhoof, bevestig die Direkteur se sienings ten opsigte van die nuwe bedeling se heilsame uitwerkinge, en sê: "Onder die Administrasie van Kleurlingsake is baie nuwe kanse geskep en het Kleurlingonderwys met rasse skrede vordering gemaak, eintlik te vinnig, omdat dit tekorte aan leerkragte meegebring het. Gevolglik is daar skole wat met ongekwalifiseerde mense opgeskeep moet sit".

Gegrond op die groeitempo van leerlingtalle in die streek lyk dit vir die ondersoek onvermydelik te wees dat 'n TWEEDE Kleurling-hoërskool vir die streek in die afsienbare toekoms opgerig sal moet word. (Vergelyk die grafiese beeld van leerlingtalgroei om die realiteit ten volle onder die oë te sien).

Op die oomblik bedien die Hoërskool Spandau op Graaff-Reinet die hele Karoo-streek wat hierdie ondersoek poog te ontleed, en is die ENIGSTE Kleurlinghoërskool in 'n baie wyer en uitgestrekter gebied as wat die vier distrikte insluit; in hierdie opsig kan dit in 'n leemte voorsien, aangesien dit beskik oor 'n ruim moderne koshuis.

Waar so 'n nuwe hoërskool opgerig behoort te word, sal die Administrasie van Kleurlingsake kan besluit na deeglike oorweging van faktore soos demografiese neigings, industriële groeipunte ens.

Daar kan met min twyfel gesê word dat die stelsel van geïntegreerde gekoördineerde Kleurlingonderwys die veranderinge meer as geregverdig het: die groei is dermate gestimuleer dat die nate van AL die skole in die streek wil oopbars, en die "oorloop" sowel as die seksie wat "binnebly" kan alleenlik konstruktief beheer word as nuwe skole - en die ondersoek het nie soseer die tradisionele akademiese skole in gedagte nie: hulle is in voordelige getalle - tegniese skole, beroepskole, gebou word wat verreikende voordele vir die Kleurling van die gebied in besonder, maar ook vir die Kleurling van die hele Oos-Kaapland in die algemeen kan hê. En dit kan verwag word dat die huidige leemtes nadeliger gevoel sal word sodra die regulasies wat skoolbywoning verpligtend maak, begin deurwerk.

----------

Die Bantoe se onderwystoekoms is om begryplike redes onseker in die streek: kragtens groepsgebiede-afbakening is hierdie streek Kleurlinggebied verklaar.

Uiteraard skep die "tydelikheid" verskeie soorte probleme - vraagstukke wat nie net fisies van aard is nie, maar ook geestelik-psigies: die indruk is duidelik dat skoolhoofde tevrede is met die daaglikse roetine-werkies binne die raamwerk van 'n knellende onderwysopset: ruimtetekorte span saam met sosio-ekonomiese faktore om die onderwys van die Bantoe in baie opsigte KLUGTIG te laat voorkom, en 'n mens twyfel soms of hulle daarin slaag om selfs die sg. "bare minimum" doeltreffend te bereik: as 'n Bantoe-jeugdige sê bv. st. 4/5 geslaag het, is hy/sy geletterd in die volle sin van die woord?

Die gebrek aan klaskamerruimte, en 'n mens huiwer om dié benaming ten opsigte van sommige skole se posisie in die verband, te gebruik. - die laerskool op Adendorp (Graaff-Reinet) en die laerskool op Aberdeen, om maar slegs twee sprekende voorbeelde van dié haglikheid aan te haal, tesame met 'n verdere gebrek aan ander basiese geriewe en fasiliteite, laat skole klaarblyklik 'n bykans verlore stryd voer; trouens, dit is duidelik dat die meeste leerkragte die verlore stryd maar sy gang laat gaan, en dié laat- maar-loop-gees kenmerk duidelik die doen en late van die meeste skoolhoofde met wie die ondersoek in verbinding was. Aan die anderkant is daar tog wel ook iets van 'n gees wat tiperend wil-die-hand-aan-die-ploeg-slaan genoem kan word, mits onderwysvoorsiening ingrypend verander. Dié tipiese leemtes soos weerspieël in die volgende uitlating van 'n skoolhoof, is blykbaar rede genoeg om maar die hand van die ploeg te neem en te kyk wat word: "...school building not adequate, no staff room, no laboratory. The three classrooms are prefabs - corrigated iron structures. No teaching aids".

In die hele gebied hier onder bespreking bestaan daar net EEN Sekondêre skool (m.a.w. wat tot st. 8 onderrig gee), die op Graaff-Reinet, en a.g.v. hoë kostes, lang afstande - om maar twee knellende faktore te noem - is dit hoogs onwaarskynlik dat leerlinge wat st. 8 bereik, na hoërskole in ander sentrums gaan; die wat druip of slaag in st. 6 of 7 aanvaar werk plaaslik of elders; die feit dat hulle nie onderworpe is aan verpligte skoolbywoning nie, vergemaklik, ja moedig hulle eintlik aan om te gaan werk om sodoende die karige lewensmiddele aan te vul.

-------

HOOFSTUK 3.

Statistiese besonderhede oor Blanke skole in die gebied:

3.1: Grafiese beeld van leerlingtalle vir Hoër- en Laerskole vir plus minus 20 jaar: grafieke genommer 1 tot 16.

3.2: Opmerkings oor en beknopte analises van die grafiese voorstellings:

Hoërskool Aberdeen:

Vir die eerste 7 jaar vanaf 1950 het die leerlingtalle redelik skerp toegeneem om 'n groeipersentasie van +29,8 daar te stel. Daarna, tot 1971, het die inskrywings egter opvallend gedaal om 'n verlies van -35,4% daar te stel. Die globale verlies vir die 22 jaar kom op -16,1% te staan, of 'n gemiddelde jaarlikse verlies van 0,73%.

Hoërskool Jansenville:

Vir die eerste 5 jaar vanaf 1953 het die leerlinginskrywings merkbaar gestyg om 'n groei van +38,9% te bereik. Daarna, vir die volgende 14 jaar was 'n afname aan die orde van die dag en is 'n drastiese verlies van -36,3% daargestel. Die globale verlies vir die 19 jaar kom te staan op -11,5%, of 'n gemiddelde jaarlikse afname van 0,6%.

Sekondêre Skool Klipplaat:

Die grafiese voorstelling van dié skool se inskrywingsgetalle werp waarskynlik lig op die tipe gemeenskap wat die skool bedien: hoofsaaklik spoorwegwerkers wat vir 'n gedurige getalle-fluktuasie sorg: hulle kom en gaan gedurig wat vir 'n sekere vloeibaarheid in skooltoestande verantwoordelik is. Tussen die jare 1955 en 1959 was daar 'n drastiese daling van getalle: -44,7%. Vir die daaropvolgende 3 jaar was daar 'n ewe skerp toename van +76,2%. Vir die daaropvolgende 10 jaar vanaf 1962 was daar weer 'n daling van -27,02%. Die algemene verlies vir die 17 jaar kom egter op -28,9% te staan, of 'n gemiddelde jaarlikse afname van -1,7%.

Die Hoërskool Murraysburg:

Vir die eerste 10 jaar vanaf 1950 openbaar die leerlingtalle 'n betekenisvolle groei van +61,7%. Daarna tot 1965, m.a.w. 7 jaar, neem die getalle drasties af om 'n verlies van -42,1% te verteenwoordig. Daaropvolgend tot 1971 is weer 'n

38/.....

toename in leerlingtalle lewe drasties en 'n persentasie van +75,1 word bereik. Die globale groei vir die skool kom dus op +63,8% te staan, wat 'n gemiddelde jaarlikse groei van 2,9% daarstel.

Die Hoërskool Unie:

'n Geleidelike konstante styging in leerlinginskrywings vir die 22 jaar vanaf 1950 tot 1971 onderskei hierdie hoërskool van die ander skole sover behandel. Die algemene groei kom op +89,6% te staan, wat 'n gemiddelde jaarlikse groei van 4,07% beteken. Die feit dat hierdie skool die enigste Engelsmedium Hoërskool in die hele gebied is, en daarby 'n skool met 'n uitstekende reputasie, hou waarskynlik nou verband met dié volgehoue groei. Boonop is die skool ook nog in Graaff-Reinet geleë - 'n vooruitstrewende Karoo-dorp, in die algemeen gesien!

Die Hoër Volkskool:

Vir die eerste agt jaar vanaf 1954 openbaar die getalle 'n toename van +18,3%. Daarna, tot 1971 was daar 'n geleidelike afname van -7,8%. 'n Algemene groei van +8,9% is egter vir die 18 jaar daargestel - gemiddeld jaarliks 0,9%.

BLANKE LAERSKOLE:

W.E. Pienaar:

Die leerlingtal van die skool toon 'n globale daling vanaf 1952 tot 1971 wat op -34,3% te staan kom. Tussen die jare 1956 en 1965 het daar drastiese uiterstes voorgekom: 'n styging vanaf 1956 tot 1959 van +43,7% en 'n afname vanaf 1959 tot 1963 wat op -50,7% te staan kom. Die kernoorsake vir dié eienaardige fluktuasiepatroon t.o.v. leerlinginskrywings is moeilik te bepaal, maar 'n deel daarvan sou 'n mens miskien kon soek en vind in die volgende insiggewende uitlatings van die hoof self, mnr. E.P. Botha, op 2 Maart 1970: "Tans werk die deel van die gemeenskap wat die skool bedien nie saam met die skool nie. Te wyte aan die vooroordeel en stigma wat kleef aan die naam van die skool. Omdat dit vroeër 'n Oefenskool van die Opleidingskollege was, stuur die meeste van hierdie deel van die gemeenskap hulle kinders na die Laer Volkskool in die ander deel van die dorp".

"Soos gesê, was die skool vroeër 'n Oefenskool van die Kollege. In die begin van hierdie eeu (daar is rekords van

1901 in die skool) is die skool begin as 'n integrale deel van die Kollege en gehuisves in dieselfde gebou. Dit was 'n skool vir armlastiges (soos uit vroeëre puntebylaes blyk: "class of school: Poor", en veral gedurende die armblanke tydperk in ons geskiedenis was die getalle van die skool groot".

"In die vroeë veertigerjare is die skool afgeskei en het voortbestaan as 'n volwaardige Oefenskool van die Kollege in 'n APARTE gebou waar dit tans gehuisves word".

"Na die afskeiding het die getalle geleidelik gekrimp namate mense meer gegoed begin raak het sodat, toe die huidige hoof in Julie 1964 hier diens aanvaar het, die getalle op 34 te staan gekom het".

"Die skewe beeld van die skool is geleidelik probeer regstel, maar daarin kon nog nie heeltemal geslaag word nie, hoewel die hoogste inskrywing in 'n kwartaal sedert 1964 soveel as 71 was".

"Tans is 'n nuwe skool in aanbou en behoort die stigma van "Oefenskool" aan die ou gebou te bly kleef nadat ons weg is! ".

<u>Hoërskool Jansenville - Primêre Afdeling:</u>

'n Globale daling van primêre leerlingtalle kenmerk die skool se grafiese voorstelling van inskrywings vir die 20 jaar. 'n Daling van -24,1% is daargestel - gemiddeld jaarliks dus -1,2%.

<u>Die Middelbare skool op Klipplaat - Laer Afdeling:</u>

'n Geleidelike daling in leerlingtalle is verantwoordelik vir 'n algemene afname van -20,0% vir die 20 jaar, of 'n gemiddelde jaarlikse afname van -1,0%.

<u>Unie-Hoërskool - Voorbereidende Afdeling:</u>

'n Geleidelike groei word gehandhaaf vanaf 1950 vir 'n tydperk van 18 jaar. Die toenamepersentasie kom te staan op +30,6%, of 'n gemiddelde jaarlikse toename van +1,7%.

<u>Die Laer Volkskool:</u>

Vir die 10 jaar vanaf 1955 tot 1964 het die skool se leerlingtalle geleidelik toegeneem teen 'n gemiddelde jaarlikse tempo van +1,97%. Daaropvolgend is daar vir die 8 jaar vanaf 1965 'n gemiddelde jaarlikse afname van -3,5% daargestel. Die globale verlies vir die 18 jaar kom te staan op -14,02% wat 'n

40/.........

gemiddelde jaarlikse verlies van -0,77% beteken.

Die Laerskool Waterford:

Die grafiese voorstelling toon 'n duidelike verlies van leerlingtalle vir 'n tydperk van 11 jaar vanaf 1961. Die algemene verlies kom op -32,2% te staan, of 'n gemiddelde jaarlikse afname van -2,9%.

Die Laerskool Aberdeen:

~~Die~~ Globale verlies in leerlingtalle vir 17 jaar vanaf 1955 is daargestel: -35,1% of 'n gemiddelde jaarlikse afname van -2,06%.

Die Laerskool Murraysburg:

Die skool se inskrywings vir die 22 jaar vanaf 1950 toon 'n geringe algemene styging van +8,1% of 'n gemiddelde jaarlikse toename van +0,4%.

Die Laerskool Adendorp:

Hierdie skool se inskrywings wys 'n algemene afname vir die 22 jaar vanaf 1950 wat op -67,9% te staan kom, of 'n gemiddelde jaarlikse verlies van -3,08%. Die kern- of ander oorsake vir die relatief hoër verlies is, soos in ander gevalle, moeilik te bepaal, maar in 'n spekulatiewe sin lyk dit of die teenwoordigheid van die groter Graaff-Reinetse laerskole iets met dié daling te doen het: dat ouers verkies om hulle kinders na die Laer Volkskool en die Unie-laerskool te stuur omdat onderrig daar soveel beter is asook fasiliteite, as by hul eie skooltjie in Adendorp, wat slegs omtrent 6 myl van Graaff-Reinet geleë is, word miskien geredeneer!

Die posisie i.v.m. leerlinginskrywings by Blanke skole in die onderhawige gebied doen 'n wins aan perspektief as daarop gelet word dat die vier distrikte Aberdeen, Graaff-Reinet, Jansenville-Klipplaat en Murraysburg gedurende die 10 jaar wat verstryk het tussen die 1960-Sensusopname en die 1970-opname, 1627 Blankes verloor het. Dit, persentasiegewys, kom op -14,2% te staan, of 'n gemiddelde jaarlikse afname van -1,4%. Dit kan met sekerheid aanvaar word dat die verlies sedert die 1970-opname tot op datum volgehou eh waarskynlik toegeneem het, aangesien die droogte en gepaardgaande onsekerheid - van die kernoorsake van 'n redelik stagnante ekonomiese lewe in die dorpe en distrikte van die gebied - steeds ernstiger knel en boere

in toenemende getalle stede toe verdryf het. Truu se hieropvolgende siening het toeligtende verband uit 'n ander hoek op die situasie: "Among the problematic features of a continuous rural-urban population shift are the following: Persistent rural depopulation tends to lower overall natural increase in the long run, mainly because of a fertility differential between urban and rural dwellers, the latter usually being more prolific. The process also tends to discriminate against the rural areas with regard to properties like age, education, occupation and income of the migrants, which may lead to regional stagnation - not only of the rural areas proper, but also of the towns and villages which serve and depend upon the areas." (TRUU, 1971, Hoofstuk 1, p. 24).

Teen so 'n fluktuerende agtergrond met betrekking tot leerlingtalle het die ondersoek gevind dat die posisie opsommenderwys só daar uitsien vir die Blanke skole en die Opleidingskollege vir Onderwysers: Twee hoër- en 'n Sekondêre (middelbare) skool het 'n gemiddelde globale verlies aan leerlinge vir die plus-minus 20 jaar van -18,8% daargestel; 'n gemiddelde jaarlikse verlies van -0,94% dus. Drie hoërskole het 'n gemiddelde algemene toename in leerlinginskrywings van +54,1% bereik vir dieselfde tydperk en dit kom op 'n gemiddelde jaarlikse wins van +2,7% te staan. 'n Globale wins van +17,6% is egter deur die 5 hoërskole en een Middelbare skool vir die vermelde 20 jaar daargestel, wat neerkom op 'n gemiddelde jaarlikse groei van +0,88%.

Die Graaff-Reinetse Opleidingskollege vir laerskoolonderwysers het vir 'n tydperk van 14 jaar (1958 tot 1971) 'n globale groei in studentetalle van +24,7% daargestel, wat 'n gemiddelde jaarlikse wins van 1,76% beteken.

Van die 9 laerskole wat binne die ondersoekgebied val, het slegs TWEE t.o.v. leerlingtalle gedurende die onderhawige 20 jaar konstant gegroei. 'n Gemiddelde algemene verlies aan leerlinge vir die 9 laerskole vir die genoemde aantal jare kom op -20,3% te staan, wat 'n gemiddelde jaarlikse verlies van -1,01% beteken.

Die situasie wen verder perspektief as daarop gelet word dat die hoërskole van Jansenville en Aberdeen en die Sekondêre Skool van Klipplaat, eweneens GROTER verliese toon met betrekking tot hul laerskoolafdelings se leerlinge, nl.

42/......

-24,0%; -35,1% en -29,8% onderskeidelik vir die vermelde 20 jaar. Vermelde DRIE hoërskole met hulle primêre afdelings bygereken - apart of gekombineerd - toon dus 'n algehele agteruitgang vir die 20 jaar t.o.v. leerlingtalle. Die verlies aan Blankes volgens die 1970-sensusopname is te begrype ook die hoogste in die genoemde distrikte, nl. Aberdeen en Jansenville met verteenwoordigende persentasies van -28,2% en -22,1% onderskeidelik. Dusdanige bevindings word bevestig deur 'n siening van Truu: "In general, the smaller districts tended to lose people more repidly than the larger ones". (TRUU, op. cit., p. 29). Ter ondersteuning van so 'n sienswyse: Graaff-Reinet, wat 'n heelwat groter en vooruitstrewender Karoo-dorp is, se verlies aan Blankes vir dieselfde sensustydperk is slegs -5,2%, of 'n gemiddelde jaarlikse verlies van -0,52% teenoor die gemiddelde jaarlikse verliese van Jansenville-Klipplaat, Murraysburg en Aberdeen was so lyk:

-2,2%
-2,2%
-2,8% onderskeidelik.

Dat daar 'n noue verband is, is gewis en seker.

-------

43/......

## 3.3: Dreineringsbeeld vir Blanke hoërskole:

Die Hoërskool Jansenville: Sts. 6 tot 10.

| | | |
|---|---|---|
| 1953 tot 1957 | = | -30,4% |
| 1954 tot 1958 | = | -64,5% |
| 1955 tot 1959 | = | -75% |
| 1956 tot 1960 | = | -42,3% |
| 1957 tot 1961 | = | -80% |
| 1958 tot 1962 | = | -38,1% |
| 1959 tot 1963 | = | -35,5% |
| 1960 tot 1964 | = | -61,5% |
| 1961 tot 1965 | = | -57,6% |
| 1962 tot 1966 | = | -46,4% |
| 1963 tot 1967 | = | -73,1% |
| 1964 tot 1968 | = | -74,2% |
| 1965 tot 1969 | = | -50% |
| 1966 tot 1970 | = | -66,6% |
| 1967 tot 1971 | = | -71,4% |

: Gemiddelde verlies = -57,7%

Die Hoërskool Aberdeen: Sts. 6 tot 10.

| | | |
|---|---|---|
| 1950 tot 1954 | = | -62,5% |
| 1951 tot 1955 | = | -81,6% |
| 1952 tot 1956 | = | -50% |
| 1953 tot 1957 | = | -72,9% |
| 1954 tot 1958 | = | -52,7% |
| 1955 tot 1959 | = | -65,1% |
| 1956 tot 1960 | = | -57,7% |
| 1957 tot 1961 | = | -41,9% |
| 1958 tot 1962 | = | -67,6% |
| 1959 tot 1963 | = | -67,6% |
| 1960 tot 1964 | = | -67,5% |
| 1961 tot 1965 | = | -52,5% |
| 1962 tot 1966 | = | -78,1% |
| 1963 tot 1967 | = | -60% |
| 1964 tot 1968 | = | -78,5% |
| 1965 tot 1969 | = | -63,6% |
| 1966 tot 1970 | = | -57,6% |
| 1967 tot 1971 | = | -70,9% |

: Gemiddelde verlies = -63,7%

Die Middelbare Skool Klipplaat: Sts. 6 tot 8.

| | | |
|---|---|---|
| 1955 tot 1957 | = | -50% |
| 1956 tot 1958 | = | -62,5% |
| 1957 tot 1959 | = | -60% |
| 1958 tot 1960 | = | -61,5% |
| 1959 tot 1961 | = | -62,5% |
| 1960 tot 1962 | = | -52,9% |
| 1961 tot 1963 | = | -50% |
| 1962 tot 1964 | = | -57,9% |
| 1963 tot 1965 | = | -30,7% |
| 1964 tot 1966 | = | -35,7% |
| 1965 tot 1967 | = | -26,6% |
| 1966 tot 1968 | = | -69,2% |
| 1967 tot 1969 | = | -71,4% |
| 1968 tot 1970 | = | -30,7% |
| 1969 tot 1971 | = | -83,3% |

: Gemiddelde verlies = -53,6%

Die Hoërskool Murraysburg: Sts. 6 tot 10.

| | | |
|---|---|---|
| 1950 tot 1954 | = | -22,2% |
| 1951 tot 1955 | = | -53,8% |
| 1952 tot 1956 | = | -50% |
| 1953 tot 1957 | = | -60% |
| 1954 tot 1958 | = | -43,4% |
| 1955 tot 1959 | = | -45% |
| 1956 tot 1960 | = | -20% |
| 1957 tot 1961 | = | -20% |
| 1958 tot 1962 | = | -58,3% |
| 1959 tot 1963 | = | -41,6% |
| 1960 tot 1964 | = | -56,2% |
| 1961 tot 1965 | = | -58,3% |
| 1962 tot 1966 | = | -42,8% |
| 1963 tot 1967 | = | -72,7% |
| 1964 tot 1968 | = | -27,3% |
| 1965 tot 1969 | = | -45,4% |
| 1966 tot 1970 | = | -28,5% |
| 1967 tot 1971 | = | -42,1% |

: Gemiddelde verlies = -43,7%

Die Hoërskool Unie: Sts. 6 tot 10.

| | | |
|---|---|---|
| 1948 tot 1952 | = | -41,4% |
| 1949 tot 1953 | = | -9,3% |
| 1950 tot 1954 | = | -7,9% |
| 1951 tot 1955 | = | -43,1% |
| 1952 tot 1956 | = | -19,6% |
| 1953 tot 1957 | = | -39,1% |
| 1954 tot 1958 | = | -36,2% |
| 1955 tot 1959 | = | -19,1% |
| 1956 tot 1960 | = | -27,4% |
| 1957 tot 1961 | = | -16,3% |
| 1958 tot 1962 | = | -11,3% |
| 1959 tot 1963 | = | -6,1% |
| 1960 tot 1964 | = | -28,1% |
| 1961 tot 1965 | = | -38,3% |
| 1962 tot 1966 | = | -22,0% |
| 1963 tot 1967 | = | -22,4% |
| 1964 tot 1968 | = | -20,3% |
| 1965 tot 1969 | = | -11,7% |
| 1966 tot 1970 | = | +5,7% |
| 1967 tot 1971 | = | -16,6% |

: Gemiddelde verlies = -31,1%

Hoër Volkskool: Sts. 6 tot 10.

| | | |
|---|---|---|
| 1954 tot 1958 | = | -68,8% |
| 1955 tot 1959 | = | -58,0% |
| 1956 tot 1960 | = | -45,7% |
| 1957 tot 1961 | = | -54,5% |
| 1958 tot 1962 | = | -35,8% |
| 1959 tot 1963 | = | -45,9% |
| 1960 tot 1964 | = | -39,1% |
| 1961 tot 1965 | = | -49,3% |
| 1962 tot 1966 | = | -39,3% |
| 1963 tot 1967 | = | -39,4% |
| 1964 tot 1968 | = | -50,6% |
| 1965 tot 1969 | = | -40,2% |
| 1966 tot 1970 | = | -32,9% |
| 1967 tot 1971 | = | -57,9% |

: Gemiddelde verlies = -46,9%

45/........

BLANKE LAERSKOLE.

Die Laerskool Aberdeen: Sub A tot st. 5.

1955 tot 1961 = -21,2%
1956 tot 1962 = -21,6%
1957 tot 1963 = -27,0%
1958 tot 1964 = -30,3%
1959 tot 1965 = -18,2%
1960 tot 1966 = -11,1%
1961 tot 1967 = -19,5%
1962 tot 1968 = -42,1%
1963 tot 1969 = -27,2%
1964 tot 1970 = -21,2%
1965 tot 1971 = +20,0% : Gemiddelde verlies = -21,9%

Die Laerskool Jansenville: Sub A tot st. 5.

1953 tot 1959 = +52,9%
1954 tot 1960 = +52,6%
1955 tot 1961 = -21,4%
1956 tot 1962 = -21,2%
1957 tot 1963 = +18,2%
1958 tot 1964 = +64,7%
1959 tot 1965 = +19,2%
1960 tot 1966 = +35,0%
1961 tot 1967 = +33,3%
1962 tot 1968 = -11,5%
1963 tot 1969 = +15,0%
1964 tot 1970 = +20,0%
1965 tot 1971 = -10,3% : Gemiddelde wins/groei = +29,7%

Die Laerskool Klipplaat: Sub A tot st. 5.

1955 tot 1961 = -33,3%
1956 tot 1962 = -36,0%
1957 tot 1963 = 0
1958 tot 1964 = -26,9%
1959 tot 1965 = -16,0%
1960 tot 1966 = -21,4%
1961 tot 1967 = +21,4%
1962 tot 1968 = -50,0%
1963 tot 1969 = -28,5%
1964 tot 1970 = -44,0%
1965 tot 1971 = -53,5% : Gemiddelde verlies = -32,0%

Die Laerskool Murraysburg: Sub A tot st. 5.

1950 tot 1956 = +20,0%
1951 tot 1957 = +66,6%
1952 tot 1958 = -14,3%
1953 tot 1959 = -29,1%
1954 tot 1960 = -36,3%
1955 tot 1961 = -21,7%
1956 tot 1962 = -9,9%
1957 tot 1963 = -65,4%
1958 tot 1964 = -13,3%
1959 tot 1965 = -41,3%

46/.......

Laerskool Murraysburg (vervolg):

1960 tot 1966 = -18,1%
1961 tot 1967 = -18,5%
1962 tot 1968 = -22,2%
1963 tot 1969 = +42,8%
1964 tot 1970 = +8,7%
1965 tot 1971 = -3,7% : Gemiddelde verlies = -10,0%

Laerskool Unie; Sts. 1 tot 5.

1948 tot 1952 = +64,7%
1949 tot 1953 = +91,6%
1950 tot 1954 = +50,0%
1951 tot 1955 = +64,5%
1952 tot 1956 = +71,4%
1953 tot 1957 = +48,4%
1954 tot 1958 = +33,3%
1955 tot 1959 = +11,9%
1956 tot 1960 = +36,3%
1957 tot 1961 = +71,8%
1958 tot 1962 = +55,5%
1959 tot 1963 = +12,0%
1960 tot 1964 = +40,9%
1961 tot 1965 = +34,2%
1962 tot 1966 = +37,7%
1963 tot 1967 = +50,0%
1964 tot 1968 = +53,4%
1965 tot 1969 = +15,9%
1966 tot 1970 = +40,4%
1967 tot 1971 = +56,8% : Gemiddelde groei/wins = +47,03%

Laer Volkskool: Sub A tot st. 5

1955 tot 1961 = +31,5%
1956 tot 1962 = -11,4%
1957 tot 1963 = +19,6%
1958 tot 1964 = -8,7%
1959 tot 1965 = +34,4%
1960 tot 1966 = +36,3%
1961 tot 1967 = +19,6%
1962 tot 1968 = +7,9%
1963 tot 1969 = +18,1%
1964 tot 1970 = -12,1%
1965 tot 1971 = +13,7%
1966 tot 1972 = -23,9% : Gemiddelde groei/wins = +15,6%

Laerskool Adendorp: Sub A tot st. 5.

1950 tot 1956 = -76,9%
1951 tot 1957 = -69,2%
1952 tot 1958 = -33,3%
1953 tot 1959 = -66,6%
1954 tot 1960 = -90,9%
1955 tot 1961 = -36,3%
1956 tot 1962 = -40,0%
1957 tot 1963 = -50,0%
1958 tot 1964 = -40,0%
1959 tot 1965 = 0
1960 tot1966 = 0
1961 tot 1967 = -50,0%

Laerskool Adendorp (vervolg):

1962 tot 1968 = +25,0%
1963 tot 1969 = +66,6%
1964 tot 1970 = +80,0%
1965 tot 1971 = -62,5% : Gemiddelde verlies = -40,3%

Laerskool W.E. Pienaar: Sub A tot st. 5.

1952 tot 1958 = -76,6%
1953 tot 1959 = -82,7%
1954 tot 1960 = -75,0%
1955 tot 1961 = -71,4%
1956 tot 1962 = -78,2%
1957 tot 1963 = -78,9%
1958 tot 1964 = -84,0%
1959 tot 1965 = -96,6%
1960 tot 1966 = -64,0%
1961 tot 1967 = -70,0%
1962 tot 1968 = -57,1%
1963 tot 1969 = -60,0%
1964 tot 1970 = -62,5%
1965 tot 1971 = -82,3% : Gemiddelde verlies = -74,5%

Laerskool Waterford: Sub A tot st. 5.

1961 tot 1967 = -50,0%
1962 tot 1968 = +33,3%
1963 tot 1969 = 0
1964 tot 1970 = +33,3%
1965 tot 1971 = +75,0% : Gemiddelde verlies = -29,2%

-------

3.4: <u>Opmerkings m.b.t. dreineringsbeeld:</u>

Hierdie sg. "drop-outs"-verskynsel is betekenisvoller vir skole as wat 'n mens maar by die eerste gedagte besef: soveel leerlinge wat Sub A begin, sak net uit op die pad na st. 5, en dieselfde gebeur met st. 6-leerlinge wat op pad na st. 10 bloot uitsak, of miskien beter gestel "dreineer", om dan êrens in die gemeenskap te beland - baie dikwels as 'n diep ongelukkige mens, wat baie bepaald hulp nodig het en moet kry anders is sy voorland heel dikwels jeugmisdaad.

Die ondersoek het, soos blyk uit die voorafgaande statistiek, in 5-jaarlikse (sts. 6 tot 10) en 7-jaarlikse (Sub A tot st. 5) periodes gewerk, met betrekking tot Blanke skole. Hier is die dreinering in gemiddeld 16 en 13 onderskeidelik sulke periodes bereken. Die beeld in sy geheel beskou vir die SES hoër skole en NEGE laerskole, sien soos volg daaruit: Die gemiddelde dreinering/afval vir die 6 hoërskole kom te staan op -49,6%, of 'n gemiddelde vyfjaarlikse verlies van -2,9%. Ten opsigte van die 9 laerskole was die gemiddelde verlies -16,3%, of 'n sewejaarlikse afval van -1,2%.

Aangesien al die Blanke hoërskole in hierdie gebied in die ondersoek betrek is, lyk dit na 'n redelik betroubare afleiding, blykens die statistiek, om te beweer dat slegs ongeveer 50% van die leerlinge wat st. 6 begin, bereik en in die meeste gevalle slaag st. 10; 'n persentasie, seker baie gering, verlaat skool ná st. 8, of op die ouderdom 16 jaar om te gaan werk. Morton se skatting vir die hele Kaapse Middelland en aangrensende Karoostreek vat hy so saam: "... it is reasonable to judge that about 60% of the white pupils who commence standard 6 reach, and for the most part complete, standard 10. This we should judge a not unsatisfactory figure". (MORTON, op. cit., p. 2).

Die ongeveer 50% lyk nie na 'n bevredigende getal nie, maar as dit gesien word teen die agtergrond van relatief vloeibare toestande as gevolg van steeds toenemende verskuiwings van die platteland af stede toe, dan doen die posisie 'n wins aan perspektief. Verder is baie van die leerlinge net nie in "hulle" skool nie, gevolglik maak hulle nie die gewenste vordering nie en gooi op die ou end tou op in die akademiese skool en verhuis na 'n tegniese/beroepskool buite die gebied.

Kyk ons na die Blanke laerskole is die posisie heelwat

beter: ongeveer 85% van die Blanke leerlinge wat Sub A begin, bereik en slaag waarskynlik st. 5. Maar 'n mens wonder tog of die persentasie nie hoër behoort te wees nie.

Dieselfde statistiek met betrekking tot stedelike skole sou natuurlik waardevolle vergelykingsmateriaal gewees het, en sou uiteraard groter geldigheid aan gevolgtrekkings in hierdie verband verleen het.

3.5: Beroepskeusebeeld vir sts. 8- en 10-leerlinge vir 1950 tot 1970.

St. 10-leerlinge:

(A) Werksaam op en dienste i.v.m. die grond/boerdery/landbou:

| SKOOL | STAATS (sentrale regering en Prov.) Vrugte-inspekteur | Landbou-voorligter | Gesondheids-inspekteur. | Bos-bou | Boer: Uitv. | Arb. | Privaat. Wol-vert. | Vleis-koöp. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Hoërskool Jansenville | - | 6 | - | - | 19 | - | - | - |
| Hoërskool Aberdeen | - | 4 | 2 | - | 16 | - | - | - |
| Hoërskool Murraysburg | 1 | 2 | - | 4 | 25 | - | - | - |
| Hoërskool Unie | - | - | - | 1 | 92 | - | 6 | 1 |
| Hoërskool Volkskool | - | 7 | 1 | - | 27 | - | - | - |
| Totaal: | 1 | 19 | 3 | 4 | 179 | - | 6 | 1 |

(B) Professioneel, Tegnies, Administratief.

| SKOOL | STAATS (Sentrale Regering en Prov. | Privaat |
|---|---|---|
| Hoërskool Aberdeen | 88 | 21 |
| Hoërskool Jansenville | 125 | 5 |
| Hoërskool Murraysburg | 59 | 6 |
| Hoërskool Unie | 150 | 11 |
| Hoërskool Volkskool | 260 | 9 |
| Totaal: | 682 | 52 |

(C) <u>Klerklik:</u>

| SKOOL | STAATS (Sentrale regering en Prov.) | | | | | | | | Privaat (Munisipaliteit en ander) |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Polisie | S.A.S. | Sipier | Jus-tisie | Pos-kantoor | Hos-pitaal | Ver-dedig-ing | | |
| Hoërskool Aberdeen | 9 | 8 | 1 | 3 | 1 | - | 3 | | 30 |
| Hoërskool Jansenville | 4 | 9 | 1 | 1 | 6 | - | - | | 25 |
| Hoërskool Murraysburg | 5 | 7 | - | 4 | 5 | - | - | | 29 |
| Hoërskool Unie | 3 | 5 | - | 4 | 13 | 3 | 8 | | 91 |
| Hoërskool Volkskool | 17 | 11 | 7 | 11 | 3 | 7 | | | 52 |
| TOTAAL: | 38 | 40 | 9 | 23 | 28 | 10 | 11 | =159 | 227 |



RHODES UNIVERSITY LIBRARY

(D) Industrieel:

| SKOOL | STAAT (sentrale regering en Prov.) Geskool | Privaat Geskool |
|---|---|---|
| Hoërskool Aberdeen | 2 | 6 |
| Hoërskool Jansenville | 14 | 16 |
| Hoërskool Murraysburg | 10 | 6 |
| Hoërskool Unie | 16 | 30 |
| Hoërskool Volkskool £ | 24 | 17 |
| TOTAAL: | 66 | 75 |

(E) Vakman:

| SKOOL | STAAT (Sentrale Regering en Prov. | Privaat |
|---|---|---|
| Hoërskool Aberdeen | - | - |
| Hoërskool Jansenville | - | 2 |
| Hoërskool Murraysburg | - | - |
| Hoërskool Unie | - | - |
| Hoërskool Volkskool | - | 2 |
| TOTAAL: | - | 4 |

(G) Getroud:

SKOOL:

| | | |
|---|---|---|
| Hoërskool Aberdeen | 31 | |
| Hoërskool Jansenville | 1 | |
| Hoërskool Murraysburg | 1 | |
| Hoërskool Unie | 2 | |
| Hoërskool Volkskool | 10 | = 45 |

(H) Handel en Verkope:

| SKOOL | STAAT (Sentrale Regering en Prov.) | Privaat |
|---|---|---|
| Hoërskool Aberdeen | - | 28 |
| Hoërskool Jansenville | - | 7 |
| Hoërskool Murraysburg | 1 | 28 |
| Hoërskool Unie | - | 74 |
| Hoërskool Volkskool | - | 79 |
| TOTAAL: | 1 | 216 |

Die ONGEKLASSIFISEERDES van die 5 hoërskole beloop 508 of 22,9% st. 10-skoolverlaters: van hulle kon om die een of ander rede net nie rekenskap gegee word nie; 'n sekere persentasie van hulle het st. 10 gedruip en daarna een of ander beroepsrigting gevolg.

---------

BEROEPSKEUSEBEELD VIR BLANKE ST. 8-LEERLINGE: TYDPERK 1955 tot 1970.

(A) Werksaam op en dienste i.v.m. die grond/boerdery/Landbou:

| SKOOL | Staat (Sentrale Regering en Prov.) | Privaat: Boer Uitv. | Arb. |
|---|---|---|---|
| Hoërskool Aberdeen | - | 6 | - |
| Hoërskool Jansenville | - | 8 | - |
| Middelbare Skool Klipplaat | - | - | - |
| Hoërskool Murraysburg | - | 5 | - |
| Hoërskool Unie | - | 7 | - |
| Hoërskool Volkskool | - | 13 | - |
| TOTAAL: | 0 | 39 | 0 |

(B) Klerklik:

| SKOOL | STAATS (Sentrale Regering en Prov.) | | | | | | | | Privaat |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Polisie | Sipier | Justisie | Poskantoor | S.A.S. | Hospitaal | Afdelingsraad. | Verdediging. | |
| Hoërskool Aberdeen | 2 | 3 | 3 | 11 | - | - | - | - | 1 |
| Hoërskool Jansenville | 11 | 3 | - | 3 | 22 | 1 | - | 1 | 4 |
| Middelbare Skool Klipplaat | 7 | 1 | - | 11 | 6 | - | - | - | - |
| Hoërskool Murraysburg | 2 | 1 | 2 | 6 | - | - | 2 | - | 5 |
| Hoërskool Unie | 5 | - | - | 3 | - | - | - | 2 | - |
| Hoërskool Volkskool | 24 | 1 | 1 | 9 | 8 | - | 2 | 6 | 4 |
| TOTAAL: | 51 | 9 | 6 | 43 | 36 | 1 | 4 | 9 | 14 |

(C) Handel en Verkope:

| SKOOL | STAATS (Sentrale regering en Prov.) | Privaat |
|---|---|---|
| Hoërskool Aberdeen | - | 7 |
| Hoërskool Jansenville | - | 2 |
| Middelbare Skool Klipplaat | - | 7 |
| Hoërskool Murraysburg | - | 9 |
| Hoërskool Unie | - | 9 |
| Hoërskool Volkskool | 3 | 57 |
| TOTAAL: | 3 | 91 |

(D) Professioneel, Tegnies, Administrafief:

| SKOOL | STAATS (Sentrale regering en Prov.) | Privaat |
|---|---|---|
| Hoërskool Aberdeen | 2 | - |
| Hoërskool Jansenville | 23 | - |
| Middelbare Skool Klipplaat | 3 | - |
| Hoërskool Murraysburg | 8 | - |
| Hoërskool Unie | 3 | - |
| Hoërskool Volkskool | 39 | - |
| TOTAAL: | 78 | 0 |

57/......

(E) Vakman:

| SKOOL | STAATS (Sentrale regering en Prov.) | Privaat |
|---|---|---|
| Hoërskool Aberdeen | - | - |
| Hoërskool Jansenville | 1 | - |
| Middelbare Skool Klipplaat | - | 2 |
| Hoërskool Murraysburg | - | - |
| Hoërskool Unie | - | 2 |
| Hoërskool Volkskool | 4 | 2 |
| TOTAAL: | 5 | 6 |

(F) Industrieel: Geskool:

| SKOOL | Staats (Sentrale regering en Prov.) | Privaat |
|---|---|---|
| Hoërskool Aberdeen | 1 | 9 |
| Hoërskool Jansenville | 8 | 8 |
| Middelbare Skool Klipplaat | 12 | - |
| Hoërskool Murraysburg | - | 2 |
| Hoërskool Unie | 1 | 9 |
| Hoërskool Volkskool | 29 | 13 |
| TOTAAL: | 51 | 41 |

(G) Industrieel: Semi-Geskool:

| SKOOL | STAATS (Sentrale regering en Prov.) | Privaat |
|---|---|---|
| Hoërskool Aberdeen | 4 | 3 |
| Hoërskool Jansenville | 18 | 5 |
| Middelbare Skool Klipplaat | 13 | - |
| Hoërskool Murraysburg | 2 | - |
| Hoërskool Unie | - | 2 |
| Hoërskool Volkskool | 6 | 1 |
| TOTAAL: | 43 | 11 |

(H) Ander: Hoofsaaklike Dienste:

| SKOOL | Staats (Sentrale regering en Prov.) | Privaat |
|---|---|---|
| Hoërskool Aberdeen | - | - |
| Hoërskool Jansenville | - | - |
| Middelbare Skool Klipplaat | - | - |
| Hoërskool Murraysburg | - | - |
| Hoërskool Unie | - | - |
| Hoërskool Volkskool | - | 1 |
| TOTAAL: | 0 | 1 |

Die "ongeklassifiseerde" st. 8-skoolverlaters vir die SES skole beloop 67 of 10,3% van die totaal.

3.6: Opmerkings m.b.t. beroepskeusebeeld:

Die ondersoek wil vooraf daarop wys dat hierdie afdeling se gegewens uiters moeisaam bymekaargebring is: rekords met besonderhede oor skoolverlaters en beroepe wat gevolg is, is die uitsondering eerder as die reël. Malherbe het baie lank gelede dié leemte soos volg aangesny: "Ons het alreeds die aandag gevestig op beroepsleiding wat in die gewone loop van die skoolwerk feitlik geen plek het nie. Ons was verbaas oor die onverskilligheid van so baie onderwysers teenoor die kwessie van wat daar van die leerlinge word wanneer hulle uit die skool gaan. Dis dan ook nie sonder betekenis nie dat in die geval van daardie koshuise met die hoogste onderwyskwosiënt, d.w.s. oor die 110, die hoofde van die skole noukeurig aantekening gehou het van wat daar van elkeen van die kinders geword het wat daardie koshuise gedurende die afgelope 12 jaar verlaat het." (MALHERBE, 1932, p. 333). As gevolg van die algehele, soms ten dele, afwesigheid van die só noodsaaklike inligting, moes die ondersoek HOOFSAAKLIK gebruikmaak van die hulp van ouers.

Een van die direkte nadele van die vele onsekerhede waarmee daar rekening gehou moes word, was dat daar altyd 'n betekenisvolle persentasie kinders was, in st. 8 sowel as st. 10, in elke skool, wat onder "ongeklassifiseerd" vermeld moes word - dit vanweë 'n algehele gebrek aan enige verklarende inligting aangaande hul na-skoolse doen en late in o.a. die beroepswêreld.

Ons kan met sekerheid aanneem dat in 'n moderne industrieel-gedifferensieerde gemeenskap - en die skool is uiteraard wesenlik deel daarvan, want "any form of education, to be effective, must reflect the daily life and interests of the community in which it is employed," (FOGHT, 1920, p. 8) sê Harold W. Foght - sal so 'n diens as 'n integrale deel van 'n skool se administratiewe bedrywighede, 'n absolute noodsaaklikheid word. En waar die plattelandse skoolvoorsiening in meer as hoofsaak op die koshuisstelsel steun, is dit miskien die aangewese plek om sodanige inligting in te win en te sistematiseer, dog die sukses en doeltreffendheid daarvan is hoogs ondenkbaar sonder die aktiewe belangstellende hulp van die ouers.

Daarom is dit jammer, en die ondersoek sien dit as 'n kernleemte in die skoolopset van die Provinsie - want dis nie net in dié gebied nie - dat daar nog nie reeds 'n amptelike begin gemaak is met die hou van sulke informatiewe besonderhede oor

skoolverlaters nie. Dit sal uit die aard ook navorsing op die gebied van die skoolwese - en watter skool- en opvoedingstelsel kan daarsonder klaarkom! - meer vaartbelynd maak en beslis 'n stremmende faktor soos o.a. tydverlies teenwerk.

Indien daar nou enige betekenisvolle afleidings gemaak kan word na aanleiding van die beroepsindelings van Blanke st. 10-skoolverlaters vir 'n tydperk van plus/minus 20 jaar wat vir die berekenings geneem is, dan lyk dit of dit ten aanvang moet verwys na die bewese belangrikheid of noem dit gewildheid, van die professionele en verwante beroepe - 'n verskynsel wat nie onverwags aandoen nie, aangesien die tradisionele adademiese matriek met ses basiese vakke, 'n vereiste is vir toelating tot na-skoolse opleidingsinrigtings (bv. universiteite) waar voorbereidingswerk vir die wye spektrum professionele rigtings gedoen word.

Van die vier distrikte se hoërskole het vir die tydperk 1950 tot 1970, 734 of 33,2% st. 10-skoolverlaters hulle in een van die vele professionele, tegniese en administratiewe rigtings bekwaam. Hierteenoor het ander beroepsrigtings, aan 958 of 43,3% st. 10's vir dieselfde aantal jare werk verskaf.

As die Klerklike groep beroepe nou gevoeg word by die professionele groep - en daar is miskien regverdiging genoeg daarvoor as daar o.a. geredeneer word dat daar mense in die Klerklike beroepsgroep is wat akademies so deeglik (omvattend) geskool is om o.a. verantwoordelike uitvoerende poste in staatsmasjinerie en elders, te beklee - dan skuif dit die professionele en verwante professionele groeptotaal op na 1,110 skoolverlaters uit 'n moontlike 2210 vir die onderhawige 20 jaar. Dit beteken 'n 50,2% 'okkupasie' teenoor 25,8% van die nie-professionele beroepsgroepe.

Uit die beroepsindelings vir st. 10-skoolverlaters vir die onderhawige tydperk is daar aanduidings dat die Engelssprekende leerlinge meer in die private sektor belanggestel het vir werk, terwyl die Afrikaanssprekende eweknie se belangstelling vir 'n beroep redelik eweredig versprei is tussen Staats- en private beroepe. Staats- en provinsiale beroepe soos Polisie, S.A.S., Gevangeniswese, Poswese, Hospitaal, Verdediging het oor die algemeen groter belangstelling gelok van die Afrikaanssprekende st. 10-skoolverlater.

As die twee hoërskole in Graaff-Reinet, nl. die Hoërskool Unie en die Hoër Volkskool - Engels- en Afrikaans-

sprekend onderskeidelik - vergelyk word met betrekking tot belangstelling in die boerdery, blyk dit dat die Engelssprekende leerling se belangstelling aansienlik groter was in dié beroepsfeer as die Afrikaanssprekende eweknie s'n: 92 of 51,4% teenoor 27 of 15,1% vir die 20 jaar.

'n Gidsstudie wat in 1969 in die Jansenville-Klipplaat-streek onderneem is onder Engels- sowel as Afrikaanssprekende boere, het aan die lig gebring dat 41% van die gesinshoofde - beide taalgroepe - òf in besit was van 'n landbou-diploma, òf hoërskoolopleiding in landbou voltooi het, m.a.w. die ondersoek het hier te doen gehad met ouerige persone wat almal 40 jaar en bo dié ouderdom was. Die studie het vasgestel dat die seuns van boeregesinne in die onderhawige vier distrikte wat in daardie stadium alreeds klaar was met skool (hetsy st. 6, 8 of 10 geslaag of gedruip het) soos volg daaraan toe was wat landbou-opleiding betref: vir die 21 jaar vanaf 1950 het uit die groep sts. 6 tot 8-seuns in die vier distrikte, slegs 33 boere gekom uit 'n totaal van 580 wat skool verlaat het om te gaan werk, SONDER ENIGE VORM VAN LANDBOU-OPLEIDING. Dit verteenwoordig 'n persentasie van 5,6. Uit die groep st. 10-seuns het vir dieselfde tydperk 179 of 8,5% skoolverlaters hulle bereid verklaar vir die boerderyberoep. 15% van die 179 skoolverlaters het landbou-opleiding van die een of ander aard gehad: òf hoërskool- en/of Kollege- òf Universiteitsopleiding. Slegs 2% van die met landbou-opleiding het hulle op plase gevestig: òf saam met die vader, òf as voorman vir 'n ander boer wat meer as een plaas besit. Die ander 13% is as landbou-tegnici in diens geneem deur staats- of private ondernemings, m.a.w. slegs in INDIREKTE verband met die bodem en boerdery-bedrywe - dus nie vir die landbou verlore nie, maar tog wel nie vir die boerdery beskikbaar nie.

Dié uiters skrale belangstelling in boerdery - die hoof-bedryf van die streek - laat onwillekeurig die vraag ontstaan: Wat is dan verkeerd - wat skort? Die vermelde studie het vasgestel dat die meeste boere in die Jansenville-Klipplaatgebied hul seuns DOELBEWUS en planmatig ontmoedig om in die voetspore van hulle vader te volg. Die ouers doen alles in hul vermoë om die kind die tradisionele akademiese matriek te laat slaag, as hy enigsins daartoe in staat is. En selfs al skiet sy vermoëns vér te kort, word hy "gedruk" tot waar hy nie meer kan nie, want hy moet eenvoudig st. 10 verwerf, buig of bars! En

buitendien, die hedendaagse jong seun het dikwels nie veel aansporing nodig om die plaaslewe vir dié van die stad te verruil nie, veral as hy boonop nog oor die nodige akademiese kwalifikasies beskik om 'n redelike betrekking te bekom in die stad. Dit waarborg vir hom o.a. 'n vet salaris en gustige werksomstandighede, in 'n toenemende materialisties-wordende gemeenskap - alles in skrille teenstelling met die onsekerhede van sy vader se boerderyondernemings! Só word geredeneer. En die ondersoek is daarvan oortuig dat dié ingesteldheid teenoor die boerderyberoep eenvormig is t.o.v. al die ander distrikte.

Maar dit is m.i. nie die hoofrede wat die jongman en selfs jongmeisie van die boerdery en landbou af weghou nie. Dit is in kern, veel eerder 'n verskynsel wat die Kommissie van Ondersoek na die Landbou só formuleer: "Die Kommissie verkeer onder die indruk dat die huidige onderwysstelsel in die Republiek van Suid-Afrika hoofsaaklik stadsgeorienteerd is. Gevolglik het dit die neiging tot vervreemding van die plaaslewe en bemoeilik dit noodwendig die vervanging van die slytasie van mannekrag in die landbou. (1970, p. 186). Voeg hierby droogtes en ander veeleisende tye waarvoor wetenskaplike beplanning en beoefening van die bedryf absolute voorvereistes is, tesame nog met die 'mentale' verstedelikingsneigings, en die kern van die ontvolking en dreinering van die platteland lê bloot.

Dié beroepe wat betrekking het op die boerdery en landbou het slegs 214 of 9,7% van die 2,210 matrikulante in diens geneem. Dit lyk voorts na 'n redelike afleiding dat, aangesien die streek nie nywerhede en ander werksmoontlikhede i.v.m. die landbou en boerdery het nie, skoolverlaters gedwing word om ander beroepe te volg. En die 'ander' beroepe kan hulle met aanlöklike addisionele voordele in stede en veral hoofstedelike sentrums, beoefen. Hierdie afleiding, sou ek sê, is ewe geldig met betrekking tot die st. 8-skoolverlaters van beide taalgroepe.

Tabelle ~~1 tot 2~~ hierbo gee 'n beknopte uiteensetting van die beroepe wat deur st. 8-skoolverlaters gedurende die tydperk 1955 tot 1970 gevolg is. In die verband nog die volgende aanvullende opmerkings.

Slegs 39 of 6,4% van die st. 8's wat gedurende die vermelde jare skool verlaat het om te gaan werk - van altwee taalgroepe - het hulle vir die boerdery beskikbaar gestel:

direk na plase as hulp vir die vader, en almal sonder enige vorm van landbou-opleiding.

Dit blyk verder dat die Engelssprekende st. 8-skoolverlaters in die onderhawige tydperk nie noemenswaardig belanggestel het in die Klerklike beroepsrigtings nie - nóg onder private nóg onder staats- of provinsiale beheer: 10 of 5,7% van die klerklike groepstotaal, of 1,6% van die totale getal st. 8-leerlinge wat gedurende die jare skool verlaat het om te gaan werk.

Die Klerklike, Handel en Verkope en Industrieel -geskool - beroepskategorieë was verreweg die gewildste onder die st. 8-skoolverlaters, met onder die Klerklike beroepsrigting die Polisie, Poswese en die Suid-Afrikaanse Spoorweë, in daardie volgorde, as die belangrikste werkverskaffers, veral aan Afrikaanssprekende st. 8's.

------------

3.7: BEROEPSBEOEFENING: Plaaslik of Elders.

ST. 10-leerlinge:

Tabel 1.

| SKOOL | JARE | Met of sonder st. 10 PLAASLIK | | TOT. | PERS. | Met of sonder st. 10 werk ELDERS | | TOT. | PERS. | HOëR as st. 10 en ONBEKEND | TOT. getal st. 10's |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | S. | D. | | | S. | D. | | | | |
| Hoërskool Aberdeen | 1950-1970 | 16 | 5 | 21 | 7,7 | 70 | 40 | 110 | 40,7 | 139(51,6%) | 270 |
| Hoërskool Jansenville | 1950-1970 | 11 | 4 | 15 | 6,7 | 70 | 40 | 110 | 49,5 | 97(43,6%) | 222 |
| Hoërskool Murraysburg | 1950-1970 | 20 | 5 | 25 | 13,8 | 19 | 47 | 66 | 36,6 | 89(49,4%) | 180 |
| Hoërskool Unie | 1950-1970 | 35 | 25 | 60 | 7,3 | 235 | 146 | 381 | 46,6 | 376(46,02%) | 817 |
| Hoërskool Volkskool | 1954-1970 | 42 | 41 | 83 | 11,5 | 178 | 176 | 354 | 49,1 | 283(39,3%) | 720 |
| GROOTTOTAAL: | | 124 | 80 | 204 | 9,4 | 572 | 449 | 1,021 | 46,2 | 984(44,5%) | 2,210 |

BEROEPSBEOEFENING: Plaaslik of elders:

ST. 8-leerlinge:

Tabel 2.

| SKOOL | JARE | Met of sonder st. 8: werk PLAASLIK | | TOT. | PERS. | Met of sonder st. 8: werk ELDERS | | TOT. | PERS. | Skool nà st. 8 | GETROUD en Onbekend | PERS. | TOT. st. 8's |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | S. | D. | | | S. | D. | | | | | | |
| Hoërskool Aberdeen | 1950-1970 | 39 | 35 | 74 | 13,9 | 88 | 84 | 172 | 32,3 | 267(50,2%) | 18 | 3,3 | 531 |
| Hoërskool Jansenville | 1952-1970 | 9 | 7 | 16 | 3,8 | 56 | 44 | 100 | 23,7 | 293(69,5%) | 12 | 2,8 | 421 |
| Middelbare Skool Klipplaat | 1952-1970 | 16 | 7 | 23 | 17,8 | 39 | 28 | 67 | 51,9 | 30(23,2%) | 9 | 6,9 | 129 |
| Hoërskool Murraysburg | 1950-1970 | 10 | 7 | 17 | 6,2 | 9 | 27 | 36 | 13,2 | 205(75,6%) | 13 | 4,7 | 271 |
| Hoërskool Unie | 1950-1970 | 7 | 5 | 12 | 1,1 | 21 | 6 | 27 | 2,4 | 1064(94,7%) | 20 | 1,7 | 1123 |
| Hoërskool Volkskool | 1955-1970 | 51 | 107 | 158 | 12,6 | 44 | 18 | 62 | 4,9 | 1006(80,2%) | 27 | 2,1 | 1253 |
| GROOTTOTAAL: | | 132 | 168 | 300 | 8,04 | 257 | 207 | 464 | 21,4 | 2865 | 99 | | 3728 |



66/......

3.8: Opmerkings m.b.t. die beroepsbeoefening - plaaslik of elders.

Daar blyk twee redes te wees wat uitsondering regverdig vanweë die betekenisvolle lig wat dit werp op die voorafgaande tabellariese aanbieding van beroepsbeoefening deur blanke st. 8- en 10-leerlinge, nl. (1) Al die skole in die gebied is oorwegend KOSSKOLE wat o.a. meebring dat min matrikulante plaaslik werk aanvaar, en (2) die streek is, globaal gesien, arm aan werksgeleenthede vir jongmense, omdat, o.a. die ekonomie en handel so kwynend voortbestaan en industrieë van geen aard aangetref word nie. Hiervoor is daar vroeër in die ondersoek op redes gewys.

"The fact of pupils probably getting employment elsewhere is quite an irrelavant consideration. With modern cities providing a less and less attractive educational environment, there is a strong argument for providing educational facilities in places like Grahamstown, Cradock, Adelaide, Graaff-Reinet, etc." (MORTON, op. cit., p. 5).

Maar dit is juis die dilemma: die meerderheid afgestudeerde st. 8- en 10-leerlinge KRY nie werk in plattelandse dorpe soos vermeld in Morton se aangehaalde siening nie, want daar is eenvoudig nie voldoende betekenisvolle werksgeleenthede daar nie, en DAAROM het stedelike sentrums soos Port Elizabeth, Oos-Londen, Kaapstad ens. so 'n magnetiese uitwerking op jongmense as dit o.a. om beroepsaanvaardingsplek gaan, ondanks hul klaarblyklike minder gunstige atmosfeer en omgewing vir onderwys en opvoeding. Dit is vir die ondersoek dus nie so 'n nie-tersaaklike oorweging soos wat in die aanhaling beweer word nie. Inteendeel, dit is wesenlik tersake: tesame met die feit dat al die skole in die streek kosskole is, is die situasie in sy totaliteit daarvoor verantwoordelik dat die gebied jaarliks 'n noemenswaardige potensiaal aan jong mannekrag verloor. Die statistiek vervat in die voorafgaande tabelle, probeer die onderhawige omstandighede in die lig stel.

Dié plattelandse gebiede staan dus jaarliks van hulle jongere en in baie gevalle bekwame kragte af aan stedelike gebiede, met nadelige gevolge vir die streek en sy bedrywe in die besonder.

Dis 'n ongelukkige toestand: dié plattelandse skole

probeer die kind se talente ontdek, dit ontwikkel en vorm en wanneer die jeugdige sy "oortrokke rekening" wil probeer vereffen, m.a.w. diens probeer lewer aan dié gemeenskap en streek waaraan hy sy ontwikkeling en vorming te danke het, word hy weggelok (en dan bedoel ek hy het eintlik nie 'n keuse nie) na die stad om dáár sy talente in te span, en is hy/sy miskien vir goed vir die platteland verlore. Hierdie demografiese tendens behoort elke individu wat die waarde en betekenis van die plattelandse lewe erken en hoog skat, te bekommer. Daarom is dit verblydend om die Kommissie van Ondersoek na die Landbou, só te sien skryf oor dié aangeleentheid: ".... dat daar van Staatsweë in hierdie verband besonder aandag geskenk word aan moontlikhede om groter werksgeleenthede in die plattelandse dorpe te bevorder as deel van die Staat se ekonomiese desentralisasiebeleid". (1970, p.184).

----------

3.9: Onderwyser-Leerlingverhouding:
Soos in 1971: Blanke Hoërskole:

| SKOOL | GETAL ONDERWYSERS | GETAL LEERLINGE | VERHOUDING |
|---|---|---|---|
| Hoërskool Aberdeen | 9 | 104 | 1:11,5 |
| Hoërskool Jansenville | 7 | 84 | 1:12 |
| Middelbare Skool Klipplaat | 3 | 27 | 1:9 |
| Hoërskool Murraysburg | 11 | 77 | 1:7 |
| Hoërskool Unie | 16 | 330 | 1:18,3 |
| Hoërskool Volkskool | 19 | 315 | 1:16,5 |
| GEMIDDELDE VERHOUDING: | 65 | 937 | 1:14,4 |

Blanke Laerskole: Soos in 1971

| | | | |
|---|---|---|---|
| Aberdeen | 11 | 218 | 1:19,8 |
| Jansenville | 6 | 138 | 1:23 |
| Adendorp | 2 | 33 | 1:16,5 |
| Klipplaat | 7 | 128 | 1:18,2 |
| Murraysburg | 3 | 133 | 1:44,3 |
| Unie (Laer) | 8 | 182 | 1:27,7 |
| Unie (Voorbereidende) | 7 | 154 | 1:22 |
| Volkskool | 17 | 397 | 1:23,3 |
| Waterford | 2 | 21 | 1:10,5 |
| W.E. Pienaar | 3 | 44 | 1:14,6 |
| GEMIDDELDE VERHOUDING: | 66 | 1448 | 1:21,9 |

3.10: Die tabelle hierbo weerspieël die posisie met betrekking tot die aspek onderwyser-leerlingverhouding (getallegewys) van die onderwys in die gebied. Dis 'n kardinale aspek waar daar in terme van goeie konstruktiewe onderrig en onderwys gedink word: die afwesigheid van 'n gesonde balans in die verhouding kan aanleiding gee tot ongekende frustrasies, verwarring vir kind en onderwyser, en oor-die-oppervlakte-langs-onderwysgee, deur die onderwyser. Dié dilemma vat Morton, waar hy dit oor

69/.......

Bantoe-onderwys het, so saam: "For all schools listed with ten or more teachers, the position is, one teacher for 66 pupils. This would be enough to drive a European teacher quite crazy: though we should remember that it was quite a familiar situation in European schools as recently as the early years of this century". (MORTON, op. cit., p. 7).

Dié evolusieproses wat hier ter sprake is en hom openbaar in enige ontwikkelende gemeenskap, reageer sensitief op sodanige ongunstige situasies en onderwyshervormers en sekere ander onvermydelike invloede binne so 'n evolusieproses, werk so iets teen en daar word na gestrewe om die leerlinge per leerkrag so laag moontlik te hou.

Wat die Blanke onderwys in die verband betref, is die posisie gunstig in die streek, soos die vermelde tabelle aandui: Die provinsiale onderwyser-leerlingverhouding volgens die 1971-provinsiale leerlingstatistiek het op 1:18,5 vir hoërskole en 1:22,4 vir laerskole onderskeidelik gestaan. Vyf van die hoërskole se verhouding was heelwat gunstiger as die 1:18,5 wat die provinsiale gemiddelde is vir hoërskole, t.w. 1:11,2 gemiddeld: 'n gunstigheid wat o.a. toegeskryf moet word aan die feit dat die meerderheid skole - hoër en laer - redelik KLEIN is. Die gemiddelde onderwyser-leerlingverhouding vir 10 Blanke laerskole in die streek was 1:21,5, wat gunstig vergelyk met die Provinsiale gemiddelde van 1:22,5. Hier haper dus min as daar aan voldoende voorsiening gedink word.

---------

HOOFSTUK 4.

Statistiese besonderhede oor Kleurlingskole van die streek:

4.1: Grafiese beeld van leerlingtalle vir ± 20 jaar: Grafieke genommer 1-12

Aangesien die Hoërskool Spandau op Graaff-Reinet die enigste hoërskool in hierdie gebied is en plus/minus 14 magistraatsdistrikte bedien, het die skool se leerlingtalle gedurende die 22 jaar wat vir die berekening geneem is, fenomenaal gegroei: Die globale wins vir die vermelde 22 jaar vanaf 1950 klink inderdaad soos 'n sprokie: +2651,8% of 'n gemiddelde jaarlikse toename van +120,5%. Daar was dan ook geen stadium in die skool se bestaan nie dat die leerlingtalle afgeneem het. Weliswaar het dit vir die laaste 11 jaar vanaf 1960 stadiger toegeneem - 'n persentasie van +121,1% wat 'n gemiddelde jaarlikse styging van +11,0% beteken teenoor 'n byna ongelooflike leerlingstyging van +1144,4% vir die EERSTE 11 jaar, of +104,03% jaarliks tot 1960.

Die algemene groei bly egter nog konstant sterk: leerlinge van so ver as Oudtshoorn, Mosselbaai, George woon ook die skool by, want dit beskik, soos reeds gesê, oor ruim moderne koshuisgeriewe.

LAERSKOLE:

De Rust - Aberdeen:

Hierdie plaaslaerskool se inskrywings openbaar 'n geleidelike afname van -11,6% vir 'n periode van 12 jaar, d.i. tot einde 1972. 'n Gemiddelde jaarlikse daling van -0,96% dus.

Kamdebo - Aberdeen:

Die skool is 'n Administrasie van Kleurlingsake-skool slegs vanaf 1964 en die statistiek is dan ook net vir die afgelope 9 jaar. Vorige jare se gegewens is nie beskikbaar nie. Met die oorname in 1964 het die skool 1024 leerlinge gehad, 'n getal wat in die daaropvolgende jaar 1965 tot 1129 leerlinge gestyg het. Dit verteenwoordig 'n toename persentasiegewys van +10,25. In die daaropvolgende jaar het die getalle weer drasties gedaal tot 531 wat 'n verlies van -52,9% beteken. Vir dié drastiese afname kon daar geen klaarblyklike oorsake gevind word nie. Vanaf 1966 tot 1972 het die inskrywings weer geleidelik begin groei om 'n toenamepersentasie van +83,23 daar te stel, of 'n gemiddelde jaarlikse groei van

71/......

+11,9%. Vir die 9 jaar van die skool se bestaan as Administrasieskool moet dit egter nog tevrede wees met 'n globale verlies van -4,9% of 'n gemiddelde jaarlikse afname van -0,58%. Of die oorname iets met die eienaardige fluktuasiepatroon te doen het, kan nie met sekerheid gesê word nie.

Kroonvale - Graaff-Reinet:

'n Geleidelike leerlingtoename tussen die jare 1955 tot 1962 vind plaas om 'n styging persentasiegewys van +26,7% of 'n gemiddelde jaarlikse groei van +3,3% daar te stel. Daarna, vanaf 1963 tot 1972 vind 'n meer drastiese styging plaas wat op 'n toename van +98,7% te staan kom, of 'n gemiddelde jaarlikse groei van +9,8% beteken. Die algemene groei vir die 18 jaar was +151,8% of 'n gemiddelde jaarlikse toename van +8,4%.

Lingcom - Graaff-Reinet:

'n Konstante geleidelik-stygende leerlingtal vanaf 1951 tot 1965 stel 'n groei van 107,8% vir die 15 jaar daar. Dit beteken 'n gemiddelde jaarlikse toename van +7,2%. Daarna, vanaf 1966 tot 1971 was die styging nog meer drasties en verteenwoordig dit 'n toename van +58,4% vir die 6 jaar wat neerkom op 'n gemiddelde jaarlikse groei van +9,7%. Omgereken en in verhouding gesien met die toename van die eerste 15 jaar, beteken hierdie styging 'n +146% toename. Die globale posisie stel 'n algemene groei van +269,5% daar vir die 21 jaar, of 'n gemiddelde jaarlikse toename van +12,8%.

N.G. Kerk-skool - Jansenville:

Leerlinginskrywings toon 'n geleidelike toename van +55,8% vir die eerste 13 jaar vanaf 1955 - 'n gemiddelde jaarlikse styging van +4,3% dus. Vir die daaropvolgende 4 jaar is die toename egter betekenisvoller en verteenwoordig dit 'n groeipersentasie van +59,7, wat verhoudingsgewys met die vorige jare se groei +194,02% sou beteken. Die gemiddelde jaarlikse groei vir die vier jaar is +14,4%. Die posisie in sy geheel gesien, dui op 'n globale toename vir die 17 jaar wat op +148,8% te staan kom, of gemiddeld jaarliks +8,7%.

N.G. Kerk skool - Murraysburg:

Tussen 1955 en 1969, m.a.w. vir 15 jaar het die laerskool se leerlingtal geleidelik gegroei met +102,4% of gemiddeld jaarliks met +6,8%. Vir die oorblywende 3 jaar tot 1972 was

die toename +39,8% of gemiddeld jaarliks +13,2% - dit, verhoudingsgewys met die vorige 15 jaar kom op +199,0% te staan. Die globale toename vir die 18 jaar was +185,5%, of anders gestel: gemiddeld jaarliks toegeneem met +10,3%.

N.G. Kerk-skool - Waterford:

Vir die eerste 8 jaar vanaf 1952 het die skool se inskrywings geleidelik gegroei teen 'n tempo van +70,2% of gemiddeld jaarliks met +8,7%. Gedurende die daaropvolgende 9 jaar neem die leerlingtal met verdrag af en stel 'n dalingspersentasie van -26,9 daar, of gemiddeld jaarliks -2,9%. Vir die laaste 3 jaar het die inskrywings met +47,8% toegeneem - gemiddeld jaarliks +15,9% - Weer eens is dit moeilik om die insinking in leerlingtalle gedurende die "middel jare", soos duidelik gereleveer deur die grafiese voorstelling, aan enige spesifieke oorsake te koppel. In die geheel gesien, het die skool egter vir die 20 jaar met +106,06% gegroei, of gemiddeld jaarliks met +5,3%.

Retief Gedenk-skool - Klipplaat:

Die leerlinginskrywings van die skool toon 'n geleidelike toename vir die 11 jaar vanaf 1951 tot 1961 wat op +75,3% te staan kom, of gemiddeld jaarliks +6,8%. Vir die daaropvolgende 3 jaar tot 1964, is die groei, vergelykenderwys beskou met die van die aanvanklike 11 jaar, baie meer drasties en stel 'n toename van +37,9% daar, wat 'n gemiddelde jaarlikse groei van +12,6% beteken. Die daaropvolgende drie jaar neem die inskrywings af, in vergelyking met die voorafgaande 3 jaar s'n, en stel 'n afname van -9,3% daar, of gemiddeld jaarliks -3,1%. Die laaste 4 jaar tot einde 1971 was die groei weer so drasties dat dit 'n persentasie van +53,5% daargestel het, of gemiddeld jaarliks +13,4%. Globaal bereken, stel die skool egter 'n leerlingtoename daar van +11,6% gemiddeld jaarliks.

Of die teenwoordigheid vandie Suid-Afrikaanse Spoorweë met die skerp groei iets te make het, is moeilik om te sê, maar dit is 'n faktor wat nie totaal uitgesluit moet word nie, aangesien die Spoorweë werk verskaf aan 'n groot persentasie Kleurlinge, en die sekuriteitselement met betrekking tot die inkomste van die werknemers is hoog, daar dit regeringswerk is.

Ryneveld - Graaff-Reinet:

73/......

Ryneveld - Graaff-Reinet:

Vir die 19 jaar vanaf 1950 tot 1968 het die skool 'n geringe daling van -1,5% in sy inskrywings ondervind. Daarna tot 1971, m.a.w. 3 jaar was die styging uiters drasties en 'n toename van +104,3% of 'n gemiddelde jaarlikse styging van +34,7% is daargestel. Dit wil sê dat die afname vir die 19 jaar tot 1968 in die laaste drie jaar tot 1971 omgeskep is in 'n toename vir die 22 jaar wat te staan kom op +101,2% of 'n gemiddelde jaarlikse styging van +4,6%.

Murraysburg-"U.C.C."-skool:

Vanaf 1951 tot 1961 het die skool se leerlingtal geleidelik toegeneem om 'n persentasie van +32,06 daar te stel, wat 'n gemiddelde jaarlikse styging van +2,9% beteken. Vir die daaropvolgende 10 jaar tot 1971 was die groei effens sterker en bereik +52,6% of gemiddeld jaarliks +5,26%. Die inskrywings in hulle geheel gesien vir die 21 jaar verteenwoordig 'n toename van +4,8%.

"U.C.C."-skool - Adendorp:

Die inskrywings het effens afwaarts geneig vir die 10 jaar vanaf 1950 tot 1959 en 'n afname van -14,6% is daargestel, of gemiddeld -1,4% jaarliks. Vir die daaropvolgende 11 jaar tot 1971 neig die inskrywings sterk opwaarts om 'n persentasie van +56,55 daar te stel, of 'n gemiddelde jaarlikse toename van +5,14%. Die posisie in sy geheel gesien, verteenwoordig 'n toename van +1,6% jaarliks.

---

74/.......

## 4.2: Opmerkings oor en beknopte analises van die grafiese voorstellings:

Van die elf Kleurlinglaerskole wat in die ondersoek betrek is, het slegs TWEE 'n afname met betrekking tot leerlingtalle getoon vir die 20 jaar-periode. Die gemiddelde verlies kom op -8,2% te staan, of 'n jaarlikse afname van -0,41%. Een van dié skole nl. DE RUST in die Aberdeen-distrik, voer ooglopend 'n kwynende bestaan: plaasarbeiders trek dorp toe of verlaat die distrik heeltemal weens die droogtes; toestande wat saamspan met swak boerdery-metodes, meganisasie van plaasarbeid en natuurlik 'n gebrek aan voldoende ordentlike skoolgeriewe by die plaasskole tref hulle uiters nadelig. Die gemiddelde algemene groei vir die laerskole gedurende die 20 jaar kom egter op +119,2% te staan, of 'n jaarlikse toename van +5,9%.

Die volgende besonderhede aangaande Kleurlingsensus sal waarskynlik die voorafgaande omstandighede in duideliker perspektief plaas: Gedurende die 10 jaar wat die laaste sensusopname van 1970 voorafgegaan het, het die Kleurlingbevolking van die distrikte Aberdeen, Graaff-Reinet, Jansenville-Klipplaat en Murraysburg met 5060 individue toegeneem: 'n wins van +18,4% of 'n gemiddelde jaarlikse toename van +1,84%.

Sulke astronomiese groeipersentasies in die Kleurlingonderwys van die onderhawige gebied doen dus nie as eienaardig of onverwags voor nie, veral nie waar die Kleurling vir die afgelope aantal jare vanuit verskeie oorde sterk onder die indruk gebring is van die essensieël opheffende waarde van onderwys en opvoeding, en onderwysgeriewe bowendien sulke verbasende spronge voorwaarts onder die Departement Kleurlingsake gemaak het.

In Februarie 1969 al, het die laerskool Kamdebo in Aberdeen dié groei en ontwikkeling dermate ondervind dat die skool by monde vandie hoof die volgende dringende versoek aan die Departement Kleurlingsake gerig het: "Na bespreking van die akkommodasie-aangeleentheid is daar besluit om die Departement vriendelik te versoek om 5 klaskamers by die skool aan te bou en wel om die volgende redes: (a) Dat die bevolking (Kleurling) van die dorp bestendig is weens die feit dat plaasarbeiders gedurig dorp toe trek weens droogtes, vermindering van arbeiders as gevolg van beter boerderymetodes en meganisasie, en gebrek

aan skoolgeriewe op die plase. (b) Die beskikbaarheid van huise in die dorp sal 'n bestendige bevolking verseker. (c) Dat, alhoewel die broodwinners "uit" werk hulle families agterbly in die dorp. (d) Dat aanbeveel word dat die Departement met die Munisipaliteit in verbinding moet tree i.v.m. die beskikbaarheid van huise".

Vir verdere gedagtes oor die uitbreiding en verbetering van onderwysgeriewe wat hierby aansluit, maar om redes van indeling en rangskikking van stof, elders verwerk is, verwys ek na die gedeelte "Samevattende Opmerkings" van hoofstuk 2:2,4.

----------

4.3: Dreineringsbeeld vir Kleurling- Hoër en Laerskole:

Die Hoërskool Spandau: Sts. 6 tot 10.

1956 tot 1960 = -42,1%
1957 tot 1961 = -55,1%
1958 tot 1962 = -44,3%
1959 tot 1963 = -57,3%
1960 tot 1964 = -63,5%
1961 tot 1965 = -53,6%
1962 tot 1966 = -74,0%
1963 tot 1967 = -59,2%
1964 tot 1968 = -84,7%
1965 tot 1969 = -83,5%
1966 tot 1970 = -65,3%
1967 tot 1971 = -61,3% : Gemiddelde verlies = -61,9%

LAERSKOLE:

De Rust - Aberdeen: Sub A tot st. 4.

1961 tot 1966 = -96%
1962 tot 1967 = -87,5%
1963 tot 1968 = -78,5%
1964 tot 1969 = -61,5%
1965 tot 1970 = -66,6%
1966 tot 1971 = -50,0%
1967 tot 1972 = -100,0% : Gemiddelde verlies = -77,1%

Kamdebo - Aberdeen: Sub A tot st. 6.

1964 tot 1971 = -6,8%
1965 tot 1972 = +16,6% : Gemiddelde groei = +9,8%

Dit dien daarop gelet te word dat die skool se inskrywings net beskikbaar is vanaf 1964 toe die Departement van Kleurlingsake oorgeneem het.

Kroonvale - Graaff-Reinet:

1955 tot 1961 = -70,5%
1956 tot 1962 = -55,07%
1957 tot 1963 = -56,3%
1958 tot 1964 = -61,6%
1959 tot 1965 = -67,7%
1960 tot 1966 = -42,1%
1961 tot 1967 = -44,4%
1962 tot 1968 = -40,2%
1963 tot 1969 = -47,7%
1964 tot 1970 = -72,9%
1965 tot 1971 = -69,7%
1966 tot 1972 = -68,2% : Gemiddelde verlies = -58,02%

Lingcom - Graaff-Reinet: Sub A tot st. 5.

| | |
|---|---|
| 1951 tot 1957 | = -42,1% |
| 1952 tot 1958 | = -11,1% |
| 1953 tot 1959 | = -18,1% |
| 1954 tot 1960 | = +29,8% |
| 1955 tot 1961 | = +81,1% |
| 1956 tot 1962 | = -62,7% |
| 1957 tot 1963 | = -72,7% |
| 1958 tot 1964 | = -53,4% |
| 1959 tot 1965 | = -62,7% |
| 1960 tot 1966 | = -49,5% |
| 1961 tot 1967 | = -36,3% |
| 1962 tot 1968 | = -46,5% |
| 1963 tot 1969 | = -45,6% |
| 1964 tot 1970 | = -50,2% |
| 1965 tot 1971 | = -47,7% |

: Gemiddelde verlies = -37,5%

N.G. Kerk_skool - Jansenville: Sub A tot st. 6.

| | |
|---|---|
| 1955 tot 1962 | = -85,7% |
| 1956 tot 1963 | = -85,2% |
| 1957 tot 1964 | = -85,7% |
| 1958 tot 1965 | = -66,6% |
| 1959 tot 1966 | = -77,1% |
| 1960 tot 1967 | = -90,1% |
| 1961 tot 1968 | = -87,5% |
| 1962 tot 1969 | = -86,5% |
| 1963 tot 1970 | = -86,2% |
| 1964 tot 1971 | = -79,7% |

: Gemiddelde verlies = -83,03%

N.G. Kerk-skool - Murraysburg: Sub A tot st. 6.

| | |
|---|---|
| 1955 tot 1962 | = -59,5% |
| 1956 tot 1963 | = -48,5% |
| 1957 tot 1964 | = -73,4% |
| 1958 tot 1965 | = -80,3% |
| 1959 tot 1966 | = -83,1% |
| 1960 tot 1967 | = -71,1% |
| 1961 tot 1968 | = -60,0% |
| 1962 tot 1969 | = -62,5% |
| 1963 tot 1970 | = -76,0% |
| 1964 tot 1971 | = -56,6% |
| 1965 tot 1972 | = -67,1% |

: Gemiddelde verlies = -67,1%

"U.C.C."-skool - Murraysburg: Sub A tot st. 6.

| | |
|---|---|
| 1951 tot 1958 | = -90,0% |
| 1952 tot 1959 | = -93,4% |
| 1953 tot 1960 | = -87,7% |
| 1954 tot 1961 | = -85,7% |
| 1955 tot 1962 | = -81,7% |
| 1956 tot 1963 | = -81,8% |
| 1957 tot 1964 | = -78,1% |
| 1958 tot 1965 | = -92,6% |
| 1959 tot 1966 | = -82,3% |
| 1960 tot 1967 | = -85,2% |

"U.C.C."-skool (vervolg):

1961 tot 1968 = -76,2%
1962 tot 1969 = -68,5%
1963 tot 1970 = -63,4%
1964 tot 1971 = -48,1% : Gemiddelde verlies = -79,6%

"U.C.C."-skool - Adendorp: Sub A tot st. 5.

1950 tot 1956 = -72,0%
1951 tot 1957 = -87,8%
1952 tot 1958 = -78,9%
1953 tot 1959 = -46,6%
1954 tot 1960 = -75,0%
1955 tot 1961 = -84,2%
1956 tot 1962 = -42,1%
1957 tot 1963 = -76,9%
1958 tot 1964 = -66,6%
1959 tot 1965 = -61,9%
1960 tot 1966 = -78,5%
1961 tot 1967 = -80,9%
1962 tot 1968 = -79,3%
1963 tot 1969 = -76,4%
1964 tot 1970 = -68,1%
1965 tot 1971 = -59,4% : Gemiddelde verlies = -70,9%

Retief Gedenk-skool - Klipplaat: Sub A tot st. 6.

1955 tot 1962 = -84,6%
1956 tot 1963 = -73,7%
1957 tot 1964 = -73,6%
1958 tot 1965 = -70,5%
1959 tot 1966 = -63,0%
1960 tot 1967 = -84,2%
1961 tot 1968 = -74,5%
1962 tot 1969 = -88,0%
1963 tot 1970 = -84,6%
1964 tot 1971 = -72,3% : Gemiddelde verlies = -76,9%

Waterford-skool - Waterford: Sub A tot st. 5.

1951 tot 1957 = -57,1%
1952 tot 1958 = -60,0%
1953 tot 1959 = -57,1%
1954 tot 1960 = -71,4%
1955 tot 1961 = -77,7%
1956 tot 1962 = -77,7%
1957 tot 1963 = -60,0%
1958 tot 1964 = -60,0%
1959 tot 1965 = -77,7%
1960 tot 1966 = -62,5%
1961 tot 1967 = -93,7%
1962 tot 1968 = -100.0%
1963 tot 1969 = -78,5%
1964 tot 1970 = -93,3%
1965 tot 1971 = -85,7% : Gemiddelde verlies : -74,1%

4.4: <u>Opmerkings n.a.v. bostaande dreineringstabelle:</u>

Tien laer- en een hoërskool (die enigste) is in die ondersoek betrek; die 10 laerskole het 'n gemiddelde dreinering van -68,2% daargestel, of 'n gemiddelde sewejaarlikse verlies van -6,1%. Die enigste hoërskool se verlies vir die 12 vyfjaarlikse periodes kom te staan op -61,9%. Dit beteken dat die posisie van die Kleurlingskole in die verband van heelwat meer verontrustende dimensies blyk te wees: slegs sowat 38% van die Kleurlingkinders wat st. 6 begin, bereik st. 10, en vanselfsprekend kan nie beweer word dat almal ook matriek slaag nie: baie gaan werk sonder dié gesogde sertifikaat. Sowat 31% van die Kleurlingkinders wat SUB A begin, bereik st. 5 - in sommige skole gaan die laerskool tot by st. 6 - en die meeste van diè leerlinge slaag waarskynlik.

By gebrek aan verpligte skoolbywoning (in die tydperk wat die ondersoek dek) en stremmende sosio-ekonomiese omstandighede op die platteland, moet daar in gedagte gehou word dat in die berekeninge rekening gehou moet word met 'n ruim persentasie Kleurlingkinders wat NOOIT skool bygewoon het nie, of wat op 'n baie 'gevorderde' ouderdom vir die eerste keer skool toe gegaan het, en derhalwe gou 'n ouderdom bereik het waarop dit eintlik nie meer lonend was vir die ouers sowel as die kind om verder die kind te laat skoolgaan nie, en hy weliswaar die produktiefste vir die gesin is, as hy/sy maar uitbreek en verdien.

----------

4.5: BEROEPSKEUSEBEELD VIR ST. 8- EN 10-LEERLINGE: 1950 TOT 1970.

(A) Werksaam op en dienste i.v.m. die grond/boerdery/landbou:

| | Staats (Sentr. Regr. en Prov.) | Privaat Boer: Uitv. | Privaat Boer: Arb. |
|---|---|---|---|
| Hoërskool Spandau | - | - | - |

(B) Professioneel, Tegnies, Administratief:

| | Staats (Sentr. Regr. en Prov.) | Privaat. |
|---|---|---|
| Hoërskool Spandau | 219 | 22 |

(C) Klerklik:

| | Staats (Sentr. Regr. en Prov.) | Privaat (Munisipaliteit en ander) |
|---|---|---|
| Hoërskool Spandau | 5 | - |

(D) Industrieel:

| | Staat (geskool) | Privaat (geskool) |
|---|---|---|
| Hoërskool Spandau | - | 1 |

(E) Industrieel:

| | Staat (semi-geskool) | Privaat (semi-geskool) |
|---|---|---|
| Hoërskool Spandau | - | 59 |

(F) Vakman:

| | Staat | Privaat. |
|---|---|---|
| Hoërskool Spandau | - | 1 |

Die "geen rekenskap"-groep bestaan uit 161 leerlinge, of 30,2%.

81/.......

HOëRSKOOL SPANDAU: ST. 8-LEERLINGE VIR DIESELFDE TYDPERK.

(A) Professioneel, Tegnies, Administratief:

| Staats (Sentr. Regr. en Prov.) | Privaat |
|---|---|
| 402 (Onderwys)<br>65 (Verpleging) = 467 | 1 |

(B) Klerklik:

| Staat | Privaat |
|---|---|
| 3 | - |

(C) Industrieel:

| Staat (geskool) | Privaat (geskool) |
|---|---|
| - | - |

(D) Industrieel:

| Staat (ongeskool) | Privaat (ongeskool) |
|---|---|
| 11 | 94 |

(E) Vakman:

| Staat: | Privaat |
|---|---|
| - | 37 |

Van 31 of 5,04% st. 8-skoolverlaters kon geen rekenskap gegee word nie, terwyl 72 of 11,7% st. 8's gedurende die onderhawige jare aangegaan het st. 10 toe.

4.6: Opmerkings oor die beroepsindelings t.o.v. st. 8-en 10-skoolverlaters vir die jare 1950 tot 1970:

Die studie het voorheen gewag gemaak van die fenomenale groei, bykans t.o.v. alle fasette, wat Kleurlingonderwys onder die Departement Kleurlingsake beleef het en nog steeds ervaar. Dié groei manifesteer hom op verskeie terreine, o.a. in die bykans verbluffende aanvraag wat daar in die onderhawige 20 jaar was na opgeleide en selfs leke-onderwysers. Tabel 8 vertel

ŉ deel van die verhaal: 204 of 85,0% van die 219 professioneel-ingedeelde st. 10-beroepsbeoefenaars in diens van die Departement Kleurlingsake, was ONDERWYSERS. Hierteenoor het slegs 37 of 15,4% van die professioneel-geklassifiseerdes van die betrokke standerd - provinsiaal en privaat - ander beroepe soos bv. Verpleging gevolg.

Tabel 4 van die st. 8-skoolverlaters vertel ŉ verdere deel van die vermelde verhaal: 402 of 86% van die genoemde leerlinge het hulle in die 20 jaar vanaf 1950 vir die Onderwys bewillig. Slegs 66 of 14% van AL die professioneel-geklassifiseerdes het hulle in ANDER beroepe as die Onderwys bekwaam. Saam was die wins vir die onderwys uit die twee groepe skoolverlaters dus 606 of 85,5% van al die professioneel-geklassifiseerdes, m.a.w. st. 8 en 10, of 65,8% van die totale getal st. 8 en 10's; dit teenoor die ander beroepe se 226 of 24,5% van die totale getal st. 8 en 10's.

ŉ Ander aspek wat m.i. spesiale vermelding verdien, is die betreklik lae aantrekkingskrag of belangstelling wat die VAKMANSberoepe: skrynwerker, messelaar, verwer ens. van die Kleurlingjongman geniet het. Dit is oorbekend dat die Kleurling onbetwisbare talent openbaar in vermelde beroepsrigtings, sy kulturele en vakmanstradisies getuig mildelik daarvan. Die syfers vir st. 10- en st. 8-skoolverlaters wat in die onderhawige rigting gegaan het, is ŉ skrale 1 of 0,21% van die st. 10-groep, en 37 of 5,6% van die st. 8-groep onderskeidelik. Die hoër persentasie vakmanne uit die st. 8-groep is miskien in ŉ mate te verklaar as daaraan gedink word dat tot nou toe - en dit kan nog lank so wees - het die Kleurlingvakman met weinig uitsondering nooit hoër as st. 6 gegaan om sy plek in die vakmanswêreld te vind nie: daar word o.a. geredeneer dat, as die vorige geslagte outodidakties te werk kon gegaan het in die aanleer van ŉ vakmanskap, waarom nie die huidiges nie - dit maak formele opleiding half onnodig!

En eintlik het die onderwys soveel rekrute uit die totale skoolverlaters getrek dat daar weinig oor was vir die ander beroepe, waar o.a. ŉ sekere mate van geskooldheid vereis word.

Sedert om en by 1966 is daar egter spesiale beroepskole vir Kleurlinge in sekere sleutelstede opgerig. Die amptelike navorsingsorgaan van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudings, nl. "A survey of race relations in South Africa",

die 1966-uitgawe, vertel dié opset en voorwaartse stap só onder die opskrif "Comprehensive high Schools":

> "The Department of Coloured Affairs is establishing multilateral high schools, at which pupils may take academic, commercial, or technical Junior Certificate and Senior Certificate examinations. This system has been introduced in the Spes Bona High School (previously called the Cape Vocational High School), and is to be introduced in 1967 at four others - in Worcester, Oudtshoorn, Port Elizabeth and Kimberley. A further such school will be established later in Johannesburg. All of them will have hostel accommodation.
>
> Girls will be able to take, as examination subjects, typing, shorthand, commerce, book-keeping, domestic science, or needle work. For boys there will be courses in cookery, steam laundry, or pre-vocational courses in sheet-metal work and plumbing, metal work and welding, fitting and turning, bricklaying and plastering, painting and decorating, woodwork, or for electricians or motor mechanics". (HORRELL, 1966, pp. 264-265).

Die industrieel (ongeskool) - Staat en Privaat - het 105 st. 8-skoolverlaters of 16,3%, en die Industrieel (geskool) - Privaat - het slegs EEN st. 10-leerling 'n beroepstuiste gebied. Hierdie toedrag van sake teen die vermelde agtergrond gesien, is betekenisvol en kan waarskynlik toegeskryf word aan o.a. die afwesigheid van tegniese beroepskoolgeriewe en verwante werksgeleenthede vir die Kleurling op die platteland, binne sy bereik - 'n opset wat in die meeste opsigte vergelykbaar is met dié van die Blanke bevolkingsgroep s'n.

'n Ander aspek wat die ondersoek wens te releveer is die posisie van die Kleurling met betrekking tot die landbou- en boerderybedryf - in besonder dan in die onderhawige streek.

Duisende nie-blankes, veral Kleurlinge, bevind hulle in die vier distrikte met hul gesinne op plase. Die sg. "grondeksploiteerder" of is dit miskien - grondbaron - koop soveel moontlik grond (plase) en vestig veral Kleurlinge daarop; hyself kan nie daar woon nie, want hy woon òf in die dorp, òf op een van die baie plase, met voor-die-hand-liggende

84/.....

gevolge: die nie-blanke bewoner weet niks van wetenskaplike, selfs nie eers oordeelkundige boerderymetodes nie, en die grond word pynlik verniel en vertrap: dit gaan by diesulkes om verstaanbare redes, net om 'n daaglikse lewensonderhoud vir die gesin.

Die ondersoek het uit gesprekke met veral Kleurling-plaasarbeiders bo twyfel vasgestel dat, omdat die vader in baie gevalle 'n sukkelbestaan voer: baie redeneer dat, as hulle geldelike loon laag is, sukkel hulle, ongeag ander gratis by-voordele - ontmoedig hulle hul kinders om ook op die plaas te kom woon. In die stede - al moet hulle ver van die ouer-huis af weggaan - kan hulle 'n skaflike loon verdien met baie ANDER voordele wat hoofstedelike en stedelike gebiede bied. Dit help bowenal om die andersins karige inkomste van die ouers aan te vul en tesame daarmee kan die kind dan vanweë sy noue kontak met die stad en sy invloede, altyd NUWIGHEDE - ook invloede - huis toe bring: nuwighede wat die hele gesin - soms familie - intrigeer en met verbasing laat staan voor die STAD en sy "mooi" dinge; so het die ouers ook altyd iets om na uit te sien - as teenvoeter vir die bra saai plaasbestaan - en bring dié sg. "mentale" verstedeliking geleidelike en subtiele veranderinge in die Kleurlinghuishouding en verhoudinge ook op die platteland mee.

Op so 'n manier, weer eens, is onbetwisbare VERVREEMDING van die platteland en die plattelandse ekonomie aan die orde van die dag, en is dit m.i. o.a. 'n direkte uitvloeisel van die tipe onderwysstelsel; 'n vervreemding wat in sowel die geval van die Blanke en Kleurling, noemenswaardig aan momentum gewen het.

Die ondersoek is gevolglik van mening dat dit al lank reeds tyd was dat daar met basiese landbou- en boerderyopleidings-programme begin moes geword het. Die Kommissie van Ondersoek na die Landbou sê immers: "Die daarstelling van meer hoër-landbouskole word sterk bepleit. Die ideaal moet wees om daarvoor voorsiening te maak dat alle voornemende boere in die toekoms hul basiese opleiding aan hoërlandbouskole ontvang voordat hulle volskaals tot die boerderybedryf toetree". Dit word gesê met betrekking tot die Blankes, maar waarom nie ook die gedagte van landbouopleiding in beginsel t.o.v. die platte-landse Kleurling goedkeur nie, en die realiteite van die situasie sal beslis vir die Owerheid, na deeglike oriëntasie, bepaal

WAT en HOE gedoen moet word om in die bestaande leemtes te voorsien. Graaff-Reinet is miskien die sentraalste geleë vir die doel, of moet dit nader aan die Oranjerivierprojek gebring word?

Dit word erken dat die Kleurling nooit in die streek 'n plaaseienaar sal wees nie, dog dat baie Kleurlinge altyd op die een of ander manier werksaam sal wees met die boerdery en landbou, is nie te betwis nie. En namate die Kleurling wetenskaplike boerderykennis opdoen en leer, dermate sal produktiwiteit op die plaas voordelig beïnvloed word.

Die ondersoek het gevind dat plaasarbeiderskap beperk was tot leerlinge wat skool by st. 6 verlaat het om te gaan werk. Vir 'n gemiddelde 14 jaar vanaf 1950 het 'n 1006 st. 6-leerlinge, met of sonder om st. 6 te slaag, afkomstig van 6 Kleurlinglaerskole skool verlaat om te gaan werk. (Die oorblywende vier laerskole gee net onderrig tot st. 5). Hiervan het 228 of 22,6% hul skoolloopbaan ná st. 6 voortgesit by hoofsaaklik die Hoërskool Spandau op Graaff-Reinet. 90 of 8,9% het as plaasarbeiders begin werk en die ondersoek het vasgestel dat al dié leerlinge druipelinge was in st. 6.

Verder lyk die gemiddelde arbeidstruktuur vir die 6 vermelde laerskole se oorblywende st. 6-skoolverlaters só:

Arbeiders (plaas- ingesluit) = 28%
Huisbediendes (almal vroulik) = 14,1%
Vakman (skrynwerker, messelaar ens.) = 5,1%
Polisie .......................... = 2,5%
Onderwys .......................... = 6,7%
Verpleging .......................... = 2,5%
Vragmotorbestuurder ................ = 0,36%
Die "geen rekenskap"-groep ......... = 9,3%

---

4.7: BEROEPSBEOEFENING: ST. 8 EN 10-LEERLINGE: PLAASLIK OF ELDERS.

ST. 10-LEERLINGE: 1950 TOT 1970:

| SKOOL | Met of sonder st. 10 Plaaslik | | Totaal | Pers. | Met of sonder st. 10: Elders | | TOT. | PERS. | Hoër opl. as st. 10 | Tot. getal st. 10 | Onbekend |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | S. | D. | | | S. | D. | | | | | |
| Hoërskool Spandau | 11 | 7 | 18 | 3,5 | 190 | 29 | 219 | 43,02 | 250(49,1%) | 509 | 22:4,3% |

ST. 8-LEERLINGE: 1950 TOT 1970:

| SKOOL | Met of sonder st. 8: Plaaslik | | Tot. | Pers. | Met of sonder st. 8: Elders | | Tot. | Pers. | Skoolopleiding verder as st. 8. | Pers. | Onbekend | Tot. getal st. 8's. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | S. | D. | | | S. | D. | | | | | | |
| Hoërskool Spandau | 101 | 42 | 143 | 10,8 | 327 | 128 | 455 | 34,4 | 690 | 52,2 | 33(2,4%) | 1321 |

4.8: Opmerkings n.a.v. die beroepsbeoefening van st. 8 en 10-skoolverlaters vir die jare 1950 tot 1970:

Dit is begryplik dat slegs 3,5% van die st. 10-skoolverlaters in die onderhawige jare plaaslik werk kon kry, daar werksgeleenthede vir die Kleurlingjongman en -jongmeisie wat st. 10 slaag of selfs druip - in die Staats- en Private sektor - allesbehalwe voldoende is, in selfs in betreklik vooruitstrewende dorpe soos Graaff-Reinet. Dus het die grootste persentasie jongmense, nl. 43,02% elders 'n beroepsheenkome probeer vind.

Die "skaarsheid" werk gevoelig in op die st. 10-skoolverlater wat per slot van rekening nie tevrede kan wees met sommer maar net 'n arbeiderswerk hier of daar PLAASLIK nie. Dit volg dus logies dat die Kleurlinggemeenskappe in dié plattelandse dorpe (soos ook elders) in hoofsaak dus ook nie die direkte voordeel van die meerderheid van hulle afgestudeerde st. 10's en st. 8's het nie, maar tevrede moet wees dat stedelike sentrum deur die emigrasietendens bevoordeel word: die werksgeleenthede wat diesulkes soek, is dáár volopper; en teenswoordig word die jong Kleurlingman en meisie in toenemende mate deur die groeikragtige handel en nywerheid in stede opgeneem. Voorts kan ook verwag word dat 'n geringe persentasie van die 49,1% wat hoër opleiding as st. 10 gehad het, m.a.w. aan universiteite en kolleges, PLAASLIK 'n beroep beoefen, aangesien beroepsgeleenthede vir professioneel-gekwalifiseerde Kleurlinge eintlik beperk is net tot die onderwysberoep, in die distrikte.

Die volgende sienings van Truu en Blumenfeld releveer die dilemma miskien die ondubbelsinnigste in sy oorsaaklike en konsekwensiële aspekte: "Clearly, both the Cape Midlands and Karroo region, as well as other hinterland areas of the Cape Province, have been losing their population to other parts of the Republic. Their inability to retain their populations must be seen as a function of their limited capacities to provide for the gainful employment of their residents. This factor is also reflected in the relationships between total employment and total population in these regions".

"Conversely, dependency rates are higher in the region - in other words, for each race there is a larger number of economically inactive people for every worker in the region than there is in the Republic as a whole, indicating that the labour force carries a greater burden of support".

88/.......

"This situation can be ascribed mainly to structural differences in the respective population of the region and the Republic".

"These structural differences are probably due to a large extent to the fact that a substantial number of adults of working age in each race group tend to leave the region in search of work elsewhere, and that, of these out-migrants, a majority tend to be males, thereby reducing both the proportion of the region's population in the working age group and the crude activity rates. This is, of course, as much the result of lack of employment opportunities in the region as it is of the longterm trend towards urbanisation." (Blumenfeld, op. cit., p.24).

In die lig van geen-verpligte skoolbywoning vir die Kleurling sowel as die Bantoe, staan die geldigheid en gepastheid van bostaande sitate duidelik in die lig; die kern waarvan eweseer geld vir die posisie van die Blanke in die betrokke opsig, ondanks verpligte skoolbywoning.

## 4.9: ONDERWYSER-LEERLINGVERHOUDING.

HOëRSKOOL SPANDAU: STS. 6 TOT 10 SOOS IN 1971.

| Onderwysers | Leerlinge | Verhouding. |
|---|---|---|
| 29 | 743 | 1:25,6 |

KLEURLING-LAERSKOLE: SOOS IN 1971.

| Skool | Onderwysers | Leerlinge | Verhouding |
|---|---|---|---|
| Aberdeenweg | 3 | 95 | 1:31,6 |
| Adendorp "U.C.C." | 6 | 191 | 1:32 |
| De Rust | 2 | 38 | 1:19 |
| Jansenville N.G.K. | 13 | 428 | 1:33 |
| Kamdebo | 31 | 1050 | 1:33,8 |
| Kroonvale | 27 | 942 | 1:35 |
| Lingcom | 40 | 1323 | 1:33 |
| Murraysburg N.G.K. | 14 | 474 | 1:33,8 |
| Murraysburg "U.C.C." | 10 | 372 | 1:37 |
| Retief Gedenk | 12 | 397 | 1:33 |
| Ryneveld | 27 | 936 | 1:34,6 |
| Waterford N.G.K. | 2 | 68 | 1:34 |

## 4.10: Opmerkings n.a.v. die bostaande onderwyser-leerling-verhouding:

Aanvullend in die verband wil die ondersoek daarop wys dat die posisie van Kleurlingonderwys uiters gunstig blyk te wees: Die enigste hoërskool in die gebied het 'n onderwyser-leerlingverhouding van 1:25,6 wat baie gunstig vergelyk met die doelwit 1:24 wat die Departement Kleurlingonderwys vir die Provinsie daarstel. Die gemiddelde onderwyser-leerlingverhouding vir die 12 laerskole hierbo vermeld, kom te staan op 1:32,5 wat weer eens gunstig vergelyk met die beleid van die Onderwysowerheid se 1:30 vir provinsiale laerskole.

In terme van Provinsiale beleid is die skole in die betrokke opsig baie goed daaraan toe, maar of verhoudings voordelige en dus doeltreffende onderwys in die hand werk, is 'n perd van 'n heeltemal ander kleur en 'n ope vraag. Dit bly 'n ware vanselfsprekendheid: hoe minder leerlinge per onderwyser, veral in die laerskoolklasse, hoe voordeliger is dit vir kind en onderwyser, daarom is dit ons mening dat 1:30 vir laerskole nie sonder betekenisvolle nadele vir die gehalte onderwys wat gegee word, kan wees nie.

-------------

HOOFSTUK 5.

Statistiese besonderhede oor Bantoeskole van die streek.

5.1: Grafiese beeld van leerlingtalle vir ± 20 jaar: Grafieke genommer 1-9.

Die Sekondêre skool - Graaff-Reinet:

Die ondersoek was nie in staat om die inskrywings vir die jare 1960 en 1961 te bekom nie, maar uit die beskikbare inskrywings soos elders grafies voorgestel en hieronder uiteengesit, het die skool betekenisvol gegroei in die 19 jaar vanaf 1952 tot 1970. Vir die 14 jaar vanaf 1952 tot en met 1967 is 'n toename van +596,5% bereik, wat 'n gemiddelde jaarlikse toename van +42,6% beteken. Daarna tot aan die einde van 1970 het daar 'n opvallende getalledaling ingestree wat neerkom op 'n verlies van -15,8%, of 'n gemiddelde jaarlikse afname van -3,1%. 'n Globale toename vir die 19 jaar kom egter te staan op +486,2%, wat 'n gemiddelde jaarlikse toename van +25,5% daarstel.

Adendorp- Laer Gemeenskapskool:

Die skool wat plus-minus 8,05 km vanaf Graaff-Reinet se groter Bantoe-laerskole geleë is, se grafiese beeld vir die leerlinginskrywings openbaar 'n eienaardige patroon: Vir die 8 jaar vanaf 1956 tot 1963 het die inskrywings met +187,7% gestyg wat 'n gemiddelde jaarlikse toename van +23,4% meebring. Vir die daaropvolgende 2 jaar tot 1965 vind daar 'n drastiese getalleverlies plaas wat op -50,4%, of 'n gemiddelde jaarlikse afname van -25,2% te staan kom. Die daaropvolgende 2 jaar tot einde 1967 styg die getalle astronomies in vergelyking met die voorafgaande 10 jaar: +221,1% styging of 'n gemiddelde jaarlikse toename van +110,5%. In 1968 het die inskrywings gedaal met 107 leerlinge of -64,07%. In die 3 jaar tot aan die einde van 1971 het die getalle weer skerp gestyg om 'n toename van +116,6% te bereik, of 'n gemiddelde jaarlikse styging van +38,8%. Globaal beskou, het die skool 'n toename in leerlinge vir die 16 jaar, van +251,3% bereik, wat neerkom op 'n gemiddelde jaarlikse wins van +14,7%.

Hierdie ietwat eienaardige inskrywingspatroon hou waarskynlik nou verband, enersyds met die nie-verpligte skoolbywoning by Bantoes, andersyds met die ekonomiese (is dit miskien ook sosiale) mobiliteit van die Bantoe vanweë o.a. die feit dat die twee plekke, Adendorp en Graaff-Reinet, so te sê aanmekaar grens.

Hobson Khanyisa-Gemeenskapskool:

Alhoewel die inskrywingsyfer vir 1963 nie bekom kon word nie, openbaar die grafiese voorstelling van die leerlingtalle vir die 18 jaar vanaf 1955 tot 1972 'n globale toename van +152,6%, of 'n gemiddelde jaarlikse styging van +8,4%.

Intsika-Laer Primêre Skool:

Vir die 11 jaar vanaf 1955 beleef die skool 'n betekenisvolle getallegroei wat op 170,3% of 'n gemiddelde jaarlikse toename van +15,5% te staan kom. Die daaropvolgende 6 jaar tot 1971, verloor die skool leerlinge: -17,2% of -2,8% gemiddeld jaarliks. In die geheel het die skool egter met betrekking tot leerlinge teen 'n gemiddelde jaarlikse tempo van +7,2% gegroei.

Isibane-Laer Primêre Skool:

In die 17 jaar vanaf 1952 tot 1968 het die leerlinge van die skool betekenisvol toegeneem met +89,16% of 'n gemiddelde jaarlikse styging van +5,24%. Hieropvolgend vind 'n geleidelike afname plaas wat op -4,6% te staan kom, of 'n gemiddelde jaarlikse verlies van -1,15%. In die geheel beskou, het die skool se leerlingtal in die 21 jaar met +79,1% toegeneem wat 'n gemiddelde jaarlikse styging van +3,7% beteken.

Jansenville-Laer Gemeenskapskool:

Inskrywings by die skool het vanaf 1956 vir die 17 jaar tot 1972 konstant gegroei om 'n toename van +75,8% daar te stel wat neerkom op 'n gemiddelde jaarlikse styging van +4,4%.

Luxolo- Laer Gemeenskapskool:

'n Volgehoue toename in die inskrywings van die skool het meegebring dat die leerlingtal vir die 16 jaar vanaf 1956 tot 1971 met +88,7% gestyg het om 'n gemiddelde jaarlikse groei van +5,5% te bereik.

Thembalesizwe- Hoër Primêre Skool:

Vanaf 1955 tot 1963 het die inskrywings by die skool geleidelik toegeneem sodat 'n styging persentasiegewys van +13,3% bereik is. Dit beteken 'n gemiddelde jaarlikse toename van +1,5%. Die 9 jaar tot 1972 het die leerlingtal, in verhouding gebring met die groei van die eerste 9 jaar, effens vinniger afgeneem sodat 'n daling van -22,1% daargestel is, wat 'n gemiddelde jaar-

likse afname van -2,45% beteken. Globaal beskou, het die inskrywings egter afgeneem met -11,7%, of 'n gemiddelde jaarlikse verlies van -0,65%.

---

5.2: Opmerkings oor en beknopte analises van die grafiese voorstellings:

Vermelde SEWE laerskole het vir die gemiddelde 17 jaar wat vir die berekenings geneem is, 'n gemiddelde groei van +108,5% daargestel, of 'n jaarlikse toename van +6,4%. Indien die Sekondêre Skool se redelik kragtige groei in leerlingtalle hierby in berekening gebring word, dan het die AGT Bantoeskole met +155,7% in leerlingtalle toegeneem, of met 'n gemiddelde jaarlikse styging van +8,6%.

Bostaande groeipersentasies in leerlingtalle, soos ook in die geval van die Kleurlinge, het klaarblyklik 'n nou verband met die volgende betekenisvolle posisie van die Bantoebevolking van die gebied, soos weerspieël deur die 1970-sensusopname: Die vier distrikte Aberdeen, Graaff-Reinet, Jansenville-Klipplaat en Murraysburg se Bantoebevolking het in die 10 jaar wat tussen die laaste twee sensusopnames verstryk het, met 1936 individue toegeneem wat 'n toename van +12,8% beteken, of 'n gemiddelde jaarlikse wins van +1,2%.

Die vraag is, wat word van die aanwas aan kinders - môre die leerlinge - in die totale afwesigheid van verpligte skoolbywoning, die gebrek aan voldoende voorsiening in skole en skoolfasiliteite, of die verbetering van die bestaandes? Een van die aanvaarbaarste antwoorde is dat hulle die magdom ongeletterdes, veral ook op die platteland, verder aanvul - wat sosio-ekonomiese vraagstukke vererger - om sodoende onkunde onder dié seksie van die bevolking verdere verbluffende dimensies te laat aanneem.

---

## 5.3: Dreineringsbeeld vir skole in die gebied:

Die enigste Sekondêre Skool in die gebied se posisie in bovermelde verband lyk só: Vir st. 6 tot st. 8:

1954 tot 1956 = -25,7%
1955 tot 1957 = -30,7%
1956 tot 1958 = -46,8%
1957 tot 1959 = -50,8%
1958 tot 1960 =
1959 tot 1961 = syfers nie beskikbaar nie
1960 tot 1962 =
1961 tot 1963 =
1962 tot 1964 = -69,3%
1963 tot 1965 = -36,7%
1964 tot 1966 = -50,0%
1965 tot 1967 = -32,3%
1966 tot 1968 = -44,0%
1967 tot 1969 = -38,5%
1968 tot 1970 = -45,1%
1969 tot 1971 = -43,2%
1970 tot 1972 = -8,1% : Gemiddelde verlies = -40,1%

BANTOE-LAERSKOLE:

Adendorp-gemeenskapskool: Sub A tot st. 4.

1956 tot 1961 = -42,8%
1957 tot 1962 = -27,7%
1958 tot 1963 = -15,0%
1959 tot 1964 = -14,2%
1960 tot 1965 = -22,7%
1961 tot 1966 = -50,0%
1962 tot 1967 = -20,0%
1963 tot 1968 = -65,2%
1964 tot 1969 = -56,0%
1965 tot 1970 = -40,9%
1966 tot 1971 = -64,8% : Gemiddelde verlies = -38,1%

Hobson Khanyisa-gemeenskapskool: Sub A tot st. 6.

1955 tot 1962 = -74,5%
1956 tot 1963 = - syfers nie beskikbaar nie.
1957 tot 1964 = -62,5%
1958 tot 1965 = -55,1%
1959 tot 1966 = -33,3%
1960 tot 1967 = -39,4%
1961 tot 1968 = -60,3%
1962 tot 1969 = -60,7%
1963 tot 1970 = - syfers nie beskikbaar nie.
1964 tot 1971 = -59,6%
1965 tot 1972 = -64,5% : Gemiddelde verlies = -56,6%

Intsika-Laer Primêre Skool: Sub A tot st. 6.

1955 tot 1962 = -68,0%
1956 tot 1963 = -71,4%
1957 tot 1964 = -31,2%
1958 tot 1965 = -53,1%

94/.....

Intsika-skool (vervolg):

1959 tot 1966 = -20,9%
1960 tot 1967 = -42,3%
1961 tot 1968 = -45,2%
1962 tot 1969 = -58,7%
1963 tot 1970 = -77,3%
1964 tot 1971 = -77,6% : Gemiddelde verlies = -54,8%

Isibane-gemeenskapskool: Sub A tot st. 6.

1952 tot 1959 = -54,0%
1953 tot 1960 = -47,2%
1954 tot 1961 = -55,7%
1955 tot 1962 = -59,5%
1956 tot 1963 = -26,2%
1957 tot 1964 = -40,3%
1958 tot 1965 = -47,4%
1959 tot 1966 = -56,3%
1967: vanaf die jaar is dit 'n L.P. skool en gee onderrig net tot st. 2.
1967 tot 1970 = -51,6%
1968 tot 1971 = -59,6%
1969 tot 1972 = -58,4% : Gemiddelde verlies = -50,5%

Jansenville-gemeenskapskool: Sub A tot st. 6.

1956 tot 1963 = -59,2%
1957 tot 1964 = -61,1%
1958 tot 1965 = -62,5%
1959 tot 1966 = -66,2%
1960 tot 1967 = -38,2%
1961 tot 1968 = -61,0%
1962 tot 1969 = -56,1%
1963 tot 1970 = -63,3%
1964 tot 1971 = -52,5%
1965 tot 1972 = -56,5% : Gemiddelde verlies = -57,6%

Luxolo-gemeenskapskool: Sub A tot st. 6.

1956 tot 1963 = -74,6%
1957 tot 1964 = -67,3%
1958 tot 1965 = -84,4%
1959 tot 1966 = -84,9%
1960 tot 1967 = -73,7%
1961 tot 1968 = -67,2%
1962 tot 1969 = -75,4%
1963 tot 1970 = -75,7%
1964 tot 1971 = -73,7% : Gemiddelde verlies = -75,2%

Thebalisizwe-H.P. skool: Sub A tot st. 6.

1955 tot 1962 = -73,4%
1956 tot 1963 = syfers nie beskikbaar nie.
1957 tot 1964 = -48,1%
1958 tot 1965 = -41,6%
1959 tot 1966 = -33,6%
1960 tot 1967 = +63,0%
1961 tot 1968 = +77,5%

95/......

Thebalisizwe_skool (vervolg):

1962 tot 1969 = -12,1%
1963 tot 1970 = +2,1%
1964 tot 1971 = +32,9%
1965 tot 1972 = +14,2% : Gemiddelde = -3,8%

5.4: Opmerkings m.b.t. die voorafgaande 'dreinering' van leerlinge:

Die Sekondêre Skool se gemiddelde verlies vir 13 driejarige periodes (m.a.w. sts. 6 tot 8) was -40,1%. Dit beteken dat sowat 59% van die sekondêre leerlinge wat tussen die jare 1954 en 1972 st. 6 begin het by die betrokke skool, st. 8 bereik het,dog watter persentasie dié st. geslaag het gedurende die jare, kon nie bepaal word nie, aangesien nóg rekords bestaan, nóg onderwysers enige betekenisvolle lig op die situasie kon werp.

Die 7 laerskole hier onder bespreking se gemiddelde verlies aan leerlinge vir die gemiddeld 10 sewejaarlikse periodes (d.i. Sub A tot st. 5) kom te staan op -48,1% of 'n sewejaarlikse gemiddelde dreinering van -4,8%. Sodanige berekeninge verder gevoer, beteken dat omtrent 52% van die Bantoekinders wat Sub A tussen die jare 1955 tot 1971 in die onderhawige laerskole begin het, bereik st. 5, in die meeste van die skole egter st. 6, maar hoeveel dié standerd slaag, is weer eens moeilik te bepaal, aangesien geen verklarende besonderhede in die verband beskikbaar is nie.

Bostaande persentasies st. 6 en 8-leerlinge onderskeidelik wat dié standerd bereik, lyk besonder hoog en betekenisvol, veral as dit gesien word teen die agtergrond van nie-verpligte skoolbywoning en kniehalterende sosio-ekonomiese omstandighede, met gepaardgaande leeglê-euwels, wat die nie-blanke gemeenskappe maar oral teister.

5.5: Beroepskeusebeeld vir sts. 6- en 8-skoolverlaters vir die jare 1955 tot 1970:

Ten aanvang wys die studie daarop dat dit nie moontlik was om beroepsindelings te maak soos in die geval van die Blanke en Kleurlingskoolverlaters nie. Dit vanweë die algehele afwesigheid van betekenisvolle besonderhede oor die beroepsgeskiedenis van vermelde skoolverlaters. Daarom gee die ondersoek 'n beknopte uiteensetting van st. 6- en 8-skoolverlaters se doen en late met betrekking tot beroepsbeoefening.

96/.....

Die enigste Sekondêre Skool het in die onderhawige 16 jaar 421 st. 8's gehad wat skool verlaat het om te gaan werk. Hiervan het 217 leerlinge, of 51,5% st. 8 gedruip. Persentasiegewys lyk die indeling vir die vermelde getal skoolverlaters soos volg:

| | |
|---|---|
| Arbeiders (plaas- en algemene) : | 25,6% |
| Onderwys ........................ : | 12,1% |
| Priester/Evangelis ............. : | 2,1% |
| Verpleging ...................... : | 9,5% |
| Klerklik ........................ : | 8,5% |
| Tolk (Staats) .................. : | 2,6% |
| Polisie ......................... : | 5,7% |
| Vragmotorbestuurder ............ : | 9,2% |
| Hotelkok en Kelner ............. : | 14,9% |
| Onbekend ........................ : | 9,5% |

Die indelings hierbo is dus vir leerlinge wat st. 8 gedruip sowel as geslaag het.

Van die SES laerskole wat in die studie betrek is in die betrokke verband, het 2690 st. 6-leerlinge gedurende die 15 jaar vanaf 1955 skool verlaat om te gaan werk. Die indelings, persentasiegewys, vir die skoolverlaters sien só daaruit:

| | |
|---|---|
| Arbeider (plaas-, pad- en alg.) ...: | 12,5% |
| Huisbediende ......................: | 6,4% |
| Onderwys ..........................: | 1,5% |
| Verpleging ........................: | 0,4% |
| Petroljoggie ......................: | 2,2% |
| Skeerder ..........................: | 1,5% |
| Evangelis/sendeling ...............: | 1,3% |
| Hotelkok en kelner ................: | 0,88% |
| Snyer (kleremaker) ................: | 1,1% |
| Vragmotorbestuurder ...............: | 1,1% |
| Stenemaker ........................: | o,22% |
| Onbekend ..........................: | 9,3% |

Verreweg die grootste persentasie, nl. 61,6% het hulle skoolloopbaan ná st. 6 voortgesit by die Sekondêre Skool op Graaff-Reinet wat die enigste sodanige skool is vir Bantoes in die onderhawige distrikte. Daar is uitsonderlike gevalle wat hoërskole bywoon in plekke soos Lady Frere en Healdtown.

5.6: <u>Opmerkings:</u>

Dit is 'n feit dat baie van die skoolverlaters, sowel as die wat nooit skool gegaan het nie, maar tog ekonomies aktief probeer wees – en hulle is beslis meer as 'n beduidende persentasie – die onderhawige gebied verlaat om elders werk te vind, om redes en oorsake, soos in die lig gestel deur Blumenfeld en Truu, op.cit., p.2' Die studie het vasgestel dat baie Bantoe-jeugdiges na ekonomies meer aktiewe sentrums soos Uitenhage, Mosselbaai, George, ens.

gaan om daar, veral in hotelle en vir die Suid-Afrikaanse Spoorweë, te werk. Getalle en persentasies, in terme van die totale getal skoolverlaters vir 'n sekere tyd, is egter ongelukkig nie beskikbaar nie vanweë redes voorheen genoem. Voorkeur word ook gegee aan werk in die myne aan die Rand, in Natal, die Vrystaat, waar ongeskooldes 'n relatief hoë besoldiging ontvang vir werk vanweë die ewe hoë risiko-element daaraan verbonde. 'n Ruim persentasie Bantoes, veral jonges, word gelok deur die nadergeleë industrieel- en ekonomies-aktiewer stede soos Port Elizabeth, Oos-Londen en selfs so ver as Kaapstad.

O.a. die feit dat verpligte skoolbywoning nog nie deel is van die Bantoe-onderwysmasjinerie nie, bemoeilik - maak dit eintlik onmoontlik - die vasstelling van die persentasie Bantoekinders wat nominaal skool bywoon; 'n aspek wat, indien dit bestaan het, groter kontrole sou meegebring het oor die beroepskeuses en uiteindelik ekonomies aktiewe individue binne en selfs buite 'n gemeenskap. Die feit is egter dat 'n geweldige persentasie Bantoekinders wat skoolgaande ouderdom is/was, maar tog nie skool gaan of gegaan het nie, maar sommer as 'n arbeider in 'n dorpstuin, of op 'n plaas, of elders 'n verdienste gehad het - ekonomies uiters wisselvallig aktief is - of selfs as leegleêr sy dae op die platteland slyt, aangetref word, en hulle vorm die mag wat Blumenfeld "the regional labour force carries a greater burden of support" noem. (1973, p. 23).

5.7: <u>Onderwyser-leerlingverhouding gebaseer op die 1972-leerling- en onderwysergetalle.</u>

<u>Die Sekondêre Skool - Graaff-Reinet:</u>

| Onderwysers | Leerlinge | Verhouding. |
|---|---|---|
| 4 | 170 | 1:42,5 |

<u>LAERSKOLE:</u>

| Skool | Onderwysers | Leerlinge | Verhouding |
|---|---|---|---|
| Adendorp | 2 | 130 | 1:65 |
| Hobson Khanyisa | 8 | 427 | 1:53,3 |
| Intsika L.P. | 6 | 369 | 1:61,5 |
| Isibane L.P. | 6 | 474 | 1:79 |
| Jansenville G.S. | 9 | 538 | 1:59,7 |
| Luxolo G.S. | 8 | 402 | 1:50,2 |
| Murraysburg G.S. | 3 | 162 | 1:54 |
| Thembalesizwe H.P. | 11 | 454 | 1:41,2 |

98/.......

5.8: <u>Opmerkings n.a.v. bostaande onderwyser-leerlingverhoudings:</u>

Word na die Bantoe-onderwys in die verband gekyk, val dit op dat die situasie baie sleg is, miskien redeliker om te sê, dat dit grens aan die onhanteerbare. "Taking the first twenty farm schools with two teachers listed, the average works out at 56 pupils to each teacher: the first twenty 3-teacher schools gave an average of 53 pupils per teacher. The situation is distinctly worse if we do the calculation for the large community schools. For all schools listed with ten or more teachers, the position is, one teacher for 66 pupils". (Morton op. cit. p. 7). Dit was die bevinding van Morton vir die Kaapse Middelland en Karoo-gebied wat die onderhawige vier distrikte insluit. Morton stel die volgende veelseggende vraag in die verband: "And what measure of "education" can result from such a state of affairs?" En gee daarop o.a. die antwoord: "It can hardly even create the conditions from which even rudimentary education could result". (MORTON, op. cit. p.7).

Die gemiddelde verhouding vir die 8 laerskole kom te staan op 1:57,9. Voeg hierby kernfaktore soos swak opgeleide onderwysers, geen verpligte skoolbywoning, die aller minimaalste geriewe, en die posisie grens inderdaad aan die klugtige. Want, soos voorheen gevra is, watter GEHALTE onderwys kan nou gegee word in sulke omstandighede? Die studie is van mening dat, indien geletterdheid in sy allerminimaalste graad voortvloei uit sulke omstandighede, daar eintlik niks meer verwag kan word nie.

---

HOOFSTUK 6.

Slotopmerkings:

In 'n ondersoek van hierdie aard wat handel oor 'n evaluering van bestaande onderwysgeriewe vir die hoofbevolkingsgroepe in die onderhawige gebied, en om dan daarin te vors na aanknopings- of kontakpunte vir toekomstige ontwikkeling, is moeiliker as wat dit op die oog af lyk. En as daar ten aanvang gelet word op onderwysvoorsiening vir die blankes, is die doelstelling inderdaad moeilik, want, wat skort dan? Sal die eerste vraag seker moet wees - welwetende dat dit 'n baie vaag omlynde probleemstelling is!

Ek bedoel: die skole is voldoende en in die meeste gevalle betreklik nuut en gerieflik en nuttig ingerig. Die onderrig wat daarin gegee word, blyk goed, selfs uitstekend te wees, te oordeel na die persentasie jongmense wat jaarliks die tradisionele akademiese matriek slaag en selfs hoë eersteklasse en matriekvrystellings uitslaan, wat toegang tot universitêre opleiding verskaf.

Een van die sentrale doelstellings van die studie is om teenvoeters te probeer opspoor vir die toenemende ontvolking van die gebied, maar veral vir die dreinering van dié plattelandse gebiede se jeug, ten gunste van die stedelike sentrums.

Dus, uit 'n ander oogpunt gesien, moet aandag gegee word aan probleme rakende landelike rehabilitasie. Meer spesifiek: hoe kan die onderwysvoorsiening en -opset hervorm word om rehabilitasie vir die landelike omgewings te bewerkstellig.

Uit nog 'n ander hoek gesien: die vraagstuk van dié landelike omgewings is nie net tegnies en/of ekonomies van aard nie, maar ook SOSIOLOGIES, want die sosiologiese aanpassing op die platteland is 'n wesenlike vraagstuk, wat in die toekoms steeds moeiliker sal word. Het onderwysvoorsiening in die opsig 'n betekenisvolle rol te vervul en waarin lê die ESSENSIE van sodanige funksie?

Vierdens, is/was die behoefte nie lank al groot, eintlik dringend, vir 'n meer gediversifiseerde onderwysstelsel en onderwysvoorsiening nie? En daarmee wil ek aanknoop by my aanvanklike opmerkings betreffende voldoende skole, koshuise en redelik goeie tot uitstekende onderrig wat gegee word in die skole: dit kan nie knelpunte wees nie. Wat eintlik geldige, ja broodnodige kritiek blyk te wees, is die feit dat so min

100/......

bewys bestaan van 'n verskeidenheid kursusse wat kan voorsien in die nie-professionele behoeftes van die ontwikkelende en volwassewordende ekonomie. Differensiasie is nie net 'n slagspreuk nie, maar is die hoeksteen en 'n onmisbare noodsaaklikheid vir 'n moderne geïndustraliseerde ekonomie, waar die oorgrote meerderheid adolessente wat hulle skoolloopbaan voortsit, vir 'n gans ander beroep voorberei word as een van die vele professioneles of vir toelating tot 'n universiteit. Wyd gedifferensieerde onderwysvoorsiening blyk die BRANDPUNT te wees vir bogenoemde doelstellinge, of moontlike benaderings, tot die oplossing van die knellende landelike vraagstukke.

Die daarstelling van 'n doeltreffende saamgestelde beroepsgeoriënteerde na-primêre opleiding wat in almal se behoeftes sal voorsien, is natuurlik onmoontlik, dog onderwysvoorsiening vir die hoofberoepsrigtings en groot groep aanverwante beroepe, blyk nie buite die moontlike te val nie: "In other parts of the world there are pre-nursing schools, trade schools orientated to the building industry, schools for prospective engineers, seamen, as well as commercial colleges for those who will work in offices and shops". (MORTON, op. cit., p.3). Sonder om die gedagte holrug te ry kan tog beklemtoon word dat die hoërskoolopleiding van die voornemende boer nie identies hoef, miskien moet mens sê, behoort te wees met dié van die geleerde professies en universiteite nie. En dit is amper onnodig om te sê, in die beroep waar dit gaan om landbou- en boerderybedrywe - die hoofberoep van die gebied - kan nie langer voorsien word met slegs 'n st. 6-opleiding nie. Verder behoort dit in gedagte gehou te word dat, indien meer beroepsgerigte onderwys gaan volg, behoort dit deeglik rekening te hou met die leerling se EINDKEUSE in die verband. Sodanige onderwys, my redelike oordeel, is meer as die spreekwoordelike broodnodig.

'n Vraag wat dwingend ter sake hier is, is: hoe is dit daaraan toe met landbouhoërskole in die onderhawige distrikte? Die antwoord is puur en simpel GEEN. Die naaste sodanige skool is Marlow in Cradock, wat maar relatief klein is in verhouding tot sekere akademiese hoërskole in en onmiddellik buite die streek: die Hoërskool Unie, Hoër Volkskool, altwee in Graaff-Reinet, die Hoër Seunskool in Cradock, Gill Kollege op Somerset-Oos.

"Die daarstelling van meer landbouhoërskole word sterk

bepleit. Die ideaal moet wees om daarvoor voorsiening te maak dat alle voornemende boere in die toekoms hul basiese opleiding aan hoërlandbouskole ontvang voordat hulle volskaals tot die boerderybedryf toetree". (Die Kommissie van Ondersoek ...... hoofstuk 11, p. 191).

Voorts beklemtoon die Kommissie die basiese bestanddele van die voornemende boer se beroepsakademiese toerusting, en sê: "Die landbou-kollege word beskou as die sentrum vir die afronding van voornemende jong boere. Wat die leerplanne van die "Afrondingskool" betref, moet dit by voorkeur op die boerderybeplanning toegespits wees, met spesiale verwysing na die besigheidsy van boerdery, waarby boekhouding, ekonomie, plaasbestuur, arbeids- en algemene boerderyorganisasie ingesluit is". (Die Kommissie van Ondersoek......., 1970, p. 191). Uiters vae, of gebrekkige kennis van dié areas in die aspirant-boer se opleiding, of selfs die algehele afwesigheid daarvan in die meeste gevalle, was volgens die mening van die ondersoek in baie gevalle verantwoordelik daarvoor, tesame met ander faktore, dat, veral jong boere, uiteindelik ondergegaan het.

In die jongste verlede en tans nog vind daar 'n onvermydelike, altans sover, afname plaas in boerderybevolkingsgetalle relatief tot die totale bevolking van die gebied, wat natuurlik - d.i. die Blanke bevolkingsgroep - ook skerp aan die afneem is, en met die voortdurende industriële ontwaking en ontwikkeling, met die daarmee gepaardgaande toenemende behoefte na 'n wyer verskeidenheid deskundiges met praktiese en tegnies-wetenskaplike opleiding, kan die skoolstelsel in die behoeftes voorsien deur alternatiewe en meer praktiese en tegniese kursusse aan te bied wat teenoor die tradisionele akademiese matrikulasie-vakgroeperings sal staan: dit sal 'n toenemende getal skole meebring, geskoei op die lees van die skole in Adelaide en die Hoër Handelskool en Hoër Landbouskool op Cradock.

Die Kommissie is van mening dat "Die huidige onderwysstelsel in die Republiek van Suid-Afrika hoofsaaklik stadsgeoriënteerd is. Gevolglik het dit die neiging tot vervreemding van die plaaslewe en bemoeilik dit noodwendig die vervanging van die slytasie van mannekrag in die landbou." (Kommissie van Ondersoek ......., 1970, p. 186).

Die studie kan met so 'n siening saamstem as met "stadsgeoriënteerd" bedoel word dat daar te veel hoërskole is

wat 'n spesifieke na-primêre kursus, die akademiese matriek, aanbied, en verreweg te min wat opleiding aanbied wat gemik is op die prakties-tegniese en wetenskaplike behoeftes van die huidige tyd. O.a. word landbou- en boerderyopleiding - wat die hoofbedryf van die gebied van opgeleide mannekrag moet voorsien - in dié 'eensydige' opset erg verwaarloos: die relatiewe gebrek aan opleidingsfasiliteite in landbou in 'n <u>oorwegend</u> landboustreek, is pynlik opvallend.

Hieruit vloei o.a. voort 'n gebrek aan werkprikkels omdat jongmans so te sê perspektiefloos (wat wetenskaplik-beroepsgefundeerd is), staan t.o.v. die boerdery: 'n basiese opvoedkundige beginsel soos MOTIVERING, is hier eksplisiet ter sprake, en 'n gebrek daaraan lei noodwendig tot onttrekking uit pleks van aktiewe, doel-gerigte deelname aan en verwikkeldheid met die landbou en boerdery. So beskou, is dit fundamenteel 'n voorvereiste vir enige mate van produktiwiteit. "Dieselfde man wat in Jansenville hoogs tevrede sal sit en kyk dat die turksvye elke duim van sy grond inneem, en selfs sal toelaat dat dit op die dak van die kleinhuis groei, sonder om 'n vinger te verroer om dit uit te roei, sal, na hy 'n paar jaar in P.E. was, 'n <u>ywerige</u> (my beklemtoning) fabrieks- of spoorwerker wees". (Malherbe, hoofstuk 2, p.25). Daarby gesê, 'n ywerige werker hoef natuurlik allesbehalwe produktief te wees!

So 'n persoon kan natuurlik ook 'n geval wees van die spreekwoordelike "round peg in a square hole": as boer en administrateur van die plaas deug hy net nie: hy is totaal uit voeling uit met dié grond en sy bedrywe, en al sou daar florerende boerderyondernemings rondom hom aan die gang wees, sal so iemand nie betekenisvol vatbaar wees vir werkprikkels en motovering nie. Dan <u>is</u> dit vir hom baie beter in 'n stad waar hy miskien 'n produktiewer bestaan voer omdat <u>dít</u> meer in sy AARD is om werker in 'n stad pleks van plaasbestuurder te wees.

Maar die wêreldse besieling, geloof, moed, deursettingsvermoë en al die ander lofwaardige menslike deugde tesame met die vereiste tegnieswetenskaplike kennis kan die streek, SOOS HY NOU IS, nie ekonomies lewenskragtig en groeikragtig maak nie, as die probleem so fundamenteel van aard is as wat Blumenfeld dit meen: ".... the region lacks most of the characteristics which might otherwise have attracted a greater share of investment .....it has lacked exploitable mineral resources, adequate water resources, agricultural land with

high productivity potential and concentrated, well-trained and rapidly growing population. It lacks a diversity of raw materials, a concentration of purchasing power and, above all, a favourable location relative to those areas of the country more favourably endowed with such resources, and relative also to the main axes along which the economic flows amongst and between these better endowed areas are carried". (Blumenfeld, hoofstuk 3, p. 107).

Die veranderinge wat aangebring behoort te word om differensiasie in sy wese te verwesenlik, dui op 'n ietwat revolusionêre proses - iets wat sterk teenkanting kan verwag, maar sodanige konserwatisme behoort nie toegelaat te word om die behoeftes aan werklike onderwyshervorming weg te redeneer, of te verkleineer, of selfs as denkbeeldig voor te stel nie.

Al die distrikte in die studie betrek, beskik o.a. oor 'n hoërskool, wat o.a. die indruk skep dat dit goed gaan met betrekking tot onderwysfasiliteite en -voorsiening, altans in daardie betrokke gebied, maar "educational efficiency is necessarily threatened by the fact that many of the existing high schools are too small to provide the necessary qualified staff and basic facilities to cope with the six subject matric.... Many of these must, not unnaturally, feel threatened with a drop in status.....But it might be possible to achieve an all-round betterment of the position by a relatively easy rearrangement, viz the conversion of some of these schools into technical high schools.....into agricultural high schools, and commercial high schools....some to remain as traditional high schools preparing for university entrance, and the remainder to be lowered in status, their pupils being allotted elsewhere". (Morton, op. cit., p. 4).

Hierdie siening onderskryf die ondersoek ten volle en dit lyk ook nie of die voorgestelde veranderinge te ingrypend is om met die nodige inisiatief en gesonde visie tot voordeel van die gemeenskappe deur te voer nie. Terloops, die sienswyse van Morton het betrekking op die hele Kaapse Middelland en Karoostreek. En afgesien van hierdie en ander ewe tersaaklike oorwegings, is dit 'n wêreldwye verskynsel en geniet dit ook só erkenning, dat so 'n wyd moontlik geskakeerde tegnologies-wetenskaplike opleiding op MERIETE deurentyd die hoofaandag van onderwyshervormers en -administrateurs geniet; 'n gedagte wat die skrywers Hirst en Peters soos volg in die lig stel:

"The need for special educational institutions has become imperative because human knowledge has now become so complex and specialized that no man can possibly know all that needs to be known for modern industrialized society to be perpetuated". (Hirst en Peters, hoofstuk 7 p. 116 ).

Dit kan verder daarop gelet word dat die onderstaande idees ingebou kan word in sodanige onderwysvernuwingsplan:

(1) Die leerplanne van die plattelandse gebiede behoort deeglik rekening te hou met die landelike elemente.

(2) Die plattelandse skool behoort die ekonomiese en sosiale aspekte van die plaaslewe sterk te beklemtoon.

(3) Die opleiding van die plattelandse onderwyser moet verskil van die van sy stedelike eweknie: vanselfsprekend impliseer dit nie ŉ minderwaardiger, of dan meerderwaardiger opleiding nie. Miskien moet ook die jeug van die platteland hierby betrek word, en moet daar ontslae geraak word van ŉ skyndenkbeeld wat Foght so toelig: "Some people, perhaps farmers too, have the false notion that to differentiate between urban and rural folk in educational matters amounts to a discrimination in favour of city children, and that the whole matter is an attempt to set up an agricultural caste and cut off rural children from the supposedly greater oppertunities of city life". (Foght, hoofstuk 5, p. 196). Hierdie wanveronderstelling, nl. dat stedelike, en veral hoofstedelike lewe waarvan die onderwys ŉ integrale komponent uitmaak, meerderwaardig is tot die landelike en plattelandse dorpsbestaan, behoort vir enige denkende, ŉ onsinnigheid te wees, aangesien die landelike lewe, indien reg georganiseer en beplan, met die nodige bekwame en toegewyde onderwysers, in die onderwys- en miskien ook in die breë gemeenskap as van die belangrikste bydraende agente, net so ryk, lonend en kultureelstimulerend kan wees as enige goed georganiseerde stedelike lewenswyse. Daarmee wil die studie nie bewys of konstateer dat die plattelandse lewe in dié streek tans net so geskakeerd en kultureellonend is in verskeie opsigte as wat oor die alge-

meen in die stede aangetref word nie; dit moet onthou word dat dit een saak is dat dié geskakeerdheid daar bestaan, maar dat dit gans ꞌn ander saak is hoeveel stedelinge aktief daarin betrokke is en die heilsame invloede van so ꞌn lonende bestaan tentoonstel!

(4) Die plattelandse skool behoort die brandpunt van die gemeenskapslewe te wees. ꞌn Gidsstudie wat in 1968 in die Jansenville-Klipplaat-gebied onderneem is onder die onderwysers om vas te stel in hoe ꞌn mate die skool die ondersteuning en belangstelling van die gemeenskap ondervind, het aangedui dat die gemeenskap die skool SWAK ondersteun: dat die skool eintlik in baie gevalle as ꞌn geïsoleerde eenheid binne die groot gemeenskap funksioneer. En die uitslag van vraelyste aan die ouers het daarop gedui dat die meerderheid gemeenskapslede nie sodanig na die skool opsien vir die reël, organiseer en van stapel stuur van kultuuraktiwiteite nie, maar ꞌn vakuum in die opsig in die gemeenskap sien, iets waarmee die meerderheid maar doodluiters verlief neem. 3,3% van die onderwysers wat die vraelys voltooi het, het die ondersteuning en belangstelling as voldoende beskryf. Die oorblywende 96,7% was van mening dat die skool net in sportbyeenkomste goed ondersteun word, en soms met betrekking tot geldinsamelingspogings.
Gedagtig daaraan dat die gidsstudie van ꞌn baie beperkte omvang was, en dus nie ꞌn basis vir kategoriese afleidings kan wees nie, meen ek tog dat dit in hoofsaak endemies is van die houdinge en verhoudinge van plattelandse gemeenskappe met betrekking tot skole in die gebied.
Indien hierdie samebindende invloed van die landelike skool en die onderwyser swak is, of selfs algeheel ontbreek, steek ꞌn gevaar kopuit wat die Kommissie van Ondersoek na die Landbou so verwoord: "By gebrek hieraan neig sommige jongmense om ontspanning in die stad te gaan soek, en tree vervreemding van die plaaslewe geleidelik in totdat die plaaslewe uiteindelik vir die van die stad verruil word,

veral as die jong boer oor kwalifikasies beskik wat vir hom ʼn goeie verdienste kan besorg. (Kommissie van Ondersoek na die Landbou .... hoofstuk 11, p. 186).

(5) Leergànge behoort uitgewerk, met in agneming van klemverskuiwings na gelang van die streek, en aangebied te word in ʼn volwaardige Fakulteit of Departement vir Plattelandse/Landelike studies aan universiteite en/of Kolleges. As dit waar is dat die onderwyser, en veral die hoofonderwyser: sy kwalifikasies, kreatiwiteit en bekwaamheid as leier, die kragtigste enkele faktor is by die motivering, betrekking en interpretering van die kind en sy ervarings, in en buite die klaskamer, dan volg dit seker redelik logies dat, as die plattelandse bevolking via onderwys en opvoeding, die landelike en plaaslewe by hernuwing of vir die eerste keer moet ontdek, daar groot omsigtigheid en noulettendheid beoefen moet word in die selektering en opleiding van die plattelandse onderwyser; binne die raamwerk van so ʼn gedifferensieerd moontlike onderwysstelsel.

(6) ʼn Gemeenskapsprogram vir kulturele versterking en verheffing moet deur die MENSE SELF beplan word om die besondere behoeftes van die gemeenskap in die verband te bevredig, met o.a. ʼn sterk en gesonde gemeenskapsgees as ʼn uitdruklike doelstelling. Cook meen ook: "The provision of social and cultural amenities is not to be overlooked if local emigration is to be reduced". (Cook, 1971, hoofstuk 4, p. 60). Onnodig om te sê, die plattelandse skool kan by die beslaggewing en implementering van so ʼn program ʼn sleutelfunksie vervul.

Binne so ʼn raamwerk van gediversifiseerdheid behoort ʼn sintese van die aanvanklik genoemde doelstellings of benaderings, te ontwikkel: sosiologiese aanpassing, rehabilitasie vir die platteland, genoeg soorte opleidingsinrigtings, m.a.w. laer- en hoërskole en hoër inrigtings vir die kweek van toekomstige boere, boervrouens, onderwysers, tegnici ens.

Sodanige rewolusionêre aksieprogram het leiers nodig en dit lyk of die onderwyser - veral die hoofonderwyser - ʼn

107/.....

leeue-bydrae kan lewer met betrekking tot dié leierskapsuitdaging. "New syllabuses are not the chief need but a highly developed and devoted person at the head of the school, capable of bringing about adequate interaction between the various elements in it". (Ashby, hoofstuk 6, p. 188). En dié elemente, nl. leerlinge, onderwysers en omgewing omvorm elke skool in ŉ unieke samestelling. "For it is school education that must furnish the leadership so essential to the solution of the problems of rural life". (Foght, op. cit., p. 7).

In die sosiologiese aanpassingsproses lê die onderwyser se funksie o.a. daarin dat hy gereeld binne die gemeenskap moet wees, of anders gestel: die onderwyser wat vyf dae van die week veral net deel is van die skoolgemeenskap omdat hy/sy daar MOET wees, maar naweke klokslag elders deurbring, m.a.w. buite die gebied en gemeenskap, is nie die regte tipe onderwyser om die verskeidenheid landelike vraagstukke die hoof te bied nie.

Dit moet onthou word dat die ontvolkingsfenomeen in die platteland natuurlik nie ŉ neiging van slegs die jongste tyd is nie; reeds so lank gelede as om en by 1886 met die ontdekking van goud aan die Witwatersrand, die Anglo-Boereoorlog in 1899 en die vinnige ekonomiese ontwikkeling met gepaardgaande ontwikkeling van stede, het mense hulle in die teenswoordige eeu in ŉ al groter mate van die landbou en boerdery losgemaak en in die stede gaan bly en werk. Die sosiologiese aanpassing op plase en ook in plattelandse dorpsgebiede, is dus in hierdie vroegste tye al noemenswaardig ontwrig - alhoewel ŉ mens kan redeneer dat so ŉ proses natuurlik en ook noodsaaklik is en neerkom op kollektiewe deelname aan die daarstelling van vooruitgang en ontwikkeling waar noodsaaklike middele die geredelikste en soms die mildste bekombaar is: deur die dominante posisie van die stede teenoor die platteland, met gepaardgaande verbeterde vervoer- en kommunikasiemiddele.

Opsommenderwys in die verband lyk dit realisties om te beweer dat vir die plattelandse onderwyser om suksesvol te wees hy in hoë mate ŉ gespesialiseerde voorbereiding moet deurloop wat o.a. minstens drie basiese bestanddele bevat, nl. (1) ŉ Deeglike kennis van die vraagstukke en behoeftes van die platteland sodat hy sy plek as leier kan inneem binne die

gemeenskapsverband hierbo vermeld. (2) 'n Deeglike begrip van moderne skoolorganisasie en administrasie wat hom 'n intelligente leier behoort te maak in die omskeppingsproses waarin o.a. bestaande skole verander behoort te word om aan te pas by en voorsiening te maak vir hedendaagse landbou- en boerderybehoeftes in die streek. (3) 'n Element in sy opleiding wat die bemeestering sal verseker van die nuwe voorgestelde leerplanstof wat plattelanders sal moet ken ten einde die meeste voordeel uit omstandighede te trek.

Die sosiologiese ontwrigting het o.a. in die rehabilitasiedoelstelling 'n teëvoeter: dat die plattelandse skole 'n wyer keuse kursusse en 'n groter verskeidenheid in skooltipes kan daarstel wat in groot mate instrumenteel kan wees in die wen van vertroue vir die streek en sy bedrywe en waardes. So kan miskien 'n definitiewe binnewaartse (die platteland in vanuit stede soos bv. Port Elizabeth, Oos-Londen) beweging van mense/leerlinge begin, as, sê 'n sentrum soos Graaff-Reinet partikuliere soorte na-primêre onderwys aanbied - onderwys wat deur bekwame en toegewyde personeel gegee word. Daar is aanduidings dat die Hoër Tegniese Skool op Adelaide, dié uitwerking het. Nou, daarby gesê, mits so 'n proses as rehabilitasie kan deurgaan.

Die sosiale aanpassing in die landelike gebiede, soos ook in die onderhawige vier distrikte, doen eintlik 'n wins aan vaartbelyning en aktualiteit vanweë die vermelde posisie van die stede teenoor die platteland _ 'n posisie wat in die jongste tyd afmetings aangeneem het waarmee deeglik rekening gehou moet word ook in die skoolwese: stedelike invloede werk al sterker deur na die landelike lewe, en stedelike gedragswyses, beskouings en waarde-oordele trap al dieper spore in die landelikheid. Daar kan maar net na die landelike kleredrag, haarstyle, gedragswyses en moderne tegniese geriewe, ens. in plaashuise gekyk word om dié siening se meriete te besef.

In die onderhawige gebied is dit byvoorbeeld duidelik sigbaar onder baie Afrikaanssprekende inwoners dat die ineenstorting (ten dele altans) van die patriargale familieverhoudinge, onder die invloed van verstedeliking, daartoe bydrae dat die tradisionele sterk invloed van godsdiens op die Afrikaner, besig is om te verswak - kan dit 'n "sosiologiese noodsaaklikheid" genoem word?

Basies gebeur dit nie teen verwagtinge in nie: nuwe

omstandighede met gepaardgaande innovasies bring gewoonlik nuwe, 'n mens kan selfs sê vreemde gevolge mee, solank die nadelige uitvloeisels net maar doeltreffend in wydte en diepte in die onderwysorganisasie in sy gediversifiseerdheid gesmoor word.

Kom die Kleurling se posisie onder die soeklig in die slotopmerkings, is daar verskeie kernfasette wat alreeds òf implisiet òf eksplisiet aangeroer is. Hiervan is die gebrek aan voldoende hoërskole een van die belangrikstes: word daar gekyk na die getal laerskoolleerlinge wat in 1971 by 12 laerskole in die streek ingeskrewe leerlinge was, is die leemte duidelik te bespeur: 6316 leerlinge waarvan 421 of 6,6% st. 5-leerlinge was. Hiervan sou 229 uit Graaff-Reinet se laerskole alleen na die enigste hoërskool, nl. Spandau op Graaff-Reinet moes gaan. Die verskil, t.w. 192 kan ook net na diè Hoërskool gaan vir hul hoërskoolopleiding. Die st.6-leerlinge van ander laerskole in die gebied vir die betrokke jaar kom te staan op 143 of 2,2%, en ook hulle is aangewese op die enigste hoërskool in Graaff-Reinet vir die voortsetting van hulle skoolloopbaan. Daarby is daar 36 laerskole - almal klein plaasskooltjies - wat nie by die ondersoek betrek is nie. Die hoërskool beskik oor koshuisgeriewe, maar beslis nie voldoende om al die leerlinge van binne en buite Graaff-Reinet te huisves nie. Dit kan natuurlik nie geredeneer word dat al die leerlinge, t.w. 564 of 8,9% st. 5 en 6 onderskeidelik, kon geslaag het nie, maar al sou net die helfte daarvan die mas opgekom het, om sodoende na die hoërskool te gaan, dan is dit nogtans meer as 'n betekenisvolle toename, wat te staan kom op 38,1% van dié skool se totale hoërskoolinskrywings vir 1971. Maar daar is ook die ander sy vandie saak wat Morton só sien: "the absence of boarding facilities, the paucity of schools, the long distances and high expenses, the probability is that very few get high school education elsewhere". (Morton, op. cit., p. 5).

In die finale instansie is en bly die ondersoek egter van mening dat so 'n redenasie of veronderstelling nie die bestaande en TOEKOMSTIGE behoeftes in die onderhawige verband kanselleer of verkleineer nie. (Drie van die laerskole hier onder bespreking het òf oor 'n 1000 òf net onder 'n 1000 leerlinge!) Basies bly dit dus 'n wesenlike behoefte: nog 'n tradisionele hoërskool òf in Graaff-Reinet, òf miskien in die Jansenville-

Klipplaat-distrik, òf in die Aberdeen-distrik, behoort oorweeg te word.

Indien nie so nie, lê daar beslis baie heil opgesluit vir die plattelandse Kleurling, in die daarstelling van hoër-skole van 'n beroepsaard: die tegniese soort. Die Kleurling se verlede is oorvol bewyse van sy vaardigheid in geskoolde werk, en die hede getuig ondubbelsinnig daarvan dat die Kleurling besig is om in 'n magsfaktor te ontwikkel in die kommersiële en industriële sektore van die ekonomie - 'n deelname en bydrae wat allesbehalwe onderskat moet word. In hierdie opsig is daar alreeds voorsiening gemaak in sekere stede van die land, maar dié plattelandse gebied se jeug bly nog afhanklik van die stede se opleidingsgeriewe, wat, a.g.v. alreeds genoemde redes, waarskynlik minimale ondersteuning v.d. platteland kry. (Sien opmerkings 4.6).

'n Ander belangrike aspek is die afwesigheid van 'n opleidingsinrigting vir Kleurlingonderwysers in die streek. Hierdie stelling is miskien betekenisvoller as dit in verband gesien word met die feit dat vir die 20 jaar vanaf 1952 tot 1971 het daar uit die twee groepe skoolverlaters - sts. 8 en 10 - 85,5% hulle in Kleurlingonderwys bekwaam. (Sien verder ook opmerkings onder 4.6). Hierby kan gevoeg word dat daar plus/minus 7500 laer- en hoërskoolleerlinge en 49 skole in dié distrikte is, dog dit ontbreek totaal aan opleidingsgeriewe vir onderwysers in die hele Kaapse Middelland en aangrensende Karoo-streek, waarvan die distrikte onder bespreking 'n deel vorm. Waar so 'n basiese leemte bestaan, moet die onderwysmasjinerie 'n groot mate van sy effektiwiteit inboet: baie Kleurlingskole moet die mas opkom met hoogs ontoereikend gekwalifiseerde leerkragte, om maar een nadeel te noem.

Vroeër in hierdie studie is verwys na die gemoeidheid van die Kleurling met die landbou en boerdery: opmerkings 4.6 - daarom ag die ondersoek dit baie belangrik dat ernstige oorweging verleen moet word aan die daarstelling van opleidingsfasiliteite vir die Kleurling in die landbou- en boerderybedryf. Dit ontbreek heeltemal in die hele Kaapse Middelland en Karoo-streek.

Die Kleurling is al van die vroegste tye af daarin betrokke, en daar is geen bewys dat hy hom in die toekoms daarvan algeheel sal onttrek nie - al is dit net as arbeider, dus in 'n sin periferaal - alhoewel die ondersoek dit betwyfel

111/.......

of die belangstelling onder die Kleurling, vir die plaaslewe aan die toeneem is - die teendeel is waarskynlik waar. Hierdie betrokkenheid by die bedryf geskied sonder enige, ja selfs nie eers die elementêrste wetenskaplike kennis nie. Die gevolg is dat dit by die mense bloot gaan om daaglikse selfbehoud - iets wat te begrype is. Dit kan, veral die groot grondbesitter in die distrikte, net tot voordeel strek as die Kleurlingarbeiders basiese landbou-opleiding ontvang wat hulle o.a. hopelik verby die selfbehoud-idee en doelstelling sal motiveer, om sodoende vir die landelike ekonomie in besonder 'n tasbare bate te wees - eerder as om medepligtige te wees in onoordeelkundige plaasorganisasie wat die bodem skrikwekkend verniel en verwaarloos. "Droogtes en pestilensies teister die boere ook, maar droogtes ens. is so besonder gevoelig vanweë die feit dat die grond/veld dikwels tevrede moet wees met oorbeweiding, gevolglike uittrapping ens. As boerdery stelselmatig en planmatig aangelê word, dink ek sal die droogtes nie so gevoelig wees nie. Ek glo dat in baie gevalle waar dongas van 30/40 voet is, gou rivieragtig voor_kom, was dit vroeër die voetpaadjies van die vee na die suipings en kraal toe." (Malherbe, op. cit., p. 24). "Die vraag is, is sulke veronderstelde wanpraktyke nie maar BASIES terug te voer na 'n algehele gebrek aan, of 'n gebrekkige tegnies-wetenskaplike kennis van die bodem en boerderymetodes nie? Dus weer die onderwysstelsel en onderwysvoorsienings met betrekking tot die platteland. Moet die eerste gevoel van waardering, begrip vir, en 'n algemene positiewe ingesteldheid teenoor die plattelandse lewe en sy bedrywe nie in die SKOOL en ander opleidingsplekke in die landelike gebied, gelê en ontwikkel word nie? Is dié indrukke en insigte in die laaste instansie tog nie die BLYWENDSTE nie?

Opsommenderwys wil die studie die siening van Morton ten volle onderskryf dat "the provision of post-primary education within the area can only be judged very inadequate". (Morton, op. cit., p. 5). Dit is gesê van die hele Kaapse Middelland en Karoo-streek wat die betrokke distrikte insluit. Dit moet egter beklemtoon word dat die relevering van kernleemtes en argumente ten gunste van voorsiening daarin, werklik eers 'n wins aan perspektief doen as daarop gelet word dat die distrikte se Kleurlingbevolking tussen die 1960-sensusopname en die jongste opname met 5060 of 18,4% toegeneem het.

Word die Bantoe-onderwysopset van die streek beskou met die oog op enkele slotopmerkings, dan noop die globale behoeftigheid van die situasie 'n mens om sekere kernprioriteite aan te sny en die res maar daar te laat. En die posisie word enigermate bemoeilik deurdat die Bantoebewoners van die onderhawige distrikte hulle in Kleurlingverklaarde gebied bevind. Maar hulle is dáár, en daarby vir 'n onbepaalde tyd, derhalwe moet in hulle onderskeie behoeftes - soos die onderwysbehoeftes wat in eie reg 'n hoë prioriteit is - voorsien word.

Dis algemene kennis dat onderwys onder dié bevolkingsgroep begin het toe sendelinge hier skole begin het as deel van hulle godsdienstige werk - dus primêr nie as onderwys nie. Nóg die Blanke nòg die Kleurling deel die volgende stukkie 'historiese sosiologie': die evangelisasie- en onderwyswerk van die sendelinge het o.a. dié belangrike uitwerking op die Bantoe se tradisionele gemeenskapspatroon gehad: die ontstamming en verwestering van die mense. 'n Diepgaande verandering het ingetree: die gekerstende Bantoes het mettertyd 'n klasse-bewustheid ontwikkel wat op godsdiens en onderwys gebaseer was. Uit hierdie sg. 'middelklas'-groep het die teenswoordige Bantoeleiers hoofsaaklik gekom - leiers wat hulle beywer vir en aanspraak maak op erkenning en aanname van die westerse gemeenskapslewe. Hierteenoor het stam- en heidense Bantoes lojaal gebly teenoor hulle hoofmanne en tradisionele gewoontes en gelowe, 'n leefwyse waarin onderwys en opvoeding, soos die Blanke dit ken, glad nie erkenning en dus geen bestaan gehad het nie.

Vir dekades nou al is ons ooggetuies van 'n fundamentele konflik tussen die twee groepe. Moedertaalonderrig is sedert 1954 al 'n werklikheid in laerskole - dit is gaandeweg ingevoer ook in Sekondêre skole. Die verligte Bantoe - konsekwent met sy strewe en doelwit om ingelyf te word in die westerse patroon van doen en dink - het aangedring op onderrig ook in Afrikaans of Engels of altwee, aangesien hy kennis van die tale moet hê om geld te verdien, binne die samelewings. En buitendien voel die verligte of opgevoede Bantoe dat sy stamlewe en stamgesagte in sy weg staan tot 'n ware plek en roeping binne die westerse waardes en tegnologiese prestasies: dat deelname aan en die aanhang van sy stamlewe hom grootliks, indien nie heeltemal nie, uitsluit van doelname aan en verwikkeldheid met die westerse manier van lewe.

113/......

Met al die faktore in die guns van die verligte Bantoe, lyk dit of die ander groep - as ŉ mens nog van ŉ groep kan praat - (d.i. die tradisioneles) besig is om die stryd gewonne te gee: die aanhang van westerse waardes en gebruike, die nabootsing van gedragswyses ens. is opvallend en van verbluffende omvang onder die opkomende jong Bantoes.

Onderwys en geleerdheid is van die sg. "in" woorde - dit het by weinig egter konseptuele helder- en klaarheid. Sosiologiese en ander vraagstukke wat geskep word deur die geweldige aanwas onder die Bantoe is legio; so wil almal skoolgaan - skole wat daar eenvoudig nie is nie, omdat dit nie dinge is soos paddastoele wat oornag kan verrys nie. Sosio-ekonomiese faktore en nie-verpligte skoolbywoning gaan hand aan hand om die oorwig kinders wat die skole nie kan huisves nie, in die strate van Bantoedorpe en Blanke dorpe en stede in te stuur om hoofsaaklik leeg te lê.

Teen so ŉ agtergrond - wat mens moet toegee, redelik ontredderd is - verklaar die meeste Bantoes hulle "gewillig" om te deel - op watter manier ook al - in die materiële en geestelike rykdomme van die westerse Blanke beskawings.

Vermelde konflik tesame met die ook reeds genoemde basiese faktore soos ŉ astronomiese aanwas onder die bantoes, en periferale, indien enige, deelname aan en ondersteuning van ŉ eie klein bykans stagnante ekonomie, maar volkome bereidwilligheid om deel te neem aan die relatief bloeiende blanke ekonomie, het geletterdheid en kundigheid in onderwys ontsettend laag op die leer van sy prioriteite geplaas; en juis dié gebrek aan onderwys/kennis en kundigheid, het die blanke ekonomie vir die Bantoe in hoofsaak ŉ geslote gebied gehou; asook die uitbreiding en ontwikkeling van sy eie haas onmoontlik gemaak.

Word die prioriteite in die lig gestel, lyk dit eerstens of die daarstelling van ŉ opleidingsinrigting vir Bantoe-onderwysers, of miskien meer as een, die dringendste blyk te wees. Dan sal die onderhawige distrikte se mense so voordelig moontlik vir hulle, daarby ingeskakel moet word. Dit behoort mee te bring dat o.a. die voorsiening van genoegsame opgeleide onderwysers, ŉ einde sal maak aan die uiters nadelige onderwyser-leerlingverhouding: "one teacher for 66 pupils" soos Morton vir sommige skole in die Kaapse Middelland gevind het, en 1:58 leerlinge vir laerskole in die vier distrikte.

Al die laerskole in die studie betrek, behalwe een, gee onderrig tot st. 6. Dit voorsien dus in die onderwysbehoeftes van die spesifieke groepe. Wat wel betwyfel kan word, is of daar genoegsame skole hier is wat sal voorsien in die onderwysbehoeftes van die groep kinders SUB A tot st. 2, m.a.w. laer primêre skole. Hierby aansluitend lyk EEN sekondêre skool vir al die distrikte bra ontoereikend, veral as bestaande geriewe by die skool, dit is nou die gebou ingesluit, uiters karig voorkom: net vier klaskamers vir die 178 leerlinge - en hulle is betreklik klein en van sink gebou, en dit in 'n warm Karoo-dorp soos Graaff-Reinet! - geen biblioteek, geen laboratorium, personeelkamer, ens. nie. Nou, 'n hoërskool van die akademiese soort sonder o.a. die eersgenoemde twee fasilitiete, is ondenkbaar. Dat daar dus hier onder uiters moeilike omstandighede onderwys probeer gee word, is gewis en seker.

Hoërskole vir die Bantoe behoort o.a. rekening te hou met die kultuur van dié rassegroep, asook met sy temperament en ander <u>aangebore</u> eienskappe, m.a.w. leerstof en leerplanne moet EKSPLISIET voorsien in die behoeftes met betrekking tot o.a. dié vaardighede wat tradisioneel tuishoort by die Bantoekultuur, soos o.a. 'n handwerkkundigheid in wyduiteenlopende media, wat nog altyd tot die Bantoe se skeppende arbeid behoort het. En dit behoort sover moontlik oor 'n tegnies-wetenskaplike boeg gegooi te word, en in die laaste instansie behoort 'n voordelige sintese nagestreef te word tussen dié meer praktiese faset en 'n meer akademies-georiënteerde kernbestanddeel in die Bantoe se opleiding.

Graaff-Reinet lyk in vele opsigte 'n geskikte plek, veral o.a. omdat daar alreeds hoërskoolfasiliteite vir die Bantoe daar bestaan.

Derdens is die daarstelling van basiese landbou- en boerderyopleiding vir die Bantoe in die platteland, ook miskien 'n wenslikheid. Die uitwerking van o.a. die Oranjerivierskema kan dalk meebring dat selfs die Bantoe op groter, betekenisvoller skaal sy toetrede tot die boerdery en landbou as arbeider kan maak, 'n gebeurtenis wat noemenswaardig kan bydra tot die uitbouing en gesonde konsolidasie van die landbou- en boerderybedrywe op die platteland.

Daar is altesaam 9 skole (een Sekondêr en agt laer) in die onderhawige distrikte in die ondersoek ingesluit, met 'n

leerlingtotaal van 3126. Die wins aan Bantoes vir die distrikte gebaseer op die 1960- en die 1970-sensusopnames was 1936 of +12,8%. So ʼn wins, sou ek sê, plaas die vermelde behoeftes in duideliker en betekenisvoller perspektief.

Daar is verder ʼn wesenlike behoefte aan koshuisgeriewe vir alle seksies van die gebied se bevolking, hoofsaaklik in groeikragtiger en vooruitstrewender plattelandse dorpe soos Graaff-Reinet.

In die geheel gesien, is onderwysvoorsienings, veral vir die Blanke en Kleurling, maar ook vir die Bantoe, totaal uit pas uit met die eise van moderne ontwikkelende gemeenskappe - tegnologies en andersins. Die studie kan dus nie sien HOE die bestaande onderwysvoorsienings - die peil en soort onderwys - kan verseker dat, of die bevolking betekenisvol kan help, om optimaal by te dra tot die ontwikkeling en vooruitgang van die gebied nie. Kriteria wat behoort toegepas te word om die posisie te evalueer, is nie toepasbaar nie, aangesien onderwysontwikkeling en dus - voorsiening nog nie daar is waar sodanige kriteria geldig, toepasbaar en dus onmisbaar in die evalueringsproses kan wees nie. Solank as wat die Onderwysstelsel is wat hy tans is: oorwegend eensydig akademies-georiënteerd, kan ek my nie losmaak van die onbehaaglike gevoel dat ons ons skuldig maak aan ʼn misdryf wat ʼn S.G.O., Dr. Viljoen in die laat twintigerjare van die eeu so uitgedruk het: "we have made the great mistake of excluding the rural spirit from our schools and have neglected to do what other countries have done long ago. We have practically enforced URBAN (my beklemtoning) conditions in the country, and we have separated the rural school from the rural home". (Malherbe en andere, op.cit., p. 327). Vanselfsprekend word met dié opmerking slegs gedink in terme van die landelike gebiede.

Dit is heel moontlik dat die kritiek wat geldig is met betrekking tot hierdie gebied, en trouens die hele Kaapse Middelland en Karoostreek, ewe geldig en ter sake is t.o.v. ander swak ontwikkelde (onder ontwikkelde) gebiede in Suid-Afrika. Daarom hoef die gebied nie in ʼn nadelige posisie te verkeer met betrekking tot sy relasie tot ander soortgelyk geplaasde streke in die land nie. Buitendien is dit gelangrik om te onthou dat die gebied geen outonomie besit t.o.v. beleidsbepalings, en beheer en uitvoering daarvan nie. Gevolglik is die oplossings vir die vraagstukke in die ondersoek behandel, ʼn NASIONALE eerder as ʼn streeksverantwoordelikheid.

---


BLANKES
NR. 1
HOËRSKOOL OP ABERDEEN.
INSKRYWINGSGETALLE
STS. 6–10
SEUNS + DOGTERS
DOGTERS
SEUNS
INSKRYWINGS
175
160
145
130
115
100
85
70
55
40
25
1950
1951
1952
1953
1954
1955
1956
1957
1958
1959
1960
1961
1962
1963
1964
1965
1966
1967
1968
1969
1970
1971
JAAR

NR. 2. HOËRSKOOL JANSENVILLE

INSKRYWINGSGETALLE

STS. 6 — 10




Nr. 3.
KLIPPLAAT MIDDELBARE SKOOL
INSKRYWINGSGETALLE
STS. 6-8
SEUNS + DOGTERS.
DOGTERS.
SEUNS.
42
35
28
21
14
7
INSKRYWINGS
1955
1956
1957
1958
1959
1960
1961
1962
1963
1964
1965
1966
1967
1968
1969
1970
1971
JAAR
SEUNS + DOGTERS
DOGTERS
SEUNS



NR. 3.1
KLIPPLAAT MIDDELBARE SKOOL
INSKRYWINGSGETALLE
SPESIALE KLAS.
SEUNS + DOGTERS
DOGTERS
SEUNS
INSKRYWINGS
JAAR
0
2
4
6
8
10
12
14
16
18
20
1955
1956
1957
1958
1959
1960
1961
1962
1963
1964
1965
1966
1967
1968
1969
1970
1971



NR. 4.
HOËRSKOOL MURRAYSBURG
INSKRYWINGSGETALLE
Sts 6 — 10
SEUNS + DOGTERS
DOGTERS
SEUNS
INSKRYWINGS
JAAR
1950
1951
1952
1953
1954
1955
1956
1957
1958
1959
1960
1961
1962
1963
1964
1965
1966
1967
1968
1969
1970
1971


NR. 5.
UNION HIGH
INSKRYNINGSGETALLE
STS. 6-10
SEUNS+DOGTERS
DOGTERS
SEUNS
SEUNS & DOGTERS
SEUNS
DOGTERS
INSKRYWINGS
355
325
295
265
235
205
175
145
115
85
55
1950
1951
1952
1953
1954
1955
1956
1957
1958
1959
1960
1961
1962
1963
1964
1965
1966
1967
1968
1969
1970
1971
JAAR



NR. 6.
HOËR VOLKSKOOL
INSKRYWINGSGETALLE
STS. 6 – 10
SEUNS + DOGTERS
DOGTERS
INSKRYWINGS
JAAR
1954
1955
1956
1957
1958
1959
1960
1961
1962
1963
1964
1965
1966
1967
1968
1969
1970
1971
110
135
160
185
210
235
260
285
310
335
360
SEUNS
DOGTERS


NR. 7.
OPLEIDINGSKOLLEGE GRAAFF-REINET
INSKRYWINGSGETALLE
STUDENTE
MANS + DAMES
DAMES
MANS
INSKRYWINGS
JAAR
370
340
310
280
250
220
190
160
130
100
70
1958
1959
1960
1961
1962
1963
1964
1965
1966
1967
1968
1969
1970
1971



NR. 8.
BLANKE LAERSKOOL OP ABERDEEN
INSKRYWINGSGETALLE
SUB A - ST. 5
SEUNS + DOGTERS.
DOGTERS
SEUNS
360
330
300
270
240
210
180
150
120
90
60
INSKRYWINGS
SEUNS
DOGTERS
SEUNS + DOGTERS
1955
1956
1957
1958
1959
1960
1961
1962
1963
1964
1965
1966
1967
1968
1969
1970
1971
JAAR



NR. 9.
LAERSKOOL ADENDORP
INSKRYWINGSGETALLE : SUBA – ST. 6
seuns + dogters
seuns
dogters
INSKRYWING
110
100
90
80
70
60
50
40
30
20
10
1950
1951
1952
1953
1954
1955
1956
1957
1958
1959
1960
1961
1962
1963
1964
1965
1966
1967
1968
1969
1970
1971
JAAR
SEUNS
DOGTERS
SEUNS + DOGTERS

NR.10. HOËRSKOOL JANSENVILLE : PRIMÊRE AFDELING INSKRYWINGSGETALLE SUB A — St. 5





NR. 11.
KLIPPLAAT- MIDDELBARE SKOOL
INSKRYWINGSGETALLE.
SUB A - ST. 5.
SEUNS + DOGTERS
DOGTERS
SEUNS
SEUNS + DOGTERS
DOGTERS
SEUNS
DOGTERS
SEUNS
SEUNS
DOGTERS
INSKRYWINGS
170
155
146
134
122
110
98
86
74
62
50
1955
1956
1957
1958
1959
1960
1961
1962
1963
1964
1965
1966
1967
1968
1969
1970
1971
JAAR

NR. 12. HOËRSKOOL MURRAYSBURG : LAER AFDELING INSKRYWINGSGETALLE SUBA – ST. 5




NR. 13.
LAERSKOOL W.E. PIENAAR : SUBA - St. II
SEUNS
DOGTERS
SEUNS + DOGTERS
SEUNS + DOGTERS
DOGTERS
SEUNS
70
60
50
40
30
20
10
1952
1953
1954
1955
1956
1957
1958
1959
1960
1961
1962
1963
1964
1965
1966
1967
1968
1969
1970
1971
JAAR


NR. 14.
UNION HIGH.
INSKRYWINGSGETALLE.
STS. 1-5
SEUNS + DOGTERS
DOGTERS
SEUNS
STS. 3-5
SEUNS + DOGTERS
SEUNS
DOGTERS
INSKRYWINGS
265
245
225
205
185
165
145
125
105
85
65
1950
1951
1952
1953
1954
1955
1956
1957
1958
1959
1960
1961
1962
1963
1964
1965
1966
1967
1968
1969
1970
1971
JAAR

NR. 14.1.

## UNION – VOORBEREIDENDE SKOOL : SUB A – ST. II




NR. 15.
LAER VOLKSKOOL : SUBA — St. V EN SPESIALE KLAS.
SEUNS + DOGTERS
SEUNS
DOGTERS
INSKRYWINGS
JAAR
1955
1956
1957
1958
1959
1960
1961
1962
1963
1964
1965
1966
1967
1968
1969
1970
1971
1972
50
100
150
200
250
300
350
400
450
500
550


NR. 16.
LAERSKOOL WATERFORD.
INSKRYWINGSGETALLE
SUB. A — ST. 5.
SEUNS + DOGTERS
DOGTERS
SEUNS
INSKRYWINGS
JAAR.
SEUNS + DOGTERS
SEUNS
DOGTERS
31
29
27
25
23
21
19
17
15
13
11
9
7
1961
1962
1963
1964
1965
1966
1967
1968
1969
1970
1971



NR. 1.
HOËRSKOOL SPANDAU - GRAAFF-REINET
KLEURLINGE
INSKRYWINGSGETALLE
STS. 6-10.
SEUNS + DOGTERS
DOGTERS
SEUNS
INSKRYWINGS.
JAAR
0
75
150
225
300
375
450
525
600
675
750
1950
1951
1952
1953
1954
1955
1956
1957
1958
1959
1960
1961
1962
1963
1964
1965
1966
1967
1968
1969
1970
1971



DE RUST- (N.G.K.) LAERSKOOL : SUB A – ST. IV
NR. 2.
SEUNS + DOGTERS
SEUNS
DOGTERS
INSKRYWINGSGETALLE
60
50
40
30
20
10
0
1961
1962
1963
1964
1965
1966
1967
1968
1969
1970
1971
1972
JAAR

NR. 3.

KAMDEBO - LAERSKOOL : SUB A - ST VI



Nr. 4.

KROONVALE - LAERSKOOL : SUBA - ST. V





NR. 5.
LAERSKOOL LINGCOM
INSKRYWINGSGETALLE
SUBA – ST. 5
SEUNS + DOGTERS
SEUNS
DOGTERS
1350
1230
1110
990
870
750
630
510
390
270
150
INSKRYWINGS
SEUNS + DOGTERS
DOGTERS
SEUNS
1951
1952
1953
1954
1955
1956
1957
1958
1959
1960
1961
1962
1963
1964
1965
1966
1967
1968
1969
1970
1971
JAAR

Nr. 5,1. LAERSKOOL LINGCOM

# KLEURLINGE

## INSKRYWINGSGETALLE

KINDERTUINGETALLE




KLEURLINGE
NR. 6.
JANSENVILLE - (N.G.K.) LAERSKOOL
INSKRYWINGSGETALLE
SUB A - ST. 6
SEUNS + DOGTERS
DOGTERS
SEUNS
INSKRYWINGS
435
400
365
330
295
260
225
190
155
120
85
SEUNS + DOGTERS
SEUNS
DOGTERS
1955
1956
1957
1958
1959
1960
1961
1962
1963
1964
1965
1966
1967
1968
1969
1970
1971
JAAR


NR. 7.
MURRAYSBURG- (NGK.) LAERSKOOL : SUB A - ST. VI
SEUNS + DOGTERS
SEUNS.
DOGTERS.
SEUNS + DOGTERS
SEUNS
DOGTERS
495
450
405
360
315
270
225
180
135
90
45
1955
1956
1957
1958
1959
1960
1961
1962
1963
1964
1965
1966
1967
1968
1969
1970
1971
1972
JAAR


WATERFORD – (N.G.K.) LAERSKOOL : SUB A – ST. V
NR. 8.
Seuns
Dogters
Seuns + Dogters
INSKRYWINGSGETALLE
SEUNS + DOGTERS
SEUNS
DOGTERS
70
60
50
40
30
20
10
1952
1953
1954
1955
1956
1957
1958
1959
1960
1961
1962
1963
1964
1965
1966
1967
1968
1969
1970
1971
JAAR


LAERSKOOL RYNEVELD : SUBA – ST. V
NR. 9.
SEUNS
DOGTERS
SEUNS + DOGTERS
INSKRYWINGSGETALLE
1050
950
850
750
650
550
450
350
250
150
SEUNS + DOGTERS
DOGTERS
SEUNS
1950
1951
1952
1953
1954
1955
1956
1957
1958
1959
1960
1961
1962
1963
1964
1965
1966
1967
1968
1969
1970
1971
JAAR

Nr. 10. U.C.C. LAERSKOOL MURRAYSBURG

KLEURLINGE
INSKRYWINGSGETALLE

SUB A – ST 6.




KLEURLINGE
INSKRYWINGSGETALLE
NR. 11.
LAER U.C.C. ADENDORP
SUB A - ST.5.
SEUNS + DOGTERS
DOGTERS
SEUNS
INSKRYWINGS.
204
188
172
156
140
124
108
92
76
60
44
1950
1951
1952
1953
1954
1955
1956
1957
1958
1959
1960
1961
1962
1963
1964
1965
1966
1967
1968
1969
1970
1971
JAAR

NR. 12. RETIEF GEDENK LAERSKOOL

KLEURLINGE

INSKRYWINGSGETALLE

SUB A – ST. 6



BANTOES

Nr 1.

BANTOE - SEKONDÊRE SKOOL : Sts. 6 – 8 (Vorms I – III)



NR. 2. ADENDORP- LAER BANTOESKOOL INSKRYWINGSGETALLE SUB A – St. 4




NR. 3.
HOBSON KHONYISA - BANTOE - GEMEENSKAPSKOOL : SUB A - ST. VI
SEUNS
DOGTERS
SEUNS + DOGTERS
INSKRYWINGSGETALLE
470
430
390
350
310
270
230
190
150
110
70
1955
1956
1957
1958
1959
1960
1961
1962
1963
1964
1965
1966
1967
1968
1969
1970
1971
1972
JAAR
SEUNS + DOGTERS
SYFERS NIE BESKIKBAAR NIE
NIE BESKIKBAAR NIE
DOGTERS
SEUNS

NR. 4.

INTSIKA- LAER PRIMÊRE RANTOESKOOL INSKRYWINGSGETALLE SUBA - ST. 5




NR. 5.
ISIBANE-(LAER PRIMÊRE) SKOOL
SEUNS
DOGTERS
SEUNS en DOGTERS
SEUNS + DOGTERS
DOGTERS
SEUNS
INSKRYWING
JAAR
450
400
350
300
250
200
150
100
50
1952
1953
1954
1955
1956
1957
1958
1959
1960
1961
1962
1963
1964
1965
1966
1967
1968
1969
1970
1971
1972


NR. 6.
JANSENVILLE BANTOE-PRIMÊRE SKOOL: SUBA-ST. VI
INSKRYWINGSGETALLE
JAAR
SEUNS
DOGTERS
SEUNS + DOGTERS
1956
1957
1958
1959
1960
1961
1962
1963
1964
1965
1966
1967
1968
1969
1970
1971
1972
140
160
180
200
220
240
260
280
300
320
340
360
380
400
420
440
460
480
500
520
540


NR. 7.
LUXOLO - BANTOE - GEMEENSKAPSKOOL : SUB A - ST. VI
SEUNS
DOGTERS
SEUNS + DOGTERS
ONSKRYWINGSGETALLE
410
390
370
350
330
310
290
270
250
230
210
190
170
150
130
110
90
1956
1957
1958
1959
1960
1961
1962
1963
1964
1965
1966
1967
1968
1969
1970
1971
JAAR

NR. 8.

# THEMBALESIZWE - H.P. SKOOL



NR. 9 MURRAYSBURG - BANTOEGEMEENSKAPSKOOL: SUB A — ST. 6.



NR.1.

# RHODES - UNIVERSITEIT.

VRAELYS IN VERBAND MET ONDERWYSAANGELEENTHEDE IN DIE KAROO-DISTRIKTE: ABERDEEN, GRAAFF-REINET, JANSENVILLE-KLIPPLAAT EN MURRAYSBURG.

NAAM EN RANG VAN U SKOOL ..................................
..................................
..................................

IN DIE SKOOLRAADSGEBIED VAN ..................................

Aantal onderwysers in skool (tydelike en permanent) ..................................

---

1. Verstrek asseblief die getal ingeskrewe leerlinge by u skool:
   Seuns: ........................
   Meisies: ........................

2. En die getal standerds in u skool? ..................

3. Verstrek asseblief die getal standerd 10-leerlinge wat ingeskrewe leerlinge in u skool in 1968 was:
   Seuns: ..................
   Meisies: ..................

4. Verstrek asseblief die getal standerd 10's wat by u skool vir 1969 ingeskryf het:
   Seuns: ..................
   Dogters: ..................

5. Verstrek asseblief die getal standerd 8's wat ingeskrewe leerlinge van u skool in 1968 was:
   Seuns: ..................
   Meisies: ..................

6. Verstrek asseblief die getal standerd 8's wat vir 1969 by u skool ingeskryf het:
   Seuns: ..................
   Meisies: ..................

7. Getal leerlinge met huistaal:
   (a) Oorwegend Afrikaans ..................
   (b) Oorwegend Engels ..................
   (c) Albei ..................
   (d) Enige ander en getalle ..................

8. Beskik u oor die dienste van 'n skoolkoshuis:

2/........

Vraag 8 (vervolg):

Ja: ...............
Nee: ...............
In aanbou: ..............

9. Hoeveel leerlinge kan u daarin huisves?

Seuns: ..........
Meisies: ..........

10. Hoeveel leerlinge huisves die koshuis teenswoordig?

Seuns: ...........
Meisies: .........

## O N D E R W Y S E R S.

1. Geslag .................
2. Is u getroud of Ongetroud? (Onderstreep asseblief).
3. Woon u in 'n skoolkoshuis?

Ja: ..........
Nee: ..........

4. Is u in Suid-Afrika gebore?

Ja: .........
Nee: ........

5. Wat is u huistaal?
(a) Oorwegend Afrikaans .............
(b) Oorwegend Engels .............
(c) Albei .............
(d) Oorwegend Duits .............
(e) Oorwegend Hollands .............

6. Waar het u u jeug deurgebring?
Stad .............
Dorp .............
Klein Dorpie (village) ...........
Plaas ...............
Enige ander plek .............

7. Op watter ouderdom het u begin onderwys gee? ..........

8. Oor watter kwalifikasies beskik u?
Graad ...........
Diplomas ...............

9. Onderwysondervinding in jare?

(a) Primêre ..............
(b) Hoër ..............

10. In hoeveel van die volgende skole het u onderwys gegee?

(a) Primêre ..........
(b) Middelbare ..............
(c) Hoër ..............

11. Het u al in 'n groot stad onderwys gegee?

Ja ...........
Nee .............

12. Hoe lank gee u nou op die platteland onderwys ..........

13. Watter van die stad of plattelandse onderwys verkies u? 'n Paar fundamentele redes beknop gestel sal voldoende wees.

..........................................................

..........................................................

14. Watter van die onderstaande bedrywighede het u in die afgelope 5 jaar beoefen? Trek 'n kringetjie om u antwoord:

(a) Verbetering van onderwyskwalifikasies.
(b) Bywoning van opknappingskursusse in
  i) akademiese vakke ..............
  ii) sport ...............
  iii) kadette ................
  iv) kulturele ...............
  v) enige ander ...............
(c) Lidmaat van 'n onderwysersvereniging en bywoning van jaarlikse konferensie(s) van die vereniging gedurende afgelope 5 jaar.
(d) Waardevolle informele besprekings en gedagtewisselings oor die skoolwerk met mede-kollegas en kollegas van naburige dorpe.
(e) Lees onderwystydskrifte gereeld.
(f) Bywoning van 'n kursus of reeks lesings deur die omgangs-inspekteur.

15. Watter onderwys-/opvoedkundige boeke het u in die afgelope jaar gelees en bruikbaar gevind? Spesifiseer asseblief. ..............................................

16. Het u enige korrespondensiekursusse gedurende die afgelope 5 jaar voltooi? Spesifiseer asseblief?

.........................................................

17. Watter voorsiening word daar in die skoolbiblioteek of personeel-biblioteek vir opvoedkundige naslaanwerk gemaak? Lewer asseblief kortliks kommentaar.

.........................................................

.........................................................

18. Met watter korrespondensiekursus(se is u tans besig?

.........................................................

19. Stem u saam dat die onderwyser vir die platteland, behalwe sy gewone opleiding, 'n spesiale opleiding moet ontvang om hom voor te berei vir die behoeftes/probleme van die plattelandse gemeenskap?

Ja ............

Nee ............

Lewer asseblief kommentaar ........................

.........................................................

20. Beskou u dit noodsaaklik dat die opleiding van die plattelandse onderwyser(es) onder andere die volgende moet insluit? Trek asseblief 'n kringetjie om u keuse.

Ja Nee.

1. Plattelandse Onderwysadministrasie.
2. Landelike Sosiologie en Ekonomie
3. Natuurleer en Landbou.
4. Gesondheidsleer vir die Platteland.
5. Boerderyrekords en Boerderyboekhouding.
6. Nywerheidsontwerp en ambagsopleiding.
7. Geskiedenis en Gemeenskapsleer.
8. Landelike Geografie.
9. Huishoudkunde.

21. Is u van mening dat al die bogenoemde of net sommige gegroepeer moet word om bekend te staan as 'n Departement vir Plattelandse Studies by Universiteite en/of Kolleges? Lewer asseblief kommentaar.

.........................................................

.........................................................

22. Is dit nodig en Wenslik dat die ouerhuise en skole op die platteland tot ꞌn simpatieker begrip gebring moet word ten opsigte van hulle gesamentlike verpligtinge in verband met die opvoeding van die kind?

Ja ..............

Nee ..............

Lewer asseblief kommentaar ..............................

..........................................................

23. Op watter maniere kan dit doeltreffend te weeggebring word? (Trek ꞌn kringetjie om u keuse(s).

(i) Onderwysers moet die ouerhuise gereeld besoek om sodoende die belangstelling en samewerking van die ouers te verkry; om alle moontlike inligting in te win omtrent die kind se agtergrond en natuurlike belangstellings.

(ii) Individuele ouers en goedgesindes besoek die skool op eie inisiatief om te sien hoe dit werk.

(iii) Individuele ouers en goedgesindes besoek die skool op afspraak om dit in werking te sien.

(iv) Ouers en ondersteuners besoek die skool as ꞌn georganiseerde liggaam om skooluitstallings of skoolvermaaklikhede te sien.

(v) Ouer-Onderwysersvereniging moet gestig word vir die bestudering van plaaslike probleme en om ouerlike samewerking te verkry.

(vi) Die Plattelandse skoolgebou moet buite skoolure gebruik word as algemene brandpunt van gemeenskapsaktiwiteite.

(vii) Die onderwyser moet intiem saamwerk met al die ander sosiale liggame/werksaamhede soos die kerk, landbouvereniging, kindersorgvereniging, sportliggame ens.

(viii) Skoolkermisse, sport, landbou en kunsvlyt-uitstallings en sovoorts moet vry algemeen oor die hele gebied uitgebrei word.

enige ander ........................................

24. Is die bestaande skoolbiblioteek deeglik toegerus ten opsigte van alle vakke in leerplan verteenwoordig? Lewer asseblief kommentaar. ................................

..........................................................

6/.......

25. Die stigting/oprigting van deeglik toegeruste skoolbiblioteke in plattelandse gebiede is baie dringend?

Ja .............

Nee .............

Lewer asseblief kommentaar ...........................

26. Is die gemeenskapsbiblioteke (openbare) toereikend?

Lewer asseblief kommentaar ...........................

.........................................................

27. Watter van die onderstaande hervormings is die nodigste in die huidige voorgestelde organisasie van die plattelandse skool? Rangskik hulle in volgorde van belangrikheid vir u:

1. ........ (a) Die versekering dat alle plattelandse kinders gelyke onderwysgeleenthede verkry.

2. ........ (b) Om die professionele status van die onderwyspersoneel te verbeter.

3. ........ (c) Die hervorming van plattelandse leerplanne om hulle kulturele en praktiese nut te verhoog.

28. Wat dink u moet (behoort) die doelstellinge van plattelandse onderwys wees. Lewer asseblief kommentaar.

.........................................................

.........................................................

.........................................................

<u>ONDERRIGVERPLIGTINGE.</u>

1. Vir watter standerd gee u onderrig ..............
2. Hoeveel lesse gee u gemiddeld weekliks? ................
3. Verleen u hulp met buitemuurse bedrywighede? ..........
4. Hoeveel tyd per week neem dit in beslag? ............
5. Gee dit vir u nog genoeg tyd om u lesse vir die volgende dag goed voor te berei en om daarby te lees oor u vakke?

   Ja ......

   Nee ......

6. In watter vakke gee u onderrig en vir watter standerds?

.........................................................

.........................................................

7/.......

7. Watter opleiding het u in die vakke? ..................

...........................................................

8. Gee u onderrig in vakke teen u sin? ..................

## DIE SKOOL.

1. Het u die dienste van ŉ behoorlike toegeruste skoolgebou (laboratoria, projektorkamer, biblioteek ens.)? Lewer asseblief kommentaar.

...........................................................

2. Het u ŉ skooltuin? ..............................
3. Beskou u ŉ skooltuin ŉ vereiste by ŉ plattelandse skool?

...........................................................

4. Het u ŉ skoolgrond groot genoeg om te voorsien in die skool se behoeftes?

...........................................................

5. Oor watter speelgrondtoerusting beskik u?

...........................................................

6. Watter watertoevoer het u? ..............................
   Is dit voldoende? ......................
7. Is u ameublement en ander toerusting bevredigend? ......
   Wat het u nodig? .....................................

## INSPEKSIE.

1. Verstrek asseblief die gemiddelde aantal ure wat deur ŉ paneel inspekteurs by u skool deurgebring word

...........................

2. Die gemiddelde aantal ure wat deur die omgangsinspekteur in ŉ jaar by u skool deurgebring word? ................
3. Wat is die besondere werksaamhede van die inspekteurs (paneel en omgangs) tydens so ŉ besoek aan u skool? Rangskik asseblief die onderstaande gedagtes in volgorde van hul belangrikheid vir u skool:

   1. ...... (a) Algemene ondersoeking van die leerlinge se werk ..................
   2. ...... (b) Promoveer of druip die leerlinge ........
   3. ...... (c) Inspekteer die skoolgebou, ameublement en ander toerustig, speelgrond, sanitêre afdelings, koshuis, ens. ..............

8/......

4\. ...... (d) Kyk na die register en neem kennis van bywoning .................

5\. ...... (e) Voorsien onderwysers van advies, wenke, voorstelle ens. ......................

6\. ...... (f) Neem kennis van die rooster en vra die onderwyser uit daaromtrent .............

7\. ...... (g) Woon lesse by wat deur onderwyser gegee word en neem kennis van onderwysmetodes ......................

8\. ...... (h) Ondersoek werkskemas ens. ..............

9\. ...... (i) Doen op konstruktiewe en toereikende wyse verslag oor werk ..................

10\. ...... (j) Het 'n foutvinderige en onvriendelike houding ......................

11\. ...... (k) Onderrig die leerlinge ..................

12\. ...... (l) Lees vorige inspeksieverslae ...........

13\. ...... (m) Doen niks besonders nie ................

14\. ...... (n) Gee 'n lys van geskikte naslaanboeke ..... ........................

15\. ...... (o) Werk word met groot haas uitgevoer ...... ........................

Enige ander opmerkings asseblief ....... ........................................

4\. Gee die inspekteur soms 'n ,model' les of kort demonstrasieles?

Ja ..........

Nee ............

5\. Is dit van noemenswaardige betekenis en hulp vir leerkragte?

Ja .........

Nee .........

6\. Lewer asseblief kortliks kommentaar oor die betekenis in die geheel gesien van so 'n paneelinspeksie by u skool.

.........................................................

.........................................................

## DIE GEMEENSKAP.

1. Is u van mening dat u skool voldoende hulp verkry van die plaaslike gemeenskap? Lewer asseblief kommentaar.

.......................................................

2. Watter plaaslike organisasies is vir u skool van die grootste hulp? Rangskik hulle asseblief in volgorde van belangrikheid.

.......................................................

3. Neem u aktief deel aan enige van bogenoemde organisasies? Gee asseblief besonderhede ..........................

.......................................................

4. Word die skool gebruik vir vergaderings van die gemeenskap? Spesifiseer asseblief.

.......................................................

5. Is daar enige skoolaktiwiteite wat onder beskerming van die gemeenskap staan? Gee besonderhede asseblief.

.......................................................

6. Is u van mening dat die gemeenskap ŉ vooruitstrewende en ryk gemeenskap is of is die teendeel waar?

.......................................................

7. Is u van mening dat daar ŉ behoorlike begrip, besef en waardering aanwesig is by die gemeenskap omtrent die rol van opvoeding en onderwys in die ontwikkeling van die hele individu? Lewer asseblief kortliks kommentaar ..........................................

8. Hoeveel plase word in u skool verteenwoordig? ..........

9. Is u van mening dat daar ŉ sterk gemeenskapgees aanwesig is in u gemeenskap? (bv. gemeenskapsbedrywighede soos vergaderings ens. wat goed ondersteun word).

.......................................................

## TEN SLOTTE.

1. Wat beskou u as die belangrikste probleme en struikelblokke wat u in verband met die plattelandse skool ondervind? Rangskik hulle asseblief onder onderstaande hofies:

(a) Die kinders ........................
(b) Die onderwyser/es ..................
(c) Leergang ...........................
(d) Die skool ..........................
(e) Die gemeenskap .....................
(f) Ander ..............................

2. Watter voorstelle/wenke kan u aan die hand doen vir die algemene verbetering van die plattelandse skool en die aandeel van die onderwyser? Rangskik asseblief u wenke/voorstelle onder die volgende hofies:

(a) Die kinders .......................
(b) Die leerkrag ......................
(c) Die leergang ......................
(d) Die skool .........................
(e) Die gemeenskap ....................
(f) Ander .............................

3. Is u van mening dat die huidige behoeftes van die streek ŉ Landbou-skool regverdig?

1. Ja, al lank al ..........
2. Nee, nie nodig nie .............
3. Onseker ...............
4. In die nabye/verre toekoms wel .......
   (onderstreep asseblief die gekose b. nw. by NR. 4 en trek ŉ kring om u antwoord).

4. Is u van mening dat die huidige behoeftes van u streek ŉ Tegniese Skool regverdig?

1. Ja, al lank al ..........
2. Nee, nie nodig nie .........
3. Onseker .........
4. In die nabye/verre toekoms wel ........
   (Trek asseblief ŉ kring om u antwoord en onderstreep die gekose b. nw. by NR. 4).

5. Dink u dat die huidige behoeftes van die streek ŉ Handelskool regverdig?

1. Ja, al lank al ...........
2. Nee, nie nodig nie .........
3. Onseker ............
4. In die nabye/verre toekoms wel ...........
   (Trek asseblief ŉ kring om u antwoord en onderstreep die gekose b.nw. by NR. 4).

11/......

Sal u asseblief gebruik maak van die „Geen antwoord-kolom slegs as ŉ laaste toevlug.

| | | Stem saam | Verskil | Geen Antw. |
|---|---|---|---|---|
| 1. | Die leerplanne van plattelandse gebiede moet verskil van die stedelike.. | | | |
| 2. | Die leerplanne van die plattelandse gebiede moet rekening hou met die landelike elemente ........................ | | | |
| 3. | Akademiese werk moet belangriker wees as praktiese werk .................... | | | |
| 4. | Die praktiese werk moet voorsiening maak vir die toepassing of illustrering van die wiskunde en wetenskap .... | | | |
| 5. | Die plattelandse skool moet die ekonomiese en sosiale aspekte van die plaaslewe sterk beklemtoon ........... | | | |
| 6. | Die plattelandse onderwyser se opleiding moet verskil van die van sy stedelike teenhanger ................ | | | |
| 7. | Tensy onderwysers met die ondervermelde eienskappe beskikbaar is, kan geen doeltreffende hervormings van die plattelandse skoolwese geskied nie. | | | |
| A. | Moet karaktervas genoeg wees om hulself in die gebiede te <u>onderskei</u> ...... | | | |
| B. | Moet ŉ deeglike begrip hê van die organisasie en bestuur van die voorgestelde nuwe tipe plattelandse skool ................................ | | | |
| C. | Moet kennersbekwaamheid toon ten opsigte van die hantering van die voorgestelde nuwe leergange vir die platteland ........................... | | | |
| 8. | Die plattelandse skool as opvoedkundige inrigting en brandpunt van die gemeenskapslewe kan bydra tot die stuiting van die ontvolking .................... | | | |

| | Sten saam | Verskil | Geen antw. |
|---|---|---|---|
| 9. Die mense van die platteland se geestelike weerstand moet onder andere setel in 'n breë belesenheid en intelligensie wat gegrondves is hul liefde vir God, die huiskring en geboorteland ...................... | | | |
| 10. Die afwesigheid van toegewyde onderwysers wat gewortel is in die plattelandse gebiede is die grootste enkele struikelblok vir die totstandkoming van 'n doeltreffende en doelgerigte plattelandse skoolstelsel ............ | | | |
| 11. Die feit dat iemand in die platteland gebore is en opgegroei het, lewer geen bewys dat hy/sy die behoeftes en probleme van die streek sal verstaan en waardeer nie...................... | | | |
| 12. Daar kan sonder vrees vir teëspraak beweer word dat die teenswoordige onderwyser, hetsy opgelei aan 'n kollege in Platteland of nie, weinig, indien enige feitlike kennis het van die fundamentele ekonomiese en sosiale probleme wat grondliggend is van die landelike lewe .............. | | | |
| 13. Vakke wat tot nou toe onderrig is, het geen verband met die landelike lewe nie ............................ | | | |
| 14. Dis meer ekonomiese as sosiale faktore wat verantwoordelik is vir die verskuiwing na die stede ............... | | | |
| 15. Die plattelandse skool het al baie gely en ly nog steeds as gevolg van die verskynsel .......................... | | | |
| 16. Mense wie se gedagtes stadswaarts neig, het 'n nadelige invloed op plattelandse gemeenskappe ............ | | | |

| | Stem saam | Verskil | Geen antw. |
|---|---|---|---|
| 17. Die isolasie wat voorspruit uit die lewe op die platteland is voldoende om die mense psigologies en sosiaal nadelig te beïnvloed ............... | | | |
| 18. Die selfonderhoudendheid en gevolglike onafhanklikheidsgevoel van die plattelanders het ŉ stremmende uitwerking om as gemeenskap op te tree... | | | |
| 19. Kulturele en ander organisasies bestaan op die platteland en speel ŉ belangrike rol in die vorming van die plattelandse jeug ............... | | | |
| 20. ŉ Plattelandse persstelsel is noodsaaklik vir die voortuitgang van die streek ............................ | | | |
| 21. Stadslewe is meerderwaardiger as die landelike lewe ...................... | | | |
| 22. Onderwys in die stad is meerderwaardiger as onderwys op die platteland .............................. | | | |
| 23. Fundamenteel is daar geen rede waarom plattelandse kinders stadskole moet bywoon nie ..................... | | | |
| 24. Die primêre skool op die platteland moet hom ten doel stel om die plattelandse en stedelike lewe te integreer.. | | | |
| 25. Die nuwe opvatting van plattelandse onderwys behoort gegrond te wees op die gedagte dat die plattelandse skole, onderwys en gemeenskapslewe so georganiseer moet word dat die voordele van so ŉ beoogde stelsel alle mense bereik wat inspirasie en hulp behoef om skynbaar onoorkomelike struikelblokke die hoof te bied. Dit sal terselfdertyd die voordele wees wat ŉ demokratiese bestuursvorm bied .................. | | | |

| | Stem saam | Verskil | Geen antw. |
|---|---|---|---|
| 26. Die plattelandse kerk het 'n prominente aandeel of rol .......... | | | |
| 27. Die invloed van die plattelandse kerk word nie regmatig erken nie ... | | | |

RHODES - UNIVERSITEIT.

NR.2.

ꞌn GIDSSTUDIE.

Vraelys aan Boere in die Jansenville-Klippllaat-distrik.

1. Watter skoolopleiding het u gehad (meld asseblief opleiding van elke persoon). Trek ꞌn kringetjie om u antwoord asseblief.

(a) Geen ........................

(b) st. 1-4 ....................

(c) st. 5-6 ....................

(d) st. 7-9 ....................

(e) st. 10 of gelykstaande .......

2. Het u enige LANDBOU-OPLEIDING gehad? Meld opleiding in die verband van elke manlike en vroulike persoon. (bv. landbou as Hoërskoolvak 2m + lv).

(a) Geen ..................

(b) Landbou as Hoërskoolvak ........

(c) Landbou-hoërskoolopleiding .....

(d) Landboukollege-opleiding .......

(e) Landbou (enige van die vertakkinge) as hoofvak vir Universiteitsgraad ..........

3. Wat doen u om u beroepskennis uit te brei? Trek ꞌn kring om die nommer(s) wat met u antwoord korrespondeer:

(a) Lees baie oor boerdery-aangeleenthede ..........

(b) Is ꞌn intekenaar op ꞌn/verskeie landboutydskrifte(e) ..............

(c) Woon gereeld kursusse oor boerdery by ............

(d) Luister gereeld na „Landbou-radio" ..............

(e) Vertrek soms oorsee om na boerdery daar te kyk ..............

(f) Doen niks nie ..........

(g) Enige ander ..........

4. Leesgewoontes van alle volwassenes:

(a) Op watter van die volgende landboutydskrifte is u ꞌn gereelde intekenaar (merk x)?

1. Boerdery in Suid-Afrika ........
2. Landbouweekblad ...............
3. "Farmer's Weekly" ............
4. Wolboer ......................
5. Meld enige ander .............
6. "Georganiseerde Landbou" .......

2/.....

(b) Op watter dagblaaie en ander tydskrifte uitgesonderd Landbou-tydskrifte, is u ŉ gereelde intekenaar?

Verstrek name asseblief:

..................................................

(c) Hoeveel landboukundige handboeke besit u, veral wat betrekking het op u tipe boerdery? Trek asseblief ŉ kring om die nommer wat korrespondeer met u antwoord:

1. Geen .............
2. 1-3 .............
3. Meer as drie ............. dui werklike getal aan.

5. Beskik man, vrou of kinders op u plaas oor enige ander graad uitgesonderd ŉ landbougraad? Merk X in toepaslike ruimte:

| | Ja graad | Ja Diploma | Graad en Diploma | Geen |
|---|---|---|---|---|
| Man | | | | |
| Vrou | | | | |
| Bywoner/ Voorman | | | | |
| Kinders: 1. | | | | |
| 2. | | | | |
| 3. | | | | |
| 4. | | | | |
| 5. | | | | |

6. (a) Verstrek spesifieke graad of diploma of albei:

1. Man ...........
2. Vrou ..........
3. Kinders .......
4. Bywoner/voorman ........

6 (b) Verstrek asseblief die rigting waarin die graad/ Diploma of albei behaal is:

..................................................

Man: ...............

Vrou: ...............

Voorman: ............

Kinders: 1...........2............3..........4..........

3/......

7. Wie bepaal watter opleiding die kinders moet kry of watter beroep hulle moet volg? Trek kring om u antwoord:

   1. Ouers
   2. Kind
   3. Ouers en kind
   4. Familielede
   5. Onderwyser
   6. Ouers en Onderwyser
   7. Enige ander party, meld asseblief .............

8. Wat dink u is die belangrikste:

   1. Dat die kinders so ver moontlik moet leer .........
   2. Dat die kinders so gou moontlik moet verdien in ŉ werk ............
   3. Dat die kinders, indien seuns, so gou moontlik in ouers se onderneming (boerdery) opgeneem moet word ..............
   4. Enige ander siening, meld asseblief ...........

9. Waarmee sou u by die opleiding van u dogter, of indien u ŉ dogter gehad het, die meeste rekening hou? Trek ŉ kring om u antwoord:

   1. Dat sy ŉ goeie en bekwame huisvrou word
   2. Dat sy ŉ deeglike beroepsopleiding ontvang
   3. Dat sy ŉ deeglike akademiese opleiding ontvang
   4. Gee nie eintlik om nie/onseker
   5. Enige ander, meld asseblief ..............

10. (a) Stuur u u kind(ers) weg na ŉ skool in ŉ ander distrik of stad? Trek kring om u antwoord:

       1. Ja.
       2. Nee.

    (b) Indien „Ja" is dit omdat: Trek asseblief ŉ kringetjie om die regte antwoord(e).

       1. U plaaslike skool ontoereikende personeel het?
       2. U plaaslike skool ontoereikende toerusting het?
       3. Dit by u plaaslike skool ontbreek aan prestige?

11. Is u van mening dat die meer begaafde kinders uit u distrik weggestuur word na skole in groter stedelike sentra?

   1. Ja
   2. Nee
   3. Weet nie.

12. As u JA antwoord, is dit u mening dat dit ŉ nadelige uitwerking het op die onderwys in u gebied?

    1. Ja.
    2. Nee.
    3. Weet nie.

13. (a) Is u ŉ lid (aktief) van u naaste dorp se Provinsiale of Munisipale biblioteek? Trek ŉ kring om u antwoord:

    1. Ja.
    2. Nee.
    3. Getal lede ........ Getal wat nie lidmaat is nie ..........

    (b) Indien <u>Nee</u>, verstrek asseblief kort redes vir u antwoord:

    ...................................................

    ...................................................

14. Wat is u gewildste leesstof (bv. fiksie, nie-fiksie, vaklektuur ens.)? Meld asseblief elke lid s'n:

    1. Man .................. 2. Vrou ..............
    3. Kind .................. 4. Kind ..............
    5. Kind .................. 6. Kind ..............

15. Dra u sorg dat u net die „goeie" uit die biblioteek lees om sodoende vir u kinders ŉ voorbeeld t.o.v. goeie smaak by boeke, te stel? Trek ŉ kring om u antwoord:

    1. Ja.
    2. Nee.
    3. Het nog nooit daaraan gedink nie.
    4. Gee nie om nie.

16. Besef u dat u u beroepskennis d.m.v. die biblioteek (veral die naslaanafdeling) kan uitbrei? Trek ŉ kring om u keuse:

    1. Doen dit wel
    2. Dink nooit eintlik in terme daarvan nie
    3. Stel nie belang nie
    4. Die biblioteek kan <u>nie</u> in so ŉ behoefte voorsien nie.

17. Na watter standerd stuur u u kind weg? Trek ŉ kring om u keuse:

    1. Vanaf Sub A.
    2. St. 5

3. St. 6
4. St. 8
5. Stuur nie weg nie.

18. (a) Neem u deel aan ŉ sportsoort(e) of enige verwante ontspanningsaktiwiteit?

1. Ja. 2. Nee.

(b) Hoeveel tyd spandeer u aan die genoemde sport of ontspanningsbedrywigheid. Meld so presies moontlik in <u>ure</u> asseblief.

..................................................

19. (a) Stel u aktief belang in opvoedkundige besienswaardighede? Trek asseblief ŉ sirkeltjie om u antwoord:

1. Ja.
2. Nee.
3. Enige ander mening; spesifiseer asseblief.........

(b) Neem u u kind(ers) gereeld na sulke opvoedkundige besienswaardighede in die Republiek? Trek asseblief ŉ sirkeltjie om u antwoord:

1. Dikwels. 2. Soms. 3. Nooit.

20. Beskou u die oprigting van Nywerhede/Fabrieke (tersiêre) in u streek absoluut noodsaaklik as die Oranje-skema toestande sou verbeter?

1. Ja absoluut ..........
2. Dis nie moontlik nie ..............
3. Dit hang af ................
4. Stel nie belang nie ...............

21. (a) Watter soort nywerhede/fabrieke beskou u as geskik vir u streek. Spesifiseer asseblief kortliks

__________________________________________________

__________________________________________________

(b) Gee kortliks redes vir u keuse(s) hierbo

..................................................
..................................................

22. Moedig u u kinders (veral seuns) aan om in u beroep as boer belang te stel (bv. ŉ seun te wys wat/hoe ŉ goeie ram/ooi is ens.)? Trek ŉ kring om u keuse.

1. Ja, gereeld.

6/........

2. Ontmoedig hom
3. Nee, werk hou my te besig
4. Nog nie so daaraan gedink nie.

23. Dink u dat die huidige behoeftes van die streek 'n Landbou-skool regverdig? Trek 'n kring om u keuse:

1. Ja, al lank al
2. Nee, nie nodig nie
3. Nie seker nie
4. In die toekoms wel

24. Dink u dat die huidige behoeftes van u streek 'n Tegniese skool regverdig? Trek 'n kring om u keuse:

1. Ja, al lank al
2. Nee, glad nie
3. Nie seker nie
4. In die toekoms wel

25. Is u van mening dat die huidige behoeftes van die streek 'n Handelskool regverdig? Trek 'n kring om u keuse:

1. Ja, al lank al
2. Nee, glad nie
3. Nie seker nie
4. In die toekoms wel

26. Aan watter van die ondergenoemde Verenigings neem u <u>aktief</u> deel? Trek 'n kring om u keuse(s):

1. Dramavereniging.
2. Spraak- en Voordragvereniging
3. Leeskring
4. Debatsvereniging
5. Musiekvereniging
6. K.J.V.
7. Christian Youth Movement
8. Teken - of Skildervereniging
9. Rapportryers
10. Skakelkomitee
11. Sakekamer
12. Enige ander liggaam wat kultuurbevorderend is (noem die naam) ..................................

27. Is u van siening dat ŉ gemeenskapsprogram vir kultuurbevordering vir u gemeenskap beplan moet word om te voorsien in die mense se spesifieke behoeftes en belangstellings? Trek ŉ kring om u keuse:

1. Ja.
2. Nee.
3. Weet nie.

28. Indien „Ja", spesifiseer asseblief:

.......................................................

29. Is u van mening dat ŉ gemeenskapsopname so ŉ program moet voorafgaan om die behoeftes en belangstellings v.d. mense vas te stel? Trek ŉ kring om u keuse:

1. Ja.
2. Nee.
3. Weet nie.

30. Is dit u mening dat die feite deur so ŉ opname verkry, gebruik moet word as basis vir die interpretering van werklike behoeftes v.d. gemeenskap? Trek ŉ kring om u keuse:

1. Ja.
2. Nee.
3. Weet nie.

31. Sal u volkome gewillig wees om deel te neem aan so ŉ voorgestelde opname en programopstelling? Trek ŉ kring om u antwoord:

1. Ja.
2. Nee.
3. Weet nie.

BRONNELYS (Geselekteerd)

Boeke, Verslae, Publikasies, ens.

ASHBY, M.K., 1929, The Country School, its Practice and Problems, Oxford University Press, Humphrey Milford, London.

ASHBY, A.W. en BYLES, P.G., 1923, Rural Education, Oxford University Press, Oxford.

BLUMENFELD, J.P., 1973, The Economic Structure, synde Vol. 4, Survey of the Cape Midlands and Karroo Regions, I.S.E.N., Rhodes-Universiteit, Gepubliseer deur die Departement van Beplanning, Pretoria.

COOK, G.P., 1971, Towns of the Cape Midlands and Eastern Karroo, synde Vol. 2, Survey of the Cape Midlands and Karroo Regions, I.S.E.N., Rhodes-Universiteit, Gepubliseer deur die Departement van Beplanning, Pretoria.

FOGHT, H.W., 1920, The Rural Teacher and his Word, The MacMillan Company, New York.

HIRST, P.H. en PETERS, R.S., 1970, The Logic of Education, Routledge & Kegan Paul, London.

HORRELL, M., 1966, A survey of Race Relations in South Africa, South African Insitute of Race Relations, Gedruk deur Natal Witness (Edms.) Bpk., Pietermaritzburg.

MALHERBE, E.G., 1932, Onderwys en die Armblanke, Deel 3, Onderwysverslag, Verslag van die Carnegie-Kommissie, Pro Ecclesia-drukkery, Die Laan, Stellenbosch.

MALHERBE, E.G., CARSON, J.J.G. en RHEINALLT, J.D., 1937, Educational Adaptations in a Changing Society, Report of the South African Education Conference held in Cape Town and Johannesburg in July, 1934, under the anspices of The New Education Fellowship, Juta & Co., Ltd.

MÖHR, L.V., 1971, Present Facilities and Future Plans in Coloured Education: A survey, Education for Progress, South African Institute of Race Relations (Inc.), Johannesburg.

MORTON, D.M., 1971, Educational Facilities and Needs of the Cape Midlands and Karroo Area, unpublished summary report, Survey of the Cape Midlands and Karroo Region, I.S.E.N., Rhodes-Universiteit, Grahamstad.

SAUNDERS, A.R., 1930, Higher Agricultural Education, Oxford University Press, London.

TRUU, M.L., 1971, Human Resources in the Cape Midlands, synde Vol. 3, Survey of the Cape Midlands and Karroo Regions, I.S.E.N., Rhodes-Universiteit, Gepubliseer deur die Departement van Beplanning, Pretoria.

Tweede verslag van die Kommissie van Ondersoek na die Landbou (Verslag Nr. 84/1970).

VAN DER MERWE, C.F., 1969, Die Afrikaanse Landelike en Stedelike Gesin: 'n Vergelykende Ondersoek, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Instituut vir Sosiologiese Navorsing, Pretoria.

<u>VERDER</u>:

Briewe en Verslae van Skoolhoofde, Skoolinspekteurs, Departemente van Onderwys van die drie hoofbevolkingsgroepe.

Eeufeesboeke van Murraysburg: "Murraysburg Honderd Jaar oud 1855 - 1955".
Aberdeen: 1855 - 1955.

Skoolblaaie en Skoolkoerante.